# P L U R A L I S M E

## IN

## S T A A T EN K E R K.

BAND II.

VERVOLG VAN HOOFSTUK VII. I.

II. PLURALISME (PLURIFORMITEIT) OP KERKLIKE

G E B I E D.

The University of Cape Town

The copyright of this thesis is held by the University of Cape Town.
Reproduction of the whole or any part may be made for study purposes only, and not for publication.

## II. PLURALISME OP KERKLIKE GEBIED (PLURIFORMITEIT).

Die genealogiese samehang van die mensheid wat gekonsipieer is uit die skeppingswaarheid dat die mensheid „uit een bloed" geskape is, harmoniseer in ideële sin nie met die konsepsies van aparte state, kerke en ander korporasies in die samelewing nie.

'n Ware politieke en kerklike realisasie van die organiese eenheid van die mensheid sou een gewees het waarin die staat in een wêreldryk en die kerk in een wêreldkerk die hele mensheid sou omvat het.

Waar dit geensins die geval is nie en waar ons in hierdie hoofstuk meer bepaald op die kerklike sy van sake wil konsentreer moet ons t.o.v. bogenoemde vasstel waarom daar dan 'n veelheid van kerke in die wêreld is en nie net een wêreldkerk nie m.a.w. ons sal moet vasstel wat die metafisiese grondslae van konsepsie van die pluriformiteit van die kerk is.

### A. GRONDSLAE VAN PLURIFORMITEIT.

As eerste grondslag behandel ons -

### 1. DIE BEGINSEL VAN SKEPPINGSVERSKEIDENHEID.

Dit is aksiomaties dat daar oral in die skepping verskeidenheid temidde van eenheid op te merk is.

Hier kry ons te doen met die bekende gedagterigting van Calvyn dat in God nie alleen die ryke verskeidenheid van die heelal te vind is nie maar ook die harmonieuse eenheid.

In die Heilige Skrif het God Hom in drie onderskeie persone geopenbaar. Dit is o.i. die grondslag van alle opvallende eenheid en verskeidenheid in die skepping.

In verband met die herskepping van die mens uit sy toestand van die Sondeval het Christus hom weer as waaragtig God en ook as waaragtig regverdig mens geopenbaar. Ook hier het ons 'n Allerheiligste geval van eenheid in verskeidenheid, en dit is o.i. die grondslag van die universele verskynsel van eenheid en verskeidenheid in die ryk van Genade.

Eenheid en verskeidenheid tref 'n mens in alle lande en onder verskillende volke met 'n verskeidenheid van tale, agtergrond en tradisie, ontwikkeling en beskawing aan.

Ook op die gebied van die menslike gees en die menslike lewe is daar 'n ryke verskeidenheid op te merk. Met die opkoms van die Renaissance, die Humanisme, die Liberalisme, die geëmansipeerde natuurwetenskap en die Hervorming

............ gedurende ......

gedurende die 15e en 16e eeue, het daar 'n emansipasie van die menslike gees en persoonlikheid plaasgevind en dit het 'n ryke verskeidenheid ook op kerklike gebied in die hand gewerk. Dit was veral die hervorming wat die mens regstreeks voor God verantwoordelik gemaak het en hom geleer het om aan God meer gehoorsaam te wees as aan mense m.a.w. om vry te wees onder sy medemense. Ook met die gedagte dat die mens as vrye wese niks teen die eie gewete moet doen nie, het daar 'n radikale verandering in die geesteslewe van die mens begin intree. Die indiwiduele en sosiale sy van die menslike lewe het op die voorgrond gekom en so het op alle terreine en veral ook op kerklike gebied differensiasie begin intree. Hierdie natuurlike verskynsel van differensiasie of groepvorming het op kerklike gebied mettertyd tot openbaring gekom in 'n menigte van kerke en selfs godsdienstige versplinteringe.

Die vraag of hierdie verskynsel van differensiasie op kerklike gebied nie die liggaam van Christus d.w.s. die Unio Mistica verbreek het nie behandel ons in 'n latere hoofstuk. Hier konstateer ons net die beginsel van die skeppingsverskeidenheid as grondslag vir „pluriformiteit" van die kerk.

Die verskeidenheid van die geïnstitueerde kerk van Christus is dus eerstens te verklaar uit die feit dat die kerk as die totaliteit van alle ware gelowiges oor die hele wêreld in verskillende lande; onder verskillende volke en temidde van wyduiteenlopende omstandighede versprei is en gevolglik geen geïnstitueerde eenheid kan uitmaak nie. Die Christelike kerk agter die ystergordyn in Oos-Duitsland kan vandag byvoorbeeld geen institutêre eenheid met die res van die kerk vorm nie.

2. DIE DISINTEGREERENDE MAG VAN DIE SONDE.

As daar geen sonde was nie sou die ware realisasie van die organiese eenheid op kerklike gebied 'n organiese eenheid gewees het waarin die kerk as wêreldkerk alle gelowiges sou omvat het. Die disintegrerende mag van die sonde het egter die mensheid verdeel en die eenheid van die mensheid verbreek.

Sonder die sondeval sou daar geen georginiseerde kerk of staat, geen skismatiese grense van verdeeldheid, geen ordenende grense vir organisatoriese doeleindes, geen groepvorming as basis van die vryhede van die volk en die

....... kerk .......

kerk gewees het nie. Daar sou geen noodsaaklikheid vir plaaslike administratiewe en dissiplinêre bestuursliggame gewees het nie en dit alles omdat daar onder so 'n ideale toestand van sake geen staat of kerk met hulle eiesoortige samestelling, doelstellings en aktiwiteite sou gewees het en hoef te gewees het nie.

Die sonde het dus verdeeldheid gebring en verdeeldheid het eiesoortige ontwikkeling tot gevolg gehad ook op kerklike gebied.

## 3. DIE OPKOMS VAN DIE VRYHEIDSGEDAGTE.

Die Calvinisme verteenwoordig geensins uitsluitlik 'n kerklike en dogmatiese beweging nie. Daarvan getuig die politieke veranderinge wat dit teweeg gebring het in die drie historiese lande van politieke vryheid, naamlik die Nederlande, Engeland en Amerika en waarsonder ook die kerk nie vry sou gewees het nie. Elke waardige historikus sal die woorde van Bancroft bevestig :- "The fanatic for Calvinism was a fanatic for liberty, for the moral warfare for freedom, his creed was a part of his army and his most faithful ally in the battle. ∅

Dit stem ooreen met die bekende woorde van Groen van Prinsterer dat die oorsprong en waarborg van ons konstutusionele vryhede in die Calvinisme geleë is.

Om hierdie stellinge te bewys is dit nodig om aan te toon watter fundamentele politieke konsepsies die Calvinisme na vore gebring het en hoe hierdie politieke konsepsies uit die gesonde wortel van die Calvinisme opgebloei het en vryheid op die gebied van kerk en staat gebring het.

Die grondliggende Calvinistiese beginsel in diè verband is een van die wydste kosmologiese omvang nl. die soewereiniteit van die Drieënige God oor die hele kosmos in al sy vertrakkinge en lewensuitinge.

Hierdie Goddelike soewereiniteit straal dan weer af in 'n drievoudige afgeleide soewereiniteit, naamlik

1. Die soewereiniteit van die staat.
2. Die soewereiniteit van die gemeenskap, en
3. Die soewereiniteit van die kerk. ∅∅

...... Soewereiniteit .....

∅ Bancroft : History of the United States of America. Fifteenth Ed. Boston 1853. p. 464.

∅∅ Kuyper Dr. A : Six Stone Lectures. Kampen & J.H.K. DEK. 1898.

Soewereiniteit bring vryheid - gevolglik is die staat, die maatskappy en die kerk soewerein en vry in hulle eie kring onder die soewereiniteit van God.

Die waarborg vir hierdie staatkundige, kerklike en maatskaplike vryhede is, wat die mens betref, nie geleë in die indiwidu self nie maar in selfstandige groepvorminge of korporasies in die volkslewe en kerklike lewe en omdat volgens Aristoteles, terwille van doeltreffendheid, 'n kleiner mate van eenheid beter is as 'n groter mate van eenheid daarom is die pluralistiese lewenspatroon soos dit in die Westerse beskawing gerealiseer is, nie allen geoorloof nie maar noodsaaklik vir die handhawing van die vryhede van die mensheid.

Hierdie vryhede het aanleiding gegee tot onafhanklike en gedifferensieerde staatkundige en kerklike instellings in die verskillende lande van die wêreld met hulle verskille van volk en taal, beskawing en tradisie. Vryheid van Godsdiens is dus 'n uiting van die vrye gees van die mens in vrye lande.

In Rooms-Katolieke en Lutherse lande waar die staatkerkidee oorheersend is, is daar nagenoeg geen verskeidenheid van Christelike kerke te bespeur nie maar byvoorbeeld in die Calvinistiese Nederlande het dit vanaf die vroegste tye gedy.

In die tye van geloofsvervolginge was die Nederlande 'n hawe van veiligheid vir diegene wat vervolg was. Die Jode het daar geestelike gasvryheid geniet; die Lutherane is in ere gehou; selfs die Roomskatolieke en Arminiane is vryheid van godsdiens gegun. Die Purityne wat van Engeland weggedrywe was het daar 'n tuiste gevind en van dieselfde Nederland het die Mayflower met die Puritynse Pelgrim Vaders aanboord die historiese vaart na Amerika in die jaar 1620 onderneem en in Desember van daardie jaar in Amerika voet aan wal gesit waar hulle 'n lewe kon maak en God kon dien soos hulle wou.

Die opkoms van die vryheidsgedagte lê dus ten grondslag van die veelvoudigheid van die kerk.

'n Ander metafisiese grondslag van die „Pluriformiteit" van die kerk is :-

4. <u>DIE GEROEPENHEID VAN DIE KERK OM HOM VOORT TE PLANT</u>.

Die kerk van Christus is in die eerste plek die gemeenskap van diegene wat deur die geloof in Christus en deur die lewe in Hom verenig is.

....... Daarby ....

Daarby is hierdie gelowiges en geheiligdes in Christus ook Sy geroepenes wat die Christelike geloof moet voortplant in 'n verskeidenheid van lande oor die hele wêreld.

As gevolg van hierdie sending van die Christelike kerk na alle lande van die wêreld is dit eie aan die kerk om hom in verskillende lande in verskillende kerkgenootskappe te openbaar. Hierby moet ook gevoeg word dat eiesoortige groepvorminge deur vry mense in onderskeie lande en tussen verskillende volkere uit die aard van die saak ook die geopenbaarde waarhede van God op eiesoortige wyse kon interpreteer.

Die interpretasie van die waarheid deur onvolmaakte mense kan tog nooit identies met die waarheid wees nie en daarom is dit voor-die-hand-liggend dat verskillende interpretasies van die Christelike waarhede deur vry mense in verskillende lande en selfs in dieselfde land tot die ontstaan van verskillende kerke kan lei.

Dit het op grootskaal in die verlede plaasgevind. Reeds in die jaar 1054 is byvoorbeeld die breuk tussen die Westerse en die Oosterse Kerk o.a. as gevolg van ingrypende leerverskille voltrek. Die Westerse kerk het vasgehou aan die stelling dat die Heilige Gees uitgaan van die Vader en van die Seun (filioque). Daarmee het hulle die misterie van die verhouding van die Triniteit probeer weergee.

Die patriarge van Konstantinopel, Alexandrië, Antiochië en Jerusalem het daarteenoor geleer dat die Heilige Gees alleen van die Vader uitgaan en daarmee het hulle die leer van die Drieëenheid aangetas.

Die „Groot Skisma" wat deur hierdie stryd in die kerk veroorsaak is is nooit geheel nie.

Ook in die Westerse kerk het, soos ons weet, sedert die hervorming van die 16e eeu eiesoortige ontwikkeling plaasgevind veral as gevolg van diepgrypende meningsverskille i.v.m. die grondwaarhede van die Bybel.

Verskil in interpretasie van die Bybelwaarhede is dus een van die grondoorsake van die verdeeldheid (pluraliteit) van die kerk.

In hierdie verband wys Dooyeweerd tereg daarop dat daar verskil is tussen die verdeeldheid van kerke en die „Pluriformiteit" of verskeidenheid van kerke.

...... As kerke ....

As kerke volgens hulle innerlike konfessionele struktuur één is dan kan hulle ten spyte van hulle uiterlike verskeidenheid alleen as variabiliteitstipes van dieselfde kerk beskou word. Hy skrywe :- "Nationality, the State's order, local customs and manners, etc. can only give the positive form of the church-institution an external variability type, but they should never affect the real internal structure of the different church formations. As soon as such external factors dominate the factual internal relations within the ecclesiastical community, the church-institution is radically deformed. The "pluriformity of the Church" can only be justified in the sense of external variability types of ecclesiastic forms, but never on the ground of their internal structure." $

Die implikasie wat hieruit voortvloei is dat aparte kerke of anders gestel, variabiliteitstipes van dieselfde kerk wat op dieselfde konfessionele grondslag berus maar wat tog as gevolg verskil van taal, nasionaliteit, sosiale stand ens., verkies om korporatief, selfstandig en apart te groepeer, gewettig is. Volgens Dr. J.D. Dengerink $$ bestaan daar tans in Amsterdam b.v. 'n groot behoefte aan 'n spesiale aparte gemeente vir die werkende klasse van daardie stad wat moontlik ook as gevolg van die standeverkille in Nederland op onrusbarende wyse nie meer inskakel by die res van die Nederlandse kerke nie. Hy meen dat daar baie ernstig gedink moet word aan die stigting van sodanige gemeentes van die werkende klasse en dat sodanige gemeentes dan as variabiliteitstipes van die ander kerke beskou sal kan word waarteen prinsipieel niks in te bring sal kon word nie.

Na die vasstelling van die grondslae van die konsepsie van die „pluriformiteit" van die kerk is dit nodig dat ons die probleem van die „pluriformiteit" van die kerk self sal behandel.

## B. DIE WESE VAN DIE PLURIFORMITEIT.

In die pluralistiese uitinge van die kerk soos 'n mens dit in die wêreld waarneem is daar die probleme van uniformiteit, pluriformiteit, pluraliteit en ander aanverwante probleme wat behandel moet word.

$ · Dooyeweerd, H. The New Critique A.W. III p.p. 558, 559. UNIFORMITEIT ......

$$ In onderhoud met Dr. Dengerink aan die Vrye Universiteit te Amsterdam in Mei 1961.

1. UNIFORMITEIT VAN DIE KERK.

Die uniformiteit van die kerk beteken sy eenvormigheid - nie alleen geestelik in sy wese nie maar ook sigbaar in sy vorm naamlik in sy belydenis, organisasie, erediens ensovoorts. Die Roomse kerk het steeds vasgehou aan die opvatting dat die onsigbare en sigbare, die wese en vorm van die kerk vereenselwig moet word as die een wêreldkerk onder die sigbare hoof, die Pous.

Hierteenoor het die Protestantisme deurgaans geglo in:

2. DIE „PLURIFORMITEIT" VAN DIE KERK.

Onder die term pluriformiteit van die kerk moet in gereformeerd-teologiese taal verstaan word die meervoudigheid van die kerk of die feit dat meer as een kerk langs mekaar en teenoor mekaar staan.

Ons staan nou eenmaal voor die feit dat 'n veelheid van kerke in die wêreld hulle as die kerk van Christus aandien.

Rondom hierdie feit van die „verschillende kerkgemeenschappen die niet leven in institutêr verband" ∅ bestaan die vraagstukke van die pluriformiteit en die pluraliteit van die kerk.

Die pluriformiteit of veelvormigheid van die kerk druk uit 'n blote verskil in vorm tussen kerke wat wesenlik een is. Waar egter gehandel word oor die verdeeldheid of pluraliteit van die kerk is dit 'n saak wat ook die wese van die kerk aangaan omdat daar o.a. ingrypende leerverskille kan wees.

Om tot 'n juiste begrip van die verskynsel van differensiasie op kerklike gebied te kom moet eers die term „pluriformiteit" van die kerk onder die soeklig geplaas word.

En dan moet ons wys op die insiggewende woorde van Prof. Vollenhoven van die Vrye Universiteit Amsterdam in dié verband naamlik : „Die betekenis van die woord „pluriformiteit" is deur die heidense wysbegeerte bepaal. Grondliggend van hierdie begrip is dat dit spruit uit die Griekse

....... vorm-materie ...

....160/ beginsel ..........

∅ Praasma L : Artikel in „De Kerk in het dogma der kerk" Onder redaksie van Prof. G.C. Berkhouwer. Groningen, 1949. bl. 505.

beginsel met die gedagte aan 'n geheel met sy dele of ondergeskikte vorme soos b.v. in die geval van 'n hand met sy verskillende vingers wat alleen onderafdelings van die hand as geheel is. ∅

Volgens sy letterlike, „Aristoteliaanse" betekenis van die geheel en sy ondergeskikte dele of vorme kan die pluriformiteitsgedagte die implikasie hê dat die kerk van Christus wat geestelik 'n geloofseenheid met Christus vorm ook organisatories van bo af in 'n veelheid van kerke gekonstrueer is terwyl die eg-reformatoriese opvatting van die ontwikkeling van die kerk basies op die beginsel van plaaslike korporatiewe selfstandigheid tot stand kom; 'n komplete sigbare openbaring van die kerk van Christus op 'n sekere plek vorm en dan gaandeweg op sekere grondslae kerkverband met ander kerke soek.

Prof. Vollenhoven gee aan die hand dat daar veel liewer van die verskeidenheid van die Christelike Kerke gepraat sal word in plaas van die „pluriformiteit" van die kerk sodat daar van huis uit geen gevaar kan bestaan vir die dwaalbegrip dat die kerk van Christus oorspronklik en basies 'n organisatoriese eenheid was en behoort te wees nie maar wel dat die kerk basies op 'n gedesentraliseerde grondslag georganiseer is en van onder af verwyderde kerkverband soek en vind.

Die gevaar waarvan ons so pas gewag gemaak het naamlik om selfs in ons pluriformiteitsbegrip onbewus uit te gaan van die grondgedagte van 'n oorspronklike superorganiese eenheid van die kerk wat dan na die eis van omstandighede in ondergeskikte dele of vorme verdeel word is o.i. nie denkbeeldig nie.

In die woorde van 'n gesaghebbende teoloog soos Polman skuil o.i. byvoorbeeld hierdie gevaar waar hy skrywe:-

„Het N. Testament kent slechts een kerk, een lichaam onder het ene Hoofd Christus. Er is wel pluriformiteit zooals er in het lichaam de veelvormigheid is van oor en oog, hand en voet maar deze verscheidenheid verstoort de eenheid van het lichaam niet." ∅

161/........ Hieruit mag ......

∅ Woorde van Prof. Vollenhoven tydens 'n onderhoud wat ons met hom in Junie 1961 te Amsterdam, Nederland gehad het.

∅∅ Christelike Encyclopedie Deel V p. 473.

Hieruit mag gekonkludeer word dat ook die sigbare kerk as geheel basies op eenheid berus en nie op verskeidenheid nie.

In die Rapport wat in 1959 voor die Generale Sinode gedien het en deur die Sinode aanvaar is word byvoorbeeld ook gesê :- „De eenheid der kerk als het mystieke lichaam van Christus is een van God geschonken werkelykheid. Daaraan moet de eenheid in het zichbare uitwendige organisatorische leven der kerk beantwoorden." ∅

Hiervolgens word die eis gestel dat die onsigbare geestelike eenheid van die kerk moet korrespondeer met die sigbare organisatoriese openbaring daarvan in die wêreld.

Dit kan alleen geskied as aan die term pluriformiteit die betekenis geheg word van 'n veelvormigheid van kerke wat van bo af gekonstrueer is en wat dan godskiks sy pluriformiteitskarakter kan verloor om 'n uniformiteit of een organisatoriese eenheid te vorm.

Hierdie toestand van sake kan nie ontstaan as daar uitgegaan word van die eg-reformatoriese standpunt dat die kerk van Christus basies op die beginsel van plaaslike korporatiewe selfstandigheid ontstaan het en dat elke plaaslike kerk 'n komplete, selfstandige kerk van Christus op 'n sekere plek is nie.

In so 'n geval kan daar geen sprake wees van absolute organisatoriese uniformiteit van die kerk van Christus nie.

Soos ons pas daarna verwys het, het die kerke van die Protestantisme basies op die grondslag van korporatiewe selfstandigheid of plaaslike outonomie ontstaan en is daar gaandeweg volgens vaste beginsels en sover as wat dit prakties moontlik was verwyderde kerkverband gesoek en gevind maar sodat die eenheid van onder af op die basis van vrye kontrakverband tot stand gebring is en nie op absolutistiese wyse van bo af gekonstrueer is nie. Dit kan ook van die eerste Christelike kerke of gemeentes gesê word.

C. <u>BEWYSVOERING VIR DIE VERSKEIDENHEID VAN DIE KERKE.</u>

As motivering van ons standpunt van die outonomie of

162/ ......... beter gesê ......

∅ Rapport insake Ecumeniciteit en Pluriformiteit aangeboden aan de Generale Synode van Utrecht 1959. p. 29.

Die Skrif leer baie duidelik - en dit is van die uiterste belang - dat Christus die sintese is tussen die onsigbare kerk en die sigbare, algemene kerk sowel as dat Hy die sintese is tussen die onsigbare kerk en elke plaaslike selfstandige kerk in besonder.

Hiervan getuig die volgende :-

Christus het volgens Mat. 16:18 van Sy kerk in die algemeen gepraat maar volgens Mat. 18:16 het Hy weer van elke plaaslike openbaring van Sy kerk as 'n selfstandige komplete kerk gepraat. Hy beloof Sy teenwoordigheid nie alleen aan die ganse kerk of aan Sy verteenwoordigende „liggaam" op 'n sekere plek nie maar ook aan die geringste groepering van Sy gelowiges, want „waar twee of drie in My naam vergader is, daar is Ek onder hulle" (Mat. 18:20).

Aan die plaaslike kerk ken Christus volgens Mat. 18:17 ook die volle reg tot tugoefening met inbegrip van die ban toe.

Hierdie plaaslike gemeente wat verseker is van die krag en die teenwoordigheid van Christus en aan wie regeermag en tugoefening toegeken is, is mits dien 'n volledige openbaring van die kerk van Christus op 'n bepaalde plek.

Christus is dus die sintese tussen die onsigbare kerk en die sigbare kerk in die algemeen sowel as die plaaslike, outonome kerk in die besonder. Hoofsaak is dus beslis nie die horisontale eenheisband tussen kerke sodat hulle saam een geïnstitueerde kerk sal vorm wat 'n identiese eenheid met die onsigbare kerk sal uitmaak nie maar 'n vertikale eenheidsband tussen elk van die afsonderlike selfstandige kerke en Christus die Hoof, en daaruit voortvloeiende sover as moontlik 'n horisontale kerkverband.

2. <u>TEOLOGIESE BEWYSVOERING.</u>

<u>Die verband tussen plaaslike en **Algemene kerk**.</u>

Om verder aan te toon dat die noodsaaklike sigbare eenheid van die kerk op die basis van vrye kontrakverband tot stand gebring is en nie absolutisties van bo af ingestel is nie, behandel ons nou kortliks die gereformeerde opvatting van die ontwikkeling van die kerkverband, uit vryheid gebore.

1. <u>Die wese van die Christelike kerk.</u>

Die wese van 'n saak word aangedui deur die name wat

daaraan gegee is. So ook met die kerk. In ons ondersoek na die wese van die Christelike kerk wil ons graag probeer nagaan in hoeverre die begrip „onderlinge samehang" of „verband" tot die wese van die Christelike kerk behoort. Dit kom reeds tot openbaring in die verskillende name wat in die Heilige Skrif vir die begrip „kerk" gebruik word.

In die Ou Testament vind ons twee woorde wat enigermate die betekenis van ons woord „kerk" aangee. Die een is die Hebreeuse woord עֵדָה wat vertaal kan word met die woord vergadering. Dit sien op die samekoms van die hele Israel as die volk van God soos byvoorbeeld in die geval van die instelling van Pasga (Eks. 12) Die „vergaderde" menigte en ook die hele volk van Israel staan dus „in verband" met mekaar. Die ander woord naamlik קָהָל gee meer uitdrukking aan die eenheidsbegrip en is vertaal deur die woord gemeente (Ps. 22.23) dit wil sê „vergadering van broers" wat met 'n eenheidsband aan mekaar verbind is.

Die woord gemeente of vergadering in die Ou Testament beteken dus die gemeenskap van almal wat as Israeliete die teken van die besnydenis ontvang het en dus deel uitmaak van die volk van die verbond.

Na die ballingskap is Israel verstrooid geraak onder die volkere en het die bestaande eenheid van die vergadering van die volk tot 'n groot mate verlore gegaan.

Tog het die Jode buite en binne Palestina op die Sabbat in groepe bymekaar gekom om die Heilige Skrif te lees en daarin onderrig te word. Dit was die ontstaan van die bekende Sinagoge בית הכנסת 'n woord wat van die werkwoord stam wat beteken samevoeging. Hierby het ook nog gekom die benaming ecclesia ( ἐκκλησία ) wat van roep of saamroep afgelei is.

In teenstelling met die verskillende gemeenskappe wat as Sinagoges bymekaar gekom het, het die woord ecclesia of gemeente gesien op die volk van God as 'n geheel.

Met die opkoms van die Christendom het die twee terme 'n gewysigde betekenis gekry.

Die woord Sinagoge het spesifiek betrekking gekry op die vergaderde Jode terwyl die woord ecclesia uitsluitlik gebruik was vir die gemeente van Christus.
16:18 het Christus self hierdie naam gekies tydens die groot krises in Sy omwandelinge op aarde toe die groot breuk tussen Rom en die Jodedom plaasgevind het. Op „hierdie petra"

165/ ,......... dit wil sê ....

dit wil sê op hierdie belydende apostelskap sou Christus sy „gemeente" bou. En so het die term ecclesia die vasstaande term vir die Christelike kerk geword.

Ons woord kerk is afkomstig van die Griekse woord Kuriake of Kuriakon (κυριακε) of (κυριακον) waarby ook gedink moet word aan οικια of οικον. Die laaste is 'n selfstandige naamwoord wat beteken „huis" en die eerste is 'n selfstandige naamwoord wat beteken „van onse Here Jesus Christus".

Uit al hierdie benaminge word dit duidelik wat ons onder die begrip „kerk" moet verstaan.

Volgens die Ou Testament was die kerk die vergadering van die ou Israelitiese volk van God wat in Sy verbond begrepe was. Volgens die Nuwe Testament is die kerk van Christus die vergadering van almal wat deur God geroep is en in Christus as hulle Saligmaker glo. Die kerk van Christus is dus die gemeenskap van alle ware Gelowiges.

Volgens die Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 27, dui die term kerk aan „'n heilige vergadering van die ware Christus gelowiges wat hulle saligheid verwag in Christus Jesus, gewas deur Sy bloed, geheilig en verseël deur die Heilige Gees." $

Hierdie kerk van Christus is versprei oor die hele wêreld maar nogtans is die kerk saamgevoeg en verenig met hart en wil in dieselfde Heilige Gees deur die krag van die geloof.

„Wanneer wy het woord „kerk" bezigen sê H.G. Kleyn, bekende Nederlandse geleerde van die 19e eeu, „kunnen wy daaronder verstaan, een geestelyk lichaam, onzichtbaar voor het stoffelyk oog, omvattende allen die in Christus hebben geloofd, nog gelooven, of ooit zullen gelooven." $$

Die hele wese van die Christelike kerk is dus so dat dit nie net bestaan uit ware Christusgelowiges nie maar dat genoemde gelowiges in die nouste, organiese verband met mekaar staan.

B. DIE ONSIGBARE EN SIGBARE KERK.

166/.... Daar is vandag .....

$ V.g.l. Dr. H. Bouwman : Gereformeerd Kerkrecht 1. Bl. 1. Kampen 1928. Dr. H. Bavinck : Gereformeerde Dogmatiek lV. bl. 295. Kampen 1911. bl. 7. Dr. A. Kuyper : Dictaten Dogmatiek Iv. 3e druk. Kampen 1918. 5 dele Kampen 1910.

$$ Vgl. H.G. Kleyn : Alg. Kerk en Plaastelyke Gemeente bls. 1. Dordrecht, 1888.

Daar is vandag teoloë, soos Barth, Brunner, Geyser e.a. wat die opvatting huldig dat die wese van die kerk in die eenheid van die sigbare kerk bestaan en wat ook die onderskeiding tussen die kerk as instituut en as organisme verwerp.

Dit is dus noodsaaklik om antwoord te gee op die aktuele vraag of dit skriftuurlik verantwoord en waar is dat die wese van die kerk in die eenheid van sy sigbare gestalte d.w.s. met ontkenning en verwerping van die veelvoudige openbaring van die kerk en van die onderskeiding tussen die sigbare en die onsigbare kerk, asook van die onderskeiding tussen die kerk as instituut en as organisme.

Om teologies op die verskynsel van differensiasie op kerklike gebied in te gaan is noodsaaklik om 'n antwoord te gee op die vraag :- Wat is die verhouding tussen die onsigbare en die sigbare kerk en in watter verhouding staan die kerk as organisme en die kerklike instituut weer tot voorgenoemdes?

As uitgangspunt kan hier geneem word dat daar volgens ons algemene Christelike geloofsbelydenis maar één ware kerk van Christus, die „Una Sancta" is en dat daar in die praktyk onteenseglik ook 'n veelheid van kerklike institute is wat soos ons daarop gewys het kragtig in die hand gewerk is deur 'n verskeidenheid van plekke en lande en tale en volkere in verband waarmee die kerk ontstaan het maar wat ook in die lewe geroep is deur verskil in opvatting en belydenis wat betref fundamentele leerstukke.

Geloof in die één kerk van Christus en die werklikheid van 'n veelheid van institute mag paradoksaal voorkom maar dit is goed besien nie 'n teenstrydigheid nie.

Om dié rede het die dogmatiek dan ook reeds eeue gelede onderskeid gemaak tussen die „onsigbare" en die „sigbare" kerk.

Hierdie onderskeiding impliseer egter geensins dat daar twee kerke is nie want Gods Woord maak uitdruklik melding van één herder en één kudde - één bruidskerk van Christus.

„Onsigbaar" en „sigbaar" dui alleen twee aspekte van die „Una Sancta" aan.

Die „onsigbare kerk" is die kerk soos God alwetend dit sien; die totaliteit van alle gelowiges in Christus

167/ ..... was en wat .....

was en wat is en wat sal wees; die eenheid van die triomferende, strydende en toekomstige kerk; die kerk in sy bo-tydelike, religieuse volheid, transkendent en ook suiwer en onvermengd met skyngelowiges en huigelaars.

Bavinck ✗ voer tien redes aan waarom die kerk onsigbaar genoem kan word, waarvan die laaste vir ons van belang is naamlik, „omdat die kerk nooit op ééne plaats en in één tyd tegenwoordig is, maar door de eeuwen en volken heen zich uitbreidt."

Die „Una Sancta" wat onsigbaar en transkendent is en hom deur die eeue en onder verskillende volke heen uitbrei, openbaar hom dus ook as sigbare kerk in die gedifferensieerde tydelike, aardse vorme van ons menslike samelewing.

Die sigbare kerk moet egter nie met die kerklike instituut vereenselwig word nie want die sigbare kerk is van ruimer omvang as die kerklike instituut soos ons eweneens onder die behandeling van die kerk as organisme en die kerk as instituut sal aantoon.

C. <u>DIE KERK AS ORGANISME EN AS INSTITUUT</u>.

Die begrip organisme in verband met die kerk van Christus is van die grootste belang want dit impliseer dat daar temidde van die verskeidenheid van die kerk ook 'n eenheid is.

Die onderskeiding tussen die kerk as organisme en die kerk as instituut val nie saam met die transkendente, <u>onsigbare</u> kerk wat bo die kosmiese tyd uitstyg nie maar dit het begrypliker wyse uitsluitlik met die <u>sigbare</u> kerk te doen.

Die „sigbare" kerk is die hele samelewing op kerklike gebied wat as organisme gegroei het uit die nuwe WORTEL, naamlik Jesus Christus wat Hom diensbaar gemaak het in verband met die koms van Gods Koninkryk op aarde.

Tot hierdie sigbare kerk van Christus, wat ook as die kerk as organisme bekend staan, behoort dan die Christelike huisgesin; die Christelike skool; die Christelike huwelikslewe; die Christelike staat, maar ook die kerklike instituut as geloofsverband naas die ander same-

168/ ....... lewingsverbande..

✗ Bavinck H : Gereformeerde Dogmatiek Deel iV. Tweede hersiene Druk. Kampen. 1911. pag. 312.

lewingsverbande.

Uit die standpunt van die Wysbegeerte van die Wetsidee gesien, bestaan die „sigbare" kerk of die koninkryk van God uit 'n veelheid van openbaringsvorme waarin die liggaam van Christus hom openbaar en so moet die kerklike instituut as één van die openbaringe in die groot pluraliteit gesien word.

As een van die vele vorme van die koninkryk van God het die kerklike instituut soewereiniteit in eie kring en is dit nie veronderstel om die ander vorme van die koninkryk van God te oorheers nie maar in eensgesindheid die één koning te dien.

Die kerk as instituut staan dan volgens bogenoemde opvatting wat ons graag wil onderskrywe pluralisties langs die ander Christelike lewensverbande soos die Christelike Staat; die Christelike huisgesin ensomeer, in die groot geheel van die kerk as organisme wat op sy beurt as die totaliteit van die sigbare kerk weer 'n aspek vorm van die één onsigbare kerk, die „Una Sancta".

Nadat Kuyper daarop gewys het dat die kerk van Christus nooit uitsluitend as instituut en nooit alleen as organisme bestaan en optree nie, het hy die volgende treffende beskrywing van die kerk as instituut gegee :-

„Als instituut genomen is de kerk een toestel, een plaatselyke en tydelik ineengezette instelling, rustende in menschelyke keuzen, besluiten en wilsdaden, en bestaande uit leden, ambten en hulp middelen. Een verschyning alzoo, in het uitwendige en zichbare en waarneembare; iets dat ge met ogen zien, met ooren hooren en met handen tasten kunt, doch dat slechts in zooverre realiteit bezit als het mystieke Lichaam van Christus er achter schuilt, en er zich, zy het ook gebrekkig, door openbaart." $

Die kerklike instituut is deur die Christelike Kerk ingestel en verorden. Sedert die Pinsterdae is die Kerk as selfstandige instituut ingestel en tree dit op met sy ampte en ampsdraers, sy samekomste en organisasie. Ook Christus het die kerk nie ongeordend gelaat nie. Hy stel die apostolaat in wat te onderskei is van die taak van die

169/ ..... ander disipels.....

$ Kuyper A : Gemene Gratie deel II. p. 254. Kampen. 1932.

ander disipels Luk. 6:1 en 13-16. Aan die Apostels dra hy dit op om die evangelie te verkondig. Matt. 16; Efese 2:20. Later word die ampte van Diakens en Ouderlinge ingestel en so ontstaan 'n kerk met 'n suiwere en deugsame kerkinrigting.

Die vraag of die onsigbare eenheid van die kerk moet korrespondeer met 'n institutere „eenheid" van die kerk het aanleiding gegee tot uiteenlopende menings. Rome identifieer natuurlik die kerk as instituut met die mistieke liggaam van Christus.

Die Generale Synode van die Gereformeerde kerke van die Nederlande het soos ons reeds daarop gewys het in 1959 'n rapport aanvaar waarin beweer word dat die eenheid in die sigbare, uitwendige organisatoriese lewe van die kerk moet beantwoord aan die eenheid van die kerk as die mistieke liggaam van Christus.

Die Rapport beweer ook „Dit word als een goddelÿke eis en opdracht aanvaard." ∅

Hiermee kan ons nie akkoord gaan nie want dit skakel o.i. onmiddellik die gedagte aan verskeidenheid temidde van eenheid uit. Dit vereenselwig ook meteens die kerk as instituut met die kerk as organisme wat ons hierbo as onhoudbaar afgewys het.

Aangesien die rapport ook die onverbreeklike samehang van die geestelike en die uitwendige eenheid van die kerk as 'n gebod aanvaar, vereenselwig dit die kerklike instituut selfs met die onsigbare kerk wat ons hierbo eweneens soos ons glo oortuigend afgewys het.

In die lig hiervan moet ook een van die nuutste uiteensettings van die eenheid van die kerk onsigbaar sowel as sigbaar afgewys word.

Ons dink hier aan die pennevrug van Prof. Dr. J.C.C. Kotze ∅∅. Op bl. 60 skrywe hy „dat dit is asof Paulus nie moeg word om aan te toon dat daar slegs geloofsgrense tussen Israel en die ander volke was nie."

Daar was wel geloofsgrense maar nie slegs geloofsgrense nie. Daar was ook ander grense tussen Christelike kerke, byvoorbeeld die van taal soos deur die Pinksterwon-

........ 170/ der gesanksioneer ....

∅ Rapport voor Generale Synode 1959. Utrecht pag. 29.

∅∅ Kotze J.C.C. Ras, volk en nasie, Stellenbosch. 1961.

der gesanksioneer is en die van woonplek soos deur Paulus erken is toe hy selfstandige gemeentes in Klein Asië gestig het.

Op bl. 101 sê Prof. Kotze dat ons baie van ons ellende ook die gebrek aan broederskap, probeer ontvlug deur die eenheid na die onsigbare kerk te verwys. Hy beskryf dit as 'n „verskansing" waaragter ons ons gebrekkige beoefening van die eenheid van die volk van God probeer wegsteek.

Onses insiens is dit nie 'n „verskansing" om aan te neem dat eenheid 'n kenmerk van die onsigbare kerk is nie en ook nie dat dit 'n poging is om ons „probleme" te omseil soos Prof. Kotze beweer nie, omdat waar Gereformeerdes tussen die onsigbare kerk (Una Sancta) en die sigbare kerk en die kerk as organisme en die kerk as instituut onderskei, hulle alleen maar rekening hou met die werklikheid van 'n groot verskeidenheid van kerklike institute in baie lande en onder baie volke met verskillende tale en ook omdat ten spyte van die skeppingsverskeidenheid ook wat kerke betref en selfs temidde van verdeeldheid van kerke wat as gevolg van die sonde ontstaan het daar tog nog altyd die mistieke eenheid van die ware gelowiges, die hoëre sintese van Christelike kerke in Christus as die Hoof van die kerk, te vind is.

Dit wil nie sê dat 'n sondige verdeeldheid van kerke nie met alle mag bestry moet word nie maar waar dit byvoorbeeld weens verskil van interpretasie van die skrifwaarhede ontstaan het, vorm Christus tog die sintese van alles wat eg en skriftuurlik is in die belydenis en optrede van sodanige kerke. Geen kerk is 'n absolute suiwere kerk nie, en daarom kom Christus as die ware Sintese dan ook die swakhede van die verdeelde kerke „mede te hulp" en vorm Hy die mistieke eenheisband nie alleen tussen alle indiwiduele gelowiges nie maar ook tussen alle selfstandige Christelike kerke. Die implikasie uit bogenoemde is dan duidelik dat die verband tussen die oorspronklike mistieke eenheid van die kerk en die geïnstitueerde kerke neerkom op 'n verskeidenheid van selfstandige kerke wat saamverbind word deur die geloof in Christus. Slegs Christus kan die oorsprong van die eenheid in verskeidenheid en van verskeidenheid in eenheid ook ten opsigte van Sy kerk wees en daarom kan die eenheid nie in die instituut geleë wees nie omdat daar altyd ook nog verskeidenheid sal wees maar moet dit transkendent in Christus gesoek word.

.........171/... Om dieselfde...

Om dieselfde rede kan o.i. die reeds aangehaalde standpunt van die generale sinode van die gereformeerde kerke van die Nederlande nie steek hou nie, naamlik dat die eenheid in die sigbare uitwendige organisatoriese lewe van die kerk moet beantwoord aan die eenheid van die kerk as die mistieke liggaam van Christus.

Die ganse problemetiek van die verband tussen die mistieke en die uitwendige eenheid van die kerk word o.i. opgelos in die woorde van Calvyn waar hy beweer : „Evenwel het artikel des geloofs (i.s. die eenheid van die kerk) heeft ook in zekere opzicht betrekking op de uiterlyke kerk opdat ieder zich in broederlÿke eensgezindheid saamhoude met alle kinderen Gods". ∅

Hierdie nugtere siening van Calvyn maak in duidelik pluralistiese sin die deur oop tot 'n verskeidenheid van kerklike institute wat alleen „in zekere opzicht" betrekking het op die geestelike eenheid van die kerk. Die opvatting kom ooreen met ons bewysvoering uit die Skrif en soos dit ook in die praktyk waargeneem word.

Die kerk van Christus is dus geestelik één maar institutêr gedifferensiëerd en dit impliseer die pluriformiteit van die kerk en die outonomie van onderafdelings van die kerk soos ons dit in vorige hoofstukke breedvoerig uitgewerk het.

D. <u>WAT IS DIE GEESTELIKE EENHEIDSBAND?</u>

Waar daar klaarblyklik 'n baie noue band tussen gelowiges onderling en die verskillende Christelike kerke bestaan, doen die vraag hom voor, wat is hierdie eenheidsband en hoe het hierdie eenheidsband of kerkverband institutêr ontwikkel?

Die eenheid van alle gemeentes kom nie eers a posteriori deur belydenis, kerkorde en sinodale verband tot stand nie. Die kerk is geen assosiasie van persone, wat eers buite hom as kerk om tot geloof gekom het en hulle daarna verenig het nie.

„Zy is een organisme .... hare eenheid gaat aan de veelheid der plaatselÿke gemeenten vooraf en ligt in Christus." ∅∅

Elke plaaslike gemeente is die volk van God, die

172/..liggaam...

∅ Calvyn J : Institusie IV. 1,3. pag. 8.

∅∅ Bavinck H Dr. : Gereformeerde Dogmatiek. Vierdee deel pag. 301. Kampen. 1911.

liggaam van Christus wat op die fondament Christus gebou is, en wel omdat elke gemeente dieselfde is wat die kerk as geheel is en omdat Christus vir die plaaslike gemeente is wat Hy vir die kerk in die algemeen is en wil wees.

Die wese van die Christelike kerk is dan ook daarin geleë dat dit, wat die geheel sowel as die dele betref, die volk van God is.

Ook in die na-apostoliese tyd het die geestelike eenheid van die kerk nog altyd op die voorgrond getree want as gelowiges het hulle één God, één Christus, één Gees, één doop, één roeping.

Kuyper het die eenheidsbeginsel in die kerk van Christus saamgevat in die woorde :- „De Menswording Gods is het levensbeginsel der Kerk" ∅ en ook „Eenzelfde Christus is het dus, die uit Maria het vlees aannam en in de verloste menscheid zich een lichaam vormt; eenselfde Godheid, die in de Zoon vlees werd en als Heilige Geest ingaat in de mensheid." ∅∅

Die lewe van die „eenzelfde" vleesgeworde Christus klop dan in alle ware gelowiges net soos die lewe van die mens klop in alle dele van sy liggaam - of dit in die hart is of die hare.

E. EENHEIDSBAND TUSSEN VERSKILLENDE KERKE.

Namate afsonderlike Christelike kerke in een land of in verskillende lande tot stand gekom het, eis die mistieke eenheid van die kerk van Christus dat die verskillende, onafhanklike gemeentes en kerke sover as wat dit moontlik is ook uiterlike kerklike verband met mekaar sal probeer soek en vind om sodoende in ware pluralistiese sin eenheid temidde van verskeidenheid tot openbaring te laat kom.

1. GRONDSLAG VAN DIE KERKVERBAND.

Wysgerige besinning oor 'n gesonde kerkverband stel 'n mens onmiddellik voor die vraag :- „Wat is die grondslag van die kerkverband? "

Die antwoord is (a) Dat dit 'n Goddelike instelling is en dus op die beginsels van die Heilige Skrif berus.

Alhoewel die Skrif nie regstreeks bepalings in die opsig bevat nie is daar tog gegewens wat as beginsels vir

.......173/... die kerkverband...

∅ Predicatien in de jaren 1867 tot 1873 door Dr. A. Kuyper, Kampen J.H. Kok. 1913.

∅∅ A. Kuyper : De Menswording Gods, bl. 259, 260.

vir die kerkverband kan geld, b.v. -

(1) Van 'n vergadering van Apostels met 120 gelowiges in die oppersaal te Jerusalem ter verkiesing van 'n Apostel. (Hand. 1 : 12.)

(2) Van 'n vergadering van Apostels met die gemeente te Jerusalem vir die kiesing van 7 diakens (Hand. 6:1 - 7).

(3) Van 'n vergadering van Ouderlinge te Jerusalem, toe Paulus van sy Derde Sendingreis verslag gedoen het. (Hand. 21 : 17,18).

(4) Van 'n spesiale soort gekombineerde kerkraadvergadering (van die afgevaardigdes van Antiochië met die Apostels en Ouderlinge te Jerusalem) onder leiding van die Apostels i.v.m. die vraag of die besnydenis vir heidenkinders nodig was om salig te word.

Van hierdie voorbeelde kan nie afgelei word dat God classisse en sinodes voorgeskrywe het nie maar wel dat dit deur Goddelike toelating veroorloof is en ook bindende besluite mag neem. Hand. 21: 17, 18.

Die Goddelike instelling lei Voetius af uit Hand. 15 „Het jus divium positivum, d.i. het positief goddelik recht, word openbaar in de praktyk en in het voorbeeld der Apostolische regeering, die door den Heiligen Gees zÿn goedgekeurd, en by gevolg aan ons voorgeschreven, Hand. 15 : 1-34; waarmede alle Christelyke theologen het wettelyk gebruik en gezag der synoden plegen te bewyzen. Voeg er by 2 Kor. 8 ; 1, 4, 19 met Rom. 15 : 26 waar de samenstemming, de gemeenschap en de vereniging der kerken in gemeenschappelyke beraadslagingen, besluiten en opdrachten 't zÿ door brieven 't zÿ door afgevaardigen, 't zÿ door een Synode of samenkomst openlÿk worden aangetoond." ∅

B. ONDERLINGE TOESTEMMING.

Die tweede grondslag van die kerkverband is die onderlinge toestemming van die kerke.

Voetius stel dit soos volg :- „Die grondslag is die vrywillige toestemming of ooreenkoms van die afsonderlike kerke wat in die verband ingelyf word. ∅∅

............ 174/ In die .......

∅ Voetius. Politica Ecclesiastica IV. 129. Vertaling van Jansen : De bevoegdheid der Meerdere Vergaderingen bls. 6, 7. Kampen. 1924.

∅∅ Voetius a.w. p. 168.

In die verband gebruik Voetius die beeld van 'n huwelik. Alhoewel die huwelik deur God ingestel is, kan daar alleen na 'n wedersydse ooreenkoms en kontrakverband 'n huweliksluiting plaasvind.

So vind die goddelike ordening ten opsigte van kerkverband ook alleen sy beslag in die wilsooreenstemming tussen die verskillende plaaslike kerke.

Vrywillige indiwiduele toetrede tot die gemeenskap van die kerk by die aflê van geloofsbelydenis deur die lidmaat is sinnebeeldig van die onderlinge toestemming tussen kerke by die vorming van kerkverband.

So het die Gereformeerde kerke in Frankryk op hulle eerste Sinode in Parys 1559 vrywillig in een kerkverband bymekaar gekom; so was dit ook die geval met die Waalsche en Vlaamse Kruiskerke by hulle byeenkomste in 1563; asook met die Gereformeerde kerk in Nederland - na die voorbereidende Konvensie te Wezel 1568 op hulle eerste sinode te Embden 1571.

C. GEMEENSKAPLIKE BELYDENIS EN KERKORDE.

Die derde en baie noodsaaklike grondslag van die Gereformeerde Kerkverband is dat dit op 'n gemeenskaplike belydenis en kerkorde sal berus.

Op hierdie grondslag het die Gereformeerde kerke in Nederland tydens die Sinode van Embden in 1571 eengeword. Die belydenis was juis 'n „ghetuyghenisse der onderlingher eendrachtigheyt."

Dr. Rutgers skryf hieromtrent :- „dat tydens die Sinode van Wezel de daar ontworpen kerkenordening wordt voorgesteld, om in alle Nederlandche Kercken eenparigheyt te onderhouden, niet alleen in de Leere (waarin dus eenparigheid allereerst noodig geacht werd, maar tevens erkend word reeds aanwezig te zijn), maar oock in deselve ordre, ende Politie," en verder „dat de latere Synoden er niet minder op uit waren om de gemeenschappelijke belijdenis te handhaven als grond en voorwaarde van kerkgemeenschap, zoowel tusschen de kerken onderling als in iedere kerk op zichzelve, is uit hare Acta overbekend." ) Ø

........175/ II. DIE AARD...

Ø Rutgers F.L. : Het kerkverband der Nederland ooche gereformeerde kerken, Amsterdam. 1882. p. 30.

## II. DIE AARD VAN DIE KERKVERBAND.

Die waarheid uit homself dikwels in 'n paradoks. So is dit ook in die geval van die gereformeerde Kerkverband.

Dis 'n hoogsinteressante samevoeging van vryheid en gebondenheid; outonomie en gesag; gelykwaardigheid en ondergeskiktheid; selfstandigheid en eenheid van die verskillende Christelike Kerke.

Die Gereformeerde opvatting van kerkverband volg die gulde middeweg tussen wat genoem word Roomse hiërargie aan die eenkant en Independentistiese onafhanklikheid van alle ander kerke aan die anderkant.

Kleyn verklaar in dié verband :- „Wil men niet geheel of halfverwege op de Roomsche paden terugkeeren, dan was het noodig de zelfregeering der plaatselÿke gemeenten te handhaven. Zelfregering niet in dien zin dat de plaatselÿke gemeente in alle dingen volkomen vry zoude zÿn te doen of te laten, wat zÿ verkoos, maar zoo dat erkend werd dat zÿ in alle dingen, die de gemeenschap der kerken niet raakten, zich zelven vry besturen, zonder dat daarom nog geloochend werd, dat geschillen tusschen de gemeente en enkele leden niet in laatste instantie door het geheel der kerken mochten worden afgedaan." ∅

Die selfstandigheid van die plaaslike gemeente as 'n openbaring van die liggaam van Christus op 'n bepaalde plek, en die samewerking en eenheid van die plaaslike kerke onderling, vorm die twee uiterstes wat versoen moet word in die Gereformeerde kerkverband.

„Waar die selfstandigheid van die plaaslike kerk beklemtoon word ten koste van die gesag van die verband verval dit tot 'n independentistiese stelsel. En waar die verband beklemtoon word ten koste van die plaaslike kerke ontaard dit in 'n Roomse hiërargie." ∅∅

Uitgaande van die gesonde Gereformeerde beginsel van pluralisme op die gebied van die kerk en staat het gereformeerde Teoloë van Voetius se tyd en ook van latere tye sterk gewaak teen elke sweem van hiërargiese oorkoepeling van die „plaaslike selfstandige kerke" van Christus. In hierdie verband verklaar M. Bouwman dan ook :- „Hier hebben wÿ ook de reden waarom Voetius in het algemeen op de eenheid

...176/... van de ....

∅ Kleyn H.G : Algemene Kerk en Plaatselÿke gemeente. Dordrecht. 1888. p. 18.

∅∅ Geldenhuys F.E. O'B Dr. : Regsposisie van Kerkraad, Ring en Sinode bls. 142. Pretoria. 1951.

van de gezamentlÿke kerken weinig den nadrukt legt. Van een bepaalden vorm van eenheid der kerken is Voetius een verklaard tegenstander n.l. van de eenheid in hiërarchischen zin waarby de cathedraal - kerk waaraan de bisschop verbonden is, over de andere kerken heerschappy voert. Dit is de unio ecclesiarum zooals zÿ bÿ Rome gevonden word..... zulk een unio ecclesiarum is natuurlik geheel iets anders dan de eenheid der synodale verbinding volgens het gereformeerde kerkrecht. Volgens dit stelsel vormen de gezamenlyke kerken wel een eenheid, een corpos synodicum, zooals Voetius zegt, maar dan toch altyd zoo dat de gelykheid en zelfstandigheid van de kerken en ambtsdragers onderling gehandhaaft blÿft." ≸

Die slotsom waartoe M. Bouwman kom is soos volg :- „De Vaderen handhaven beide, en dat de synodale verbinding een associatie van kerken is, en dat de gezamenlike kerken een werkelyke eenheid vormen in institutaeren zin." ≸≸

Na raadpleging van die werke van outoriteite op die gebied van die kerkreg soos H.G. Kleyn, Lohman, Rutgers, M. Bouwman, Kuyper, H. Bouwman, wil ons instemming betuig met die slotsom waartoe Dr. F.E.B Geldenhuys ten opsigte van die kerkverband geraak het, naamlik :-

1. „Die kerkverband is 'n vrywillige assosiasie van outonome gemeentes wat dieselfde belydenis en kerkinrigting het, aangegaan met die oog op die behartiging van hulle gemeenskaplike belange en vir die bevordering van hulle algemene welsyn.

2. Die afsonderlike plaaslike kerke gaan die vereniging in kerkverband vooraf. 'n Kerk word nie pas kerk deurdat dit in die verband opgeneem word nie, maar is in sigself 'n volledige kerk.

3. 'n Plaaslike kerk moet dus as 'n ware kerk erken word selfs al staan dit buite die kerkverband, maar daar rus tog op elke plaaslike kerk die stellige verpligting om op grond van die kerke se geestelike eenheid in Christus tot die verband toe te tree.

4. Deur saam te kom in verband met mekaar verloor die saamstellende eenhede nie hulle identiteit of selfstandige bestaan nie. Dit is 'n combinatio ecclesiarum van homogene eenhede.

......177/.... 5. Dit is.....

≸ Bouwman M : Voetius over het gezag der Synode, Amsterdam. 1937. p. 79.

≸≸ Bouwman M : a.w. p. 83.

5. Dit is ook 'n kombinasie van gelykwaardige lede. Geen enkele saamstellende eenheid verkry 'n hoër rang of gesag as enige van die ander eenhede nie; Die kerkverband skep geen katedraal - of metropolitaanse kerk, soos in die Roomse stelsel nie.

6. Die afsonderlike kerke behou hulle selfbestuur insoverre dit nie in botsing kom met die algemene belange van die kerk as geheel nie.

7. Die saamverbonde gemeentes vorm 'n eenheid in institutêre sin, sodat ons van die verskillende en in één kerkverband saamgesnoerde kerke mag spreek in die enkelvoud as hierdie of daardie kerk.

8. Die sinode is nie die kerk nie, maar hy is die orgaan van die kerkverband. Die kerk tree op deur middel van sy orgaan. Die besluite en handelinge van die sinode mag dus met reg bestempel word as die besluite en handelinge van die kerk."ϕ

Die aard van die gereformeerde kerkverband is dus dat dit 'n samevoeging van verskillende plaaslike gemeentes is wat tot stand kom wanner sulke plaaslike gemeentes vrywillig onder bepaalde voorwaardes met mekaar in gemeenskap tree, Dit vorm dus 'n combinatio ecclesiarum van homogene eenhede en nie 'n unio ecclesiarum soos in die geval van die Rooms Katolieke Kerk nie. Dit vorm 'n eenheid temidde van verskeidenheid en selfstandigheid en tegelykertyd het hulle 'n gemeenskaplike bodem. H. Bouwman sê :- „De verschillende plaatselyke kerken, worden nie opgelost en omgesmolten tot eene Classicale kerk. De plaatselyke kerken syn geen onderafdelingen van eene groote kerk zoodat hare vryheid en zelfstandigheid zou zyn opgeheven." ϕϕ

Aan die hand van die voorbeeld van die eenheid van die Republiek van die Verenigde Nederlande wat uit sewe afsonderlike provinsies bestaan het en tog hulle identiteit behou het na unifikasie ϕϕϕ beklemtoon Voetius die noodsaaklikheid dat die partikuliere kerk nie sy identiteit binne die kerkverband mag verloor nie.

...178/... In die .......

ϕ Geldenhuys. a.w. p. 156.
ϕϕ H. Bouwman : a.w. II bls. 14.
ϕϕϕ Sien M. Bouwman, V.O.S. bls. 66.

In die paradoksale waarheidsuiting i.v.m. die gereformeerde kerkverband is dit duidelik dat dit 'n saak is van eenheid in verskeidenheid en die gesonde beklemtoning van albei tot welsyn van die kerk en as waarborg vir sy voortbestaan.

Miskien kan dit ook soos volg gestel word, - Dat die Gereformeerde kerkverband geen hiërargiese karakter dra soos dit deur Rome oorskat word nie; ook geen adviserende karakter soos dit deur die Independente onderskat word nie maar 'n ministeriele en tog outoritatiewe d.w.s. 'n dienende, leidende maar tegelykertyd ook gesaghebbende karakter, In hierdie paradoks is die waarheid omtrent die gereformeerde kerkverband o.i. geleë.

III. DIE NOODSAAKLIKHEID VAN DIE KERKVERBAND.

Dit bring ons tot die noodsaaklikheid van die Gereformeerde kerkverband; die grondliggende, skriftuurlike waarheid van eenheid temidde van verskeidenheid maak dat 'n gesonde verband tussen die plaaslike selfstandige kerke gebiedend noodsaaklik is.

Dr. Bouwman verklaar :- „Een plaatselyke kerk is wel een zelfstandige complete kerk, maar is uit kracht van haar geboorte uit Christus niet de kerk, maar slechts een openbaring van Christus kerk op een enkele plaats." ∅ Op grond van hulle eenheid van belydenis is die kerke verplig om in kerkverband met mekaar te tree. Dr. Bouwman beklemtoon nie alleen hierdie feit nie maar ook die noodsaaklikheid vir kerke om eweneens met ander Protestantse kerke in meer verwyderde verband deur middel van onderlinge korrespondensie die band van eenheid in Christus te onderhou. ∅∅

Wat die skriftuurlike oorweging in die opsig betref sê R. Shaw :- "In various places of the New Testament the word Church ( as applied to the visible church) cannot be restricted to any particular congregational church. When we are told that Saul made havock of the church (Acts VIII : 3) and that he persecuted the church of God, and wasted it (Gal. 1:13) it cannot be supposed that it was only a single congregation that was exposed to his fury". ∅∅∅

...........179/... Bavinck sê ..

∅ H. Bouwman a.w. II bls. 5 Cf. Ned. Belydenis Ant. 37
∅∅ H. Bouwman : a.w. II bls. 6.
∅∅∅ Exposition of the Confession of faith by R. Shaw (Edinburgh 1865).

Bavinck sê :- „In de Schrift is echter elke kerk zelfstandig, met alle andere kerken in rechten volkomen gelyk. Het kerkverband is daarom nog geen zaak van willekeur. Soms moge het b.v. by de kerken der Hugenoten in Frankryk, den schyn hebben alsof het verband geheel vry door konfederatie is ontstaan. Maar dat is toch de Gereformeerde beschouwing niet, welke op dit punt beslist tegen die der indenpendenten overstaat. By de beschrywing van het wezen der kerk gingen alle gereformeerde Theologen van de ecclesia universalis uit en daalden zoo tot de ecclesia particularis af." ∅

## IV. VROEë ONTWIKKELING VAN DIE KERKVERBAND

### A. IN DIE APOSTOLIESE TYDVAK.

Volgens gegewens uit die Heilige Skrif het die eerste Christelike gemeentes alleen baie sporadies kerkverband gevind en is dit, soos ons in die volgende hoofstuk daarop sal wys, duidelik dat die verskillende plaaslike kerke in die Apostoliese tydvak beslis newegeskik langs mekaar gestaan het met alleen 'n losse kerkverband tussen naburige kerke hier en daar.

### B. IN DIE ROOMSE KERK.

Terwille van kontinuiteit verwys ons hier na die opvatting wat die Rooms Katolieke ten opsigte van „kerkverband" gehuldig het gedurende die tyd wat dié kerk die kerklike lewe beheers het tot aan die Hervorming en ook insoverre hy dit daarna beheers het.

Die losse kerkverband van die Apostoliese tydvak het nie lank geduur nie of die Roomse hiërargie het ingesluip en die landsbiskoppe ondergeskik gemaak aan die stadsbiskoppe; die biskoppe van die hoofstede aan die biskoppe van die historiese gemeentes wat spesifiek deur die Apostels self gestig het; en hierdie biskoppe is ten slotte ondergeskik gemaak aan die biskop of Pous van Rome. Dit was 'n ondergeskiktheid van kerke aan persone en nie van kerke aan kerke nie - 'n hiërargiese kerkverband in die strengste sin van die woord.

........180/.. Die Pous ....

∅ Bavinck Gereformeerde Dogmatiek IV bls. 408.

Die Pous is „de opvolger van den apostelvorst, Petrus, en de ware stedehouder van Christus en het hoofd der ganche kerk en aller Christenen vader en leeraar, en dat hem in den H. Petrus de volle macht om de geheele kerk te weiden, te leiden en te regeeren, door onze Heere Jesus Christus overgedragen is." ∅

Rome se uitgangspunt is die eenheid van die sigbare kerk. Van 'n onsigbare geestelike liggaam van Christus is daar geen sprake nie. Om die mens tot die saligheid te lei het Christus sy kerk as sigbare uitwendige instituut op aarde gestig. In de groot wêreldkerk bestaan die eenheid van die Christendom en dit word saamgebind deur die bande van een liturgie, een sentrale regering, een algemene belydenis en een taal (Latyn).

Van onderlinge kerkverband tussen verskillende selfstandige kerk op verskillende plekke soos aan ons bekend is kom by Rome dus niks tereg nie.

C. IN DIE PROTESTANTE KERK.

Wat in hierdie studie van besondere belang is, is om kortliks na te gaan hoe die gereformeerde kerkverband as 'n noodsaaklike strewe na eenheid temidde van die verskeidenheid van kerke sedert die kerkhervorming ontwikkel het. Hoe het dit van die Roomse opvatting verskil en hoe het dit, soos in latere hoofstukke aangetoon sal word, bevrugtend ingewerk op die ontwikkeling van die kerkverband in Suid-Afrika.

Die kerkhervorming van die 16de eeu het sedert 1528 ∅∅ in twee hoofrigtings opgegaan. Dit kan goedskiks verdeel word in -

(1) Die Lutherse Rigting.

By wyse van reaksie teen Rome bestaan daar vir Luther alleen 'n onsigbare kerk en waar daar ook al 'n sigbare vergadering van gelowiges is, vorm dit net vir die oomblik 'n openbaring van die onsigbare geestelike liggaam van Christus.

Van Kerkregering .....

.........181/... wil hy nie ....

∅ Aanhaling uit die Const. Vaticanus deur H. Bouwman a.w. II bls. 6.

∅∅ Christelyke Enciclopaedie, 3. pag. 363.

wil hy nie weet nie behalwe in die geval van die regte bediening van die Woord en die sakramente.

Uit die Lutherse opvatting ontwikkel daar die territoriale en die Erastiaanse opvattings van kerkverband. Omdat daar volgens Luther feitlik geen sprake was van kerkregering behalwe in die geval van die regte bediening van die Woord en die sakramente nie is aan die owerheid die reg toegestaan om op grond van sy staatsgesag oor die kerk te regeer. Veral die Erastiane het die opvatting gehuldig dat die kerk geen regering mag uitoefen nie, alleen die staat. Hierdie stap deur die Lutherse denkrigting het 'n tydperk van rustelose soeke na die waarheid omtrent die regte verhouding tussen kerk en staat ingelui.

## II. DIE GEREFORMEERDE RIGTING.

Calvyn het die grondbeginsels van sy kerkverband en kerkregering in sy Institusie vasgelê.

In sy Politica Ecclessiastica het G. Voetius hierdie beginsels van Calvyn verwerk en gesistematiseer. Die kenmerkende verskil tussen die Gereformeerde stelsel en die ander stelsels is geleë in die feit dat waar die ander stelsels, soos ons reeds probeer aantoon het tot 'n groot mate die produk van historiese en politieke omstandighede was, die gereformeerde stelsel selfstandig deur Calvyn uit die Heilige Skrif ontwikkel is. Calvyn het uitgegaan van die absolute soewereiniteit van Gods Woord, en hom eerder daardeur laat lei as deur tydsomstandighede.

Op voetspoor van Calvyn het Gereformeerde van latere tye 'n imposante struktuur van kerkverband en kerkregering opgebou wat onder die volgende hoofbeginsels saamgevat kan word:- $

1. "Die Gereformeerdes breek met die Roomse Wêreldkerk en stel in die plek daarvan die plaaslike kerk of gemeente (Ecclesia localis) as die tydelike, sigbare, geïnstitueerde openbaring van die liggaam van Christus. Dit is 'n instituut waarin die gelowiges in Christus vergader is. Die Kerk ontleen sy karakter, nie soos by die Roomse, aan die amp nie, maar aan die gelowiges self. Hulle vorm die kerk; sonder gelowiges kan daar geen kerk wees nie en ook geen amp nie.

2. Die....../ 182.

$ Geldenhuys F. o'B a.w. p. 33, 34.

2. Die regering van die kerk word uitgeoefen deur 'n kerkraad, waarin die ampsdraers van die kerk (gemeente) bymekaarkom. Hier bestaan geen onderskeid tussen clerus en leke nie. Uit die s.g. leke word die ouderlinge en diakens gekies om saam met die dienaars van die Woord die regering waar te neem. Die amp kom op uit die gemeente en verteenwoordig die gemeente. Buite die plaaslike gemeente is daar geen kerklike amp nie. Vandaar die benaming; Presbiteriale stelsel, na die bekleders van die amp.

3. Alhoewel die plaaslike kerk in homself 'n volledige kerk is, is die kerkverband tog 'n noodsaaklike vereiste van die gereformeerde kerkregering. Hier wil ons net opmerk dat die gereformeerdes in hulle samekoms in meerdere vergaderings (ring en sinode), die identiteit van die plaaslike kerk, sowel as die mistieke eenheid van die liggaam van Christus erken en handhaaf.

4. In hulle verhouding tot die owerheid gaan die gereformeerdes uit van die stelling: 'n vrye kerk in 'n vrye Staat. Kerk en staat is aparte gemeenskapsvorms met aparte onderskeie aard en doel. Elkeen is soewerein in eie kring. Die staat mag hom nie bemoei met die inwendige sake van die kerk nie. Net so mag die kerk ook nie aan die staat voorskrywe hoe dit sy roeping moet vervul nie, ofskoon dit die roeping van die kerk is om die beginsels van Gods Woord duidelik te verkondig, sodat die staat daardeur gelei mag word in die uitvoering van sy taak. So het die staat ook 'n plig teenoor die kerk, die jus circa sacra, d.w.s. die plig om die kerk te erken en te beskerm.

5. Die sluitsteen van die hele gereformeerde stelsel is egter : die absolute gesag van Gods Woord op al die terreine van die menslike lewe. Nie die menslike willekeur nie, maar die menslike vryheid onder die Woord van God is die toets vir leer, lewe en kerkinrigting. "

Om die standpunt te verdedig dat die kerk van Christus basies pluralisties en op die grondslag van korporatiewe selfstandigheid ontstaan het, gaan ons verder ook in op

## 3. DIE GESKIEDKUNDIGE BEWYSVOERING VAN VERSKEIDENHEID VAN KERKE.

### (a) Die Pinksterwonder.

**Die** verskynsel van differensiasie in die kerk van **Christus** volgens taal en nasie is op epogmakende wyse op die Pinksterdag deur die Heilige Gees self ingelui (Hand.2)

Hierdie pinksterwonder was 'n beklemtoning van die verskeidenheid in taal, volk en nasie, asook geografiese

afgesonderheid onder die mense.

Dit geniet erkenning en bevestiging van die kant van God en daarom stel Hy in Sy Almag sy dissipels in staat om die goeie tyding van die evangelie te verkondig in die onderskeie tale van die verskillende nasionaliteite wat tydens die uitstorting van die Heilige Gees teenwoordig was.

Waar dit vir die kerk van Christus hoofsaaklik gaan om die verkondiging van die Woord van God is die element van die taal waarin dit verkondig moet word van primêre betekenis. Die taalwonder van die pinksterdag impliseer dus baie duidelik 'n toekomstige verskeidenheid van kerke omdat van die begin af outorisasie verleen is aan die gedagte dat elke volk in sy eiesoortigheid van taal en wat daarmee verband hou die Evangelie sal hoor en kerklik sal ontwikkel.

Daarby was die heuglike pinksterwonder ook 'n bevestiging van die geestelike eenheid van die Christelike kerk omdat dieselfde Heilige Gees die verskeidenheid van gelowiges vervul het met Sy Volheid en sodoende die mistieke eenheid van die ware Christelike kerk wou bewaar.

(b) Die Palistynse Gemeentes.

Die probleem waarvoor ons hier te staan kom is of die eerste Christelike gemeentes in Palestina op die basis van korporatiewe selfstandigheid tot stand gekom het of nie, of anders gestel, was die eerste, beroemde gemeente van Jerusalem die moedergemeente van die ander palistynse gemeentes en ook van die latere heidens-Christelike gemeentes in Klein-Asië van wie hulle afhanklik was? Of nog anders gestel, was die besluit van die historiese Apostelkonvensie te Jerusalem (Hand. 15) i.s. die brandende vraag omtrent die besnydenis vir die heidene nie „een besluit alleen van de Jerusalemche gemeente met de apostelen en ouderlingen in het bewustzyn dat zulk een besluit van haar als moederkerk, onder hun leiding genomen, van kracht was voor de algemene Kerk?. ∅

As hierdie...../ 184

∅ Jacobs D : De Verhouding tusschen de plaatslyke en die Algemene Kerk in de eerste drie eeuwen, 1927, Leiden bl. 52.

As hierdie opvatting van Dr. Jacobs die juiste is dan beteken dit dat daar by die eerste Christelike gemeente reeds die kiem van algemene, institutêre kerklike eenheid en miskien ook die kiem van kerklike hiërargie aanwesig was en daarom is dit van besondere belang dat vasgestel sal word of hierdie resultaat van sy intensiewe studie juis is.

Die eksegese van Dr. Jacobs haal o.i. meer uit sommige tekse wat hy aanhaal as wat daarin staan. Hy spreek byvoorbeeld van Christene uit die Jode wat afkomstig was uit „Jerusalem, de moedergemeente,tegen wie allen hoog opsien, ∅ en wat in Antiochië die noodsaaklikheid van die besnydenis verkondig het. Vir Jacobs is Jerusalem, die moedergemeente van belang, maar in die teks Hand.15 : 1 waarna hy verwys staan dit nie; daar is alleen sprake van „sekere persone wat van Judea afgekom het." Ons weet dat behalwe in Jerusalem daar volgens Hand. 9:31 ook ander gemeentes in Judea was. Ook van die ander gemeentes geld dit allermins dat hulle die gesag van 'n moedergemeente oor hulle gehad het omdat die Heilige Skrif niks daarop dui nie. Ook die opvatting van Jacobs as sou die gemeente van Jerusalem tydens die Apostelkonvensie alleen die besluit i.v.m. die Besnydenis geneem het en dat daar i.v.m. die Apostelkonvensie geen sprake kon wees van 'n „meerdere vergadering" nie, is o.i. onverantwoord. In Handeling 15:4 staan die kerk, die gemeente voorop en is daar wat ons sou kon noem 'n gemeentevergadering belê waarin Paulus en Barnabas ontvang is en waar hulle verslag gedoen het van hulle werk. In die gemeentevergadering is gesê dat dit noodsaaklik is dat Christene besny moet word en bevel moet ontvang om die wet van Moses te onderhou. Die kwessie is hier egter nie verder bespreek en ook nie beslis nie.

In Hand. 15:6 word dan duidelik gesê dat die Apostels en die ouderlinge daarna vergader het „om hierdie saak te ondersoek."

Alleen ampsdraers het hieraan deelgeneem en die besluit, (Hand. 15:24-29) is met die approbasie van die hele gemeente geneem (vers 22).

Paulus en Barbabas was hier as afgevaardigdes van die

...185/... gemeente...

∅ Jacobs : a.w. p. 49.

gemeente Antiochië, om i.v.m. hierdie vraagstuk met die Apostels en ouderlinge in Jerusalem te onderhandel.

Daarom kan hier van 'n meerdere vergadering, 'n vergadering van kerke gepraat word.

Hierdie vergadering het dan die besluit geneem (Hand 15 : 28) en so kan tot die slotsom gekom word dat daar te Jerusalem met die Apostelkonvensie ten minste verteenwoordigers van twee kerke bymekaar was en dat hierdie vergadering besliste en verreikende besluite geneem het.

Hierdie besluite van die „meerdere vergadering" het gegaan oor twee sake waaroor daar twyfel bestaan het in die eerste Christelike kerk en wat ook in die gemeentevergadering (Hand. 15:4) op die voorgrond gestel is n.l. of die Christene besny moes word volgens ou Joodse gebruik en of hulle die bevel moes ontvang om die wet van Moses te onderhou.

Wat die probleem van die besnydenis van die Christene betref is dit duidelik dat die Apostelkonvensie geen bindende besluit geneem het nie want Paulus self het na hierdie konvensie nog „terwille van die Jode" (Hand. 16:3) vir Timotheus, 'n man wat 'n Griekse vader gehad het, besny. Die besluit was bepaald net adviserend met die oog op die oorgangsperiode in die Christelike kerk waar baie mense uit die Jodendom Christene geword het en nog vasgehou het aan die besnydenis as die teken van die ou verbond van God met Sy volk.

Die besluit i.v.m. onderhouding van die Wet van God, (Hand. 15:20) deur al die Christene was egter bindend.

Volgens Hand. 15: 14-19 word dit aan die Joodse Christene met gesag opgedra dat hulle nie van heiden-Christene die onderhouding van die Mosasiëse wet mag eis nie. Hand. 15 neem o.i. dus 'n belangrike plek in verband met die sisteem van presbiteriale kerkregering.

'n Paar uiters belangrike grondbeginsels i.v.m. die inrigting van die eerste Christelike kerk en met ingrypend-belangrike implikasies vir die Christelike kerk van alle tye word dus uit bogenoemde vir ons duidelik, nl. -

....186/... (1) Dat die ....

(1) Dat die Jerusalemse gemeente nie as die gesagvoerende moedergemeente van die eerste Christelike kerk beskou kan word nie.

(2) Dat nie die Jerusalemse gemeente as sodanig nie maar die Apostelkonvensie met toestemming van die gemeente die belangrike besluite van Hand. 15 geneem het.

(3) Dat Paulus en Barnabas en andere (Hand. 15:2) se teenwoordigheid op die Apostelkonvensie 'n eerste „meerdere" vergadering of „Sinode" van verskillende kerke impliseer.

(4) Dat hierdie „meerdere" vergadering namens die algemene kerk en vir die algemene kerk adviserende maar ook bindende besluite kon neem. Hierdie beginsels het vir die kerk van alle tye soos ons daarop gewys het diepgrypende implikasies gehad wat oorbekend is.

As ons daarin geslaag het om aan te toon dat die Jerusalemse gemeente nie die gesagvoerende moedergemeente van die eerste Christelike gemeentes was nie en dus nie die kiem van hiërargiese oorheersing in homself omgedra het nie dan bly dit vir ons oor om in dié verband positief vas te stel of die gemeente in Antiochië wel 'n selfstandige gemeente was. Daaromtrent dan die volgende :-

## C. DIE GEMEENTE VAN ANTIOCHIË DEUR DIE HEILIGE GEES VAN DIE JERUSALEMSE GEMEENTE GEËMANSIPEER.

Volgens die Skrif het daar na die Pinksterdag 'n tweeërlei ontwikkeling van die Christelike kerklike lewe plaasgevind t.w. die ontstaan van die Palistynse of Joods-Christelike en heidens-Christelike gemeentes.

Eersgenoemde het te Jerusalem onder leiding van al die Apostels (Hand. 6:2; 8:1; 8:14; 11:1) plaasgevind en die ander te Antiochië.

Dat die Jerusalemse gemeente op die basis van plaaslike outonomie of Christonomie met Christus as hoof ontstaan het spreek vanself maar dat die gemeente van Antiochië 'n selfstandige gemeente, en nie onderhorig aan die Jerusalemse gemeente was nie, moet ons uit die Skrif probeer bewys.

Dit sal van besondere belang wees as laasgenoemde bewys kan word want as die eerste Christelike gemeentes wat deur die Heilige Gees en die ou Apostels gestig was vry en selfstandig was dan is so die grondslag van alle latere Christelike gemeentes gelê, n.l. om ook vry en selfstandig te wees en te mag wees.

...187/... Om aan te toon...

Om aan te toon dat die gemeente van Antiochië van die begin af die weg van selfstandigheid ingeslaan het en homself outonoom geag het teenoor die gemeente van Jerusalem noem ons die volgende :-

Volgens Hand. 13:1 en 2 het die „plaaslike gemeente in Antiochië" onder leiding van die Gees van die Here en sonder enige erkenning en medewerking van die gemeente van Jerusalem vir Paulus en Barnabas vir die werk waarvoor die Here hulle geroep het afgesonder.

In hierdie uitstuur van twee manne op die eerste Sendingreis wat later sulke verreikende gevolge vir die hele kerk gehad het sou die gemeente van Jerusalem waarskynlik baie belang gestel het en daar kan miskien met reg beweer word dat die belangrike Jerusalemse gemeente waarvan die eertydse dissipels van die Here die leiers was, geraadpleeg moes gewees het in verband met die saak.

Die gemeente van Antiochië het egter anders geoordeel.

Hy erken die leiding van die Heilige Gees vir hom as plaaslike kerk (Hand. 13:2) en handel uitsluitlik daarvolgens.

Met hierdie uiters belangrike en direkte leiding van die Here aan die plaaslike kerk van Antiochië het die Heilige Gees hierdie plaaslike kerk van die voogdyskap van die „moederkerk" te Jerusalem geëmansipeer en so gaan die geëmansipeerde gemeente van Antiochië die weg van selfstandigwording op.

Terwyl Antiochië geen voogdyskap oor hom erken het nie, is daar ook geen aanduiding in die Skrif dat hierdie gemeente op sy beurt enige beheer of toesig probeer uitoefen het oor die gemeentes wat later tydens Paulus se Sendingreise in Klein Asië gestig is nie.

Alhoewel bogenoemde o.i. onomstootlike bewys lewer van die <u>outonomie</u> van die plaaslike gemeentes van daardie tyd vind ons soos reeds daarop gewys is in Hand. 15:2 tog ook gewis en seker die eerste ligglanse van 'n gesonde Christelike <u>kerkverband</u>, toe Paulus en Barnabas en nog 'n paar ander persone afgevaardig is om met die Apostels en ouderlinge in Jerusalem in verband met belangrike vraagstukke te gaan konfereer.

Met Antiochië het 'n nuwe tydperk in die kerklike organisasie begin t.w. een van die ontstaan van die verskeidenheid van selfstandige gemeentes of kerke en die eerste

........188/ open-

openbaring van die Christelike kerkverband. Op hierdie tweeledige wortel van kerklike organisasie het die tweeledige blom van die eenheid en die verskeidenheid van die Christelike kerk in die wêreld begin bloei.

Hier het ons die verreikende implikasie van die verskeidenheid maar ook van die ekumenisiteit van die Christelike kerk van alle tye soos dit b.v. treffend gestel word in die Rapport van die Ekumeniese Sinode. $ naamlik -

„Elk plaatselÿke kerk draagt een eigen stempel, een eigen vorm; geen twee plaatselyke kerken zÿn aan elkander gelÿkvormig. Het saamleven in een kerkverband heft dat verschil niet op. De kerk als instituut vertoont zich in evenveel vormen als er plaatselÿke kerken zÿn."

Die gemeente van Korinthe sou wel anders gewees het as die gemeente van Jerusalem of die van Antiochië. In hierdie geval kan ons spreek van die verskeidenheid van die kerk van Christus. Dit is kragtens hierdie verskeidenheid van plaaslike kerke dat hulle met mekaar behoort te verenig in een kerkverband om die eenheid van die kerk te soek en te openbaar. Dan kry ons die suiwerste eenheid in verskeidenheid met Christus as die ware sintese tussen die geestelike eenheid en die verskeidenheid van organisasie of kerklike instituut.

Dit beteken dan dat by die verskeidenheid van kerke dit gaan om kerke wat in hulle wese één is, maar ten opsigte van hulle gedaante, voorkoms en instituut verskil.

Kuyper sê in dié verband treffend:-

„De zending onder de heidenen en Mohammedanen moet zich in de prediking van de wet en van het Evangelie beide richten naar de bezonderen aard van het volk, waaronder ze optreedt, vooral naar het gehalte van haar afgodery; en voorts aan de Belydenis van den Christus volkomen vryheid laten, om zoodra ze tot eigen kerkformatie leidde, dien eigenaardigen vorm aan te nemen, die by de bestaanswyse van zulk een volk past." $$

Ondanks verskillende kerklike institute bestaan die unitas ecclesia as eenheid onder die Hoof van die Kerk.

Uit bogenoemde...../

$ Acta - Sinode Geref. Kerk in Suid-Afrika 1952 p.70.

$$ Kuyper Dr. A. : Historisch Document. Referaat over de zending. Utrecht 1890 Stelling No. 18, p.13.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat dit onmoontlik is om onder die enige algemene kerk die geïnstitueerde kerk te verstaan. Van die kerk as instituut kan nie gesê word dat dit van die begin af was nie. Dit behoort ook nie tot die wese van die kerk nie, maar tot die welwese.

Christus moes dus die geestelike eenheid van die kerk beklemtoon het.

Die eenheid van die kerk is dus nie institutêr of konfessioneel nie maar geestelik.

Dit kan dus ook gesê word dat alhoewel die plaaslike kerk geen afdeling of onderdeel van die algemene kerk is nie, dit tog 'n selfstandige deel daarvan is en dat dit ook geroepe is om met behoud van sy plaaslike selfstandigheid die grootste moontlike organiese verband met die algemene kerk van Christus te soek waaromtrent Christus self ook so gloedvol melding gemaak het in Mat.16:18 :- „Ek sê vir jou : Jy is Petrus, en op hierdie rots sal ek my gemeente bou en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie."

Op die sondige verdeeldheid of die sogenoemde pluraliteit van die kerk hoef ons nie in te gaan nie aangesien ook dié verskynsel in die kerk op dieselfde grondslag plaasvind as die van die verskeidenheid van die kerke, n.l. op die basis van plaaslike selfstandigheid soos ons dit skriftuurlik, teologies en geskiedkundig aangetoon het.

In teenstelling met die streng pluralistiese inslag van die eerste Christelike gemeentes waaraan Paulus so 'n lewende aandeel gehad het, wil ons net in die verbygaan wys op die absolutistiese neiginge van die ou Judaïsme waaraan Saulus van Tarsus voor sy bekering ewewel deelgehad het. Dit staan in verband met sy historiese besoek aan Damaskus.

Die hoëpriester en die Sanhedrin het jurisdiksie oor Jode in alle lande geëis en daar is deur die Jode dan ook voorkeur aan hulle gesag gegee in godsdienstige sake. Alle sinagoges, ook die wat nie onder die siviele jurisdiksie van die Joodse regering gestaan het nie, het gewilliglik gebuig onder die geestelike gesag van die hoëpriester en die Sanhedrin.

Teen hierdie agtergrond moet Saulus se reis na Damaskus gesien word. Volgens Hand.9: 1, 2 het Saulus wat dreiging en moord teen die dissiepels van die Here geblaas het na die hoëpriester gegaan en van hom briewe gevra aan die sinagoges in Damaskus sodat hy die volgelinge van Jesus wat hy daar mag vind geboeid na Jerusalem kon bring.

In Damaskus, die hoofstad van Sirië, was destyds tussen dertig en veertig Sinagoges met nie minder as 40,000 Jode. $

Volgens Hand.IX : 10 - 13 moes daar 'n aansienlike aantal Christene onder hulle gewees het. Vandaar dat Saulus daarheen op pad was om op uiters outokratiese wyse hulle gevange te gaan neem en geboeid na Jerusalem te neem.

Dit toon hoe absolutisties die Judaïsme destyds ingestel was en die onbekeerde Saulus saam met hulle. Later keur die bekeerde Saulus wat Paulus geword het, dit goed dat die gemeente van Antiochië op selfstandige wyse sonder die goedkeuring van die gemeente van Jerusalem vir hom en Barnabas uitstuur op 'n Sendingreis wat verreikende gevolge vir die Christelike Kerk sou hê en stig hyself verskillende gemeentes in Klein-Asië waaromtrent Jacobs $$ skrywe:-

> "Ten slotte werpen wy nog een blik op de brieven aan de Kl'Aziatische gemeenten Open. 1 - 3, die niet minder de volkomen zelfstandigheid der plaatselyke Kerk aantoonen,"

Dit impliseer dat die Christendom ook in teenstelling met die Judaïsme vryheid en korporatiewe selfstandigheid aan mense gebring het.

$ Pulpit Kommentaar van die Bybel. Hand. IX pag.282.
$$ Jacobs D. : a.w. pag. 80.

# H O O F S T U K VIII.

## PLURIFORMITEIT EN DIE NED. GEREFORMEERDE KERK AAN DIE KAAP TOT 1824.

I. Jurisdiksie oor die Kaapse Kerk.

(1) Die State-Generaal met sy patronaatsreg.

(2) Die Verenigde Nederlandse geöktrooiëerde Oos-Indiese Kompanjie.

(3) Die Hoë Indiese Regering.

(4) Die Politieke Raad.

(5) Die Klassis van Amsterdam.

II. Kerkformasie en Kerkverband in Suid-Afrika.

A. Kerklike verband in die tydperk 1652 - 1665.

(1) Die Gemeente.
(2) Die eerste „Gemeente" aan die Kaap. 1652 - 1665.
(3) Die Status van die eerste lidmate en „kerk" aan die Kaap.
(4) Status en werk van die Sieketrooster.
(5) Jurisdiksie oor die Sieketrooster.
(6) Kerklike verband tussen die Nederlandse kerk en die eerste Kaapse „kerk" 1652-1665.

(a) Onderlinge toestemming tot kerkverband tussen die Vaderlandse kerk en die „kerk" aan die Kaap.
(b) Gemeenskaplike belydenis en kerkorde.
(c) Die aard van die kerkverband.

B. Die tydperk 1665 - 1804.

(1) Die Gemeente (1665 - 1804).

(a) Die Status van die eerste Gemeente.
(b) Uitbreiding van die gemeente aan die Kaap.

(2) Die eerste kerkraad.

(a) Die instelling van die eerste Kerkraad.

(3) Die Ring.

(a) Die breëre kerkverband aan die Kaap.
(b) Die „Gecombineerde" Kerkvergadering.

(1) Die naam van die Kerkvergadering.
(2) Die Status van die vergadering.
(3) Afskaffing van die vergadering.

.....193/......

## HOOFSTUK V111.

## PLURALISME $ EN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN AFRIKA.

Ons gaan nou oor tot die behandeling van die ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde kerkverband in korporatiewe sin, gesien in die lig van die korporatiewe instellings van die Middeleeue en in die besonder van die kerkhervorming van die 16de eeu. Pluralisme op staatkundige gebied en pluriformiteit op kerklike gebied staan in verband met mekaar, want as hierdie vryheidsbeginsels van die pluralisme, naamlik verskeidenheid temidde van eenheid; plaaslike, korporatiewe selfstandigheid of soewereiniteit in eie kring; kontrakverband; regsoewereiniteit, ensovoorts, wat ons in die vorige hoofstukke behandel het van tyd tot tyd nie tot hulle reg gekom het op staatkundige gebied nie, dan sou van hierdie beginsels ook op kerklike gebied niks tot hulle reg gekom het nie want dan sou absolutisme ook ten opsigte van die kerk geseëvier het.

Ons probleem is nou om vas te stel in hoeverre daar in die Nederduitse Gereformeerde kerk van Suid-Afrika tot by die eerste Sinode van 1824 'n deurlopende lyn van die handhawing van hierdie vryheidsbeginsels of ten minste 'n stryd in verband met die handhawing van hierdie beginsels in Suid-Afrika op te merk is.

Prof. Dr. A.H. Murray skryf treffend :- „In Van Riebeeck's time the Netherlands had emerged triumphant from their struggle, against religious and political centralisation and absolutism and were emphatic in maintaining the rights and liberties of historic associations - religious and secular and the procedures of rule of law in their body politic. Van Riebeeck came to South Africa with the inspiration of the Reformation and at no time in its history does South Africa lose touch with the principles of that great movement of human freedom." $$

...........194/.. Prof......

$ In soverre die kerk aan die Kaap in sy vryheidstryd ook met die burgerlike owerheid te doen gehad het, gebruik ons die term „pluralisme en die kerk". Vir die pluralistiese uitinge op kerklike gebied gebruik ons die term „verskeidenheid of pluriformiteit van kerke."

$$ Murray. Prof. Dr. A.H. : Studies in Political Pluralism (No. 3) Prolegomenon to South-African Political Theory. The Franco-Gallia of Francis Hotoman. p. 1.

Prof. Murray het verder geskrywe :- "The institutions of the Reformed Churches are based on the same principles as were maintained by the Vindiciae and applied in the Plakkaat. To a greater extent than in any other body politic, the principle of the autonomy of the parts is maintained in the congregations or gemeentes of the Dutch Reformed Churches, and it is with this type of administration that the early Afrikaner stood in closest contact and of which he had direct experience." $

Veral laasgenoemde aanhaling uit Prof. Murray se werke wat spesifiek met die besondere pluralistiese inslag van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika te doen het, is vir ons studie van ingrypende belang en daarom konsentreer ons in die volgende hoofstuk alleen op die kerklik-godsdienstige aspek van die invoering en handhawing van die vryheidsbeginsels van die pluralisme aan die Kaap tussen 1652 - 1824 al dan nie.

Voordat ons egter kan probeer vasstel in hoeverre genoemde pluralistiese vryheidsbeginsels intern in die wordende kerklike lewe tot hulle reg gekom het, b.v. by die ontstaan en ontwikkeling van die Ned. Gereformeerde kerkverband in Suid-Afrika en die verhouding tot die owerheid in latere jare, moet ons eers stilstaan by 'n paar belangrike faktore waarmee die vroeë, ontluikende kerk aan die Kaap ekstern te doen gehad het omdat dit faktore is waarsonder die kerk self moeilik tot stand sou kon gekom het en ontwikkel het. Ons dink hier meer bepaald aan die State-Generaal in Nederland; die Nederlands-Oos-Indiese-Kompanjie; die Vaderlandse kerk en by name die Klassis van Amsterdam.

Aan hierdie instansies was die kerk aan die Kaap van die begin af ten nouste verbonde gewees.

Vrae soos die volgende moet in dié verband beantwoord word.

Wat was die historiese patronaatsreg wat die staat in Nederland en ook in die handelsgeweste oor die kerk uitgeoefen het?

Wat was die verhouding tussen die State-Generaal en die kerk in Nederland? Wat was die kontrakverband tussen

.....195/ die...

$ Murray. Prof. Dr. A.H : Studies in Political Pluralism No. 5. The Vindiciae Contra Tyrannos. Cape Town. 1956. p. 60.

die State-Generaal en die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie?

Wat was die status van die Nedersetting aan die Kaap in die oë van die kerk en die staat in die Vaderland?

In hoeverre het die kompanjie jurisdiksie oor die kerk aan die Kaap gehad,

Wat was die status en outoriteit van die klassis van Amsterdam ten opsigte van die kerk aan die Kaap? Waarom was dit juis hierdie klassis wat medesorgdraend vir die geestelike belange aan die Kaap opgetree het?

Het die dualistiese sorgdraendheid van die kompanjie en die klassis van Amsterdam ernsige implikasies vir die ontwikkelende kerk aan die Kaap ingehou?

Meeste van bogenoemde vrae en wel dié wat in verband staan met die verhouding tussen kerk en staat in Nederland en aan die Kaap word o.i. oorheers deur die historiese instelling van die patronaatsreg wat die owerheid eeue lank oor die kerk uitgeoefen het. Wat is die wese en oorsprong daarvan?

Dit bring ons nou daartoe om kortliks te let op -

I. <u>Die Jurisdiksie oor die Kaapse kerk.</u>

(1) <u>Die State-Generaal met sy patronaatsreg.</u>

Die patronaatsreg en die voogdyreg het hand en hand met mekaar ontwikkel. Bouwman wys daarop dat die kerkvoogd of advocatus ecclesiae 'n persoon was wat met die uiterlike beskerming van kerklike stigtinge belas was. Reeds in die Romeinse Ryk het die kerk al oor die reg beskik om uit die kollege advokate een te kies wat as sy verdediger kon optree en wat die bevoegdheid gehad het om direk, namens die kerk tot die hoogste amptenare te gaan. Hulle het namens die kerk ook 'n onbeperkte volmag gehad. $

„De eigenlÿke oorsprong van het patronaatsrecht is gelegen in de Germaansche rechtsbeschouwing omtrent den eigendom en het leenwezen." $$

As eienaar van 'n stuk grond was die Germaan ook heer van al die roerende goedere sowel as van die geboue op die grond. Volgens 'n bepaling van Karel die Grote (794) $$$ kon die persone op wie se grond kerklike geboue

...196/... gestaan..

$Bouwman H. Dr. Gereformeerd Kerkrecht Deel I. Kampen. 1928.pag. 188.
$$ Bouwman H Dr. : a.w.p.189.
$$$ Bouwman H Dr. : a.w.p. 189.

gestaan het, dié geboue nie van hulle bestemming vervreem nie. Nietemin kon hy die geestelikes wat daar arbei benoem, en het hy die plig gehad om vir die onderhoud van die geboue en van die geestelikes te sorg. Dis vanselfsprekend dat die geestelike arbeider dan onderhorig aan die grondbesitter of die „patroon was. Die bepalinge van die leenwese is gaandeweg op bogenoemde verhoudinge oorgedra en so het die leenheer die patroon, die advokaat, die senior of die voogd van die kerk met sy goedere en geestelikes geword.

Die kerk het hierteen beswaar gemaak ook en veral tydens die Sinode van Dordt. Tog is ook in die Dordtse Sinode die patronaatsreg opgeneem (vgl. Notule Sessione 156, 157) $ .

Hierdie patronaatsreg was volgens Gereformeerde beskouing 'n verkeerde instelling omdat volgens Gereformeerde beskouing Christus die mag aan die kerk gegee het en dat geen enkele persoon, ook nie die owerheid nie, hom die reg in die kerk mag aanmatig nie.

Volgens Bouwman het oor die algemeen die „patrone" dan ook nie met die hervorming saam gegaan nie maar Rooms-Katoliek gebly. $$.

Die reg waaroor die „patrone" beskik het, het gaandeweg in die hande van die owerheid oorgegaan.

In verband met die historiese patronaatsreg wat vir eeue lank dit vir die staat in Nederland en in Suid-Afrika moontlik gemaak het om in 'n meerdere of mindere mate beheer uit te oefen oor die kerkregering, wil ons uit die Acta van die Sinode van Dordt die volgende aanhaal :-

„Er is gedebatteert over het jus patronatus ten eynde dat het selve ofte gheheel end' al, uyt de Nederlantsche kercken wechgenomen; ofte ten minsten zoo bepaalt mochte worden dat de kerke daer door gheen nadeel en hadde. De Heerem Commissarisen hebben tekennen gegeven, dat het niet mogelyck en was dit recht geheelick wech te nemen dewyle de Heeren Staten nimmermeer zouden toelaten, dat die ghene die in deuchdelycke possessie van dit recht zyn, daer van

...197/... door ......

$ Biesterveld. P. & Dr. H.H. Kuyper. Kerkelyk Handboekje bevattende de bepalingen der Nederlandsche Synoden. (Post acta van de Nationale Synode van Dordt. 1618 - 1619. Kampen. 1905. Sessione 156. pag. 253.

$$ Bouwman Dr. H : a.w. p. 422.

door eenighe kerckelike constitusie zouden berooft werden ende dat daarom het Synodes zoude wel doen, beramende middelen, niet om dit recht geheel aff te schaffen; maar liever om de abusen desselfs (zoo daer eenighe zyn) te verbeteren." $

Wat toe in hierdie verband gedurende dit sitting van die Sinode van Dordt plaasgevind het beskrywe Bouwman in die volgende woorde :-

„De Staten-Generaal hadden in de geheime instructie aan de gecommitteerden ter Synode uitdrukkelyk gelast toe te zien dat hy de behandeling der K- O. het recht van patronaatschap in 't gemeen en particulier geconserveert en ongekrenkte bleef." $$

Dit het dan ook so gebeur; - Ook die groot Nasionale Sinode van Dordt wat in alle opsigte die lyne so suiwer getrek het, het dus - „als verslonden door de begeerte om eindelyk de kerkenordening door de Generale Synode met publiek gezag te zien bekleed." $$$ te veel aan die staat toegegee. „Zy kende namelyk aan de overheid het recht toe, hare gedeputeerden op de kerkraadsvergaderingen te zenden, zy sanctioneerde het patronaatsrecht zy gaf aan de overheid grooten invloed by de beroeping van de Dienaren des Woord, en vermeerderde terwille van de magistraet het aantal feestdagen met Nieuwjaarsdag en Hemelvaartsdag." $$$$

Ten spyte van hierdie toegewinge van die kant van die kerk het die „hooge overheid" weens hulle „verlangen om de overheid een krachtiger gezag en kerklyke zaken te verzekeren en om het patronaatsrecht tegen de invloed den kerkelyken te beschermen," $$$$$ nooit die Dordtse kerkorde geapprobeer nie. Oppervlakkig gesien het die staat deur middel van die historiese patronaatsreg in baie opsigte die kerk oorheers.

Selfs die Sinode van Dordt is „te samen geroepen ende ghehouden door ordre van de Hooghe Moghende Heeren Staten-Generaal der Vereenichde Nederlanden ( 1618 - 1619),

........198/.. en.....

$ Biesterveld P, en Dr. H.H. Kuyper : Kerkelyk Handboekje Handelingen des Nationalen Synode van Dordtrecht. 13 May. Sessione 156, 1618, pag. 253. Kampen. 1905. a.w. p. 253.

$$ Bouwman Dr. H : a.w. p. 423.

$$$ G. Voetius, aangehaal deur Dr. H. Bouwman, in De Dordtse Synode van 1618 - 1619. p. 63.

$$$$ Dr. H. Bouwman : De Dordtsche Synode van 1618-1619 p. 63.

$$$$$ B. Glasius. Geschiedenis der Nationale Synode p. 278. Leiden 1860.

en dit moes ook die besluite goedkeur.

Deeglike ondersoek het ons egter daarvan oortuig dat die patronaatsreg volgens sy ontstaan en voortbestaan i.p.v. 'n despotiese mag in die hande van die staat oor die kerk te gewees het, in wese eintlik veel eerder 'n vaderlike gesag was wat hom soms weliswaar op hardhandige wyse maar tog onder ideale omstandighede ten doel gestel het om, terwyl die kerk nog nie tot volle, korporatiewe volwassenheid gekom het nie, dit te beskerm, te versorg en, soos die taak van die owerheid trouens ook in Art. 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis beskrywe is, „die hand aan die heilige kerkdiens te hou ..... en die woorde van die Evangelie orals te laat preek, sodat God deur elkeen geëer en gedien word, soos Hy in Sy Woord beveel."

Met hierdie standpunt wat ons huldig ten opsigte van die patronaatsreg wil ons nie beweer dat hierdie gesag wat die owerheid in Nederland en aan die Kaap oor die kerk gehad en uitgeoefen het, nie ook tot „abusen" kon gelei en gelei het nie. Volgens 'n aanhaling hierbo het die owerheidsteenwoordigers by die Sinode van Dordt trouens self die moontlikheid van sodanige „abusen" erken en die kerk aangemoedig om middele aan die hand te doen om die „abusen" van die patronaatsreg (zoo daer enighe zyn) te verbeter.

Hierop kom ons later terug maar wat ons hier wil beklemtoon is dat dit ons bevinding en oortuiging is dat die patronaatsreg in sy wese nie 'n tiranniese staatsmag was nie, maar dat dit 'n sorgdraende mag van die kant van die staat was, wat in wese vir die kerk(afgesien van misbruike) niks anders wou wees as die sorg van die staat dat enige onderneming binne sy grense reg volgens wet bestuur sou word nie.

Om hierdie rede moet daar dan ook op gewys word dat alhoewel die staat soos ons sal aantoon ten opsigte van die <u>welwese</u> van die kerk b.v. die kerklike regering, soms diepgaande op die regte van die kerk ingegryp het, dit nooit werklik noemswaardig die wese van die kerk aangetas het nie. Die uitoefening van die patronaatsreg in Nederland en aan die Kaap het b.v. nooit soos dit dikwels beweer word die kerk <u>absoluut</u> onderhorig aan die staat gemaak nie. Wat die wese van die kerk betref d.w.s. Sy reg tot verkondiging van die Evangelie, die bediening van die Sakramente en, met sporadiese uitsonderings, ook wat betref die uitoefening van die kerklike tug, was die kerk op gereformeerde

.........199/ plura-...

pluralistiese grondslag altyd vry.

Die State-Generaal in Nederland was dus nooit in absolute sin die wettige owerheid van die kerk nie. Geestelik en leerstelling was die kerk altyd vry. So was dit ook in die geval van die kerk aan die kaap.

Maar, so verrys die vraag - was die kerk in Nederland en aan die Kaap dan nie as gevolg van staatsbemoeiing soos b.v. die uitoefening van die patronaatsreg „staatskerk" gewees nie d.w.s. „'n kerk wat regstreeks aan die mag van die staat onderworpe is en waarvan die burgers verplig is om lid te wees nie."? $

In Nederland en ook aan die Kaap was dit nooit die geval nie behalwe dat die Hervormde kerk gedurende die tyd van die Bataafse Republiek as „Staatskerk" beskou was! $$

Die kerkorde van Dordrecht was, soos goed bekend, nooit deur die owerheid goedgekeur nie. Die staat het tot in die 19de eeu sy patronaatsreg oor die kerk uitgeoefen maar dat die staatskerk gedagte nooit ware ingang in die Nederlande gevind het nie, getuig o.a. die volgende woorde van Prof. Dr. D. Nauta :- „ Tevoren waren trouwens pogingen in het werk gesteld om een staatskerk tot stand te brengen, vooral door mannen als Oldenbarneveldt en Wtenbogaert. Maar van kerkelÿke zÿde wilde men daarin niet treden." $$$

Alles in Nederland en aan die Kaap wys dus op 'n deurlopende wesentlike pluralistiese inslag in die verhouding tussen kerk en staat ten spyte van onloënbare bewyse dat die staat langdurig en diep op die welwese van die kerk ingegryp het. Ter stawing van bogenoemde stelling i.v.m. die pluralistiese inslag in die verhouding tussen kerk en staat in Nederland en mits dien ook aan die Kaap wys ons op die insiggewende woorde van Dr. J.Th. de Visser. $$$$

Prinsipieel - staatsregtelik gesien het daar volgens hom teoreties 'n groot verandering in die verhouding tussen kerk en staat gekom toe die „groote vergadering" in 1651 besluit het dat die „ware Christelyke Gereformeerde religie" met „de macht van 't land" gehandhaaf moes word. Die

..... 200/.. vryheid.....

$ Deipenhorst J.A. : Christelÿke Encyclopedie. Kampen. 1959. Deel lV. p. 215.

$$ Diepenhorst J.A.: Christelike Encyclopedie. Kampen. 1959. Deel lV. p. 215.

$$$ Nauta Prof. Dr. D : Christelyke Encyclopedie. Kampen. 1959. Deel lV. p. 229. 230.

$$$$ De Visser Dr. J.Th. Kerk en Staat. Deel II. p. 300. 3 dele. Leiden.

Die vryheid wat die Unie van Utrecht die provinsies gelaat het, was daarmee opgehef. „Van 1651 vormen de zeven geunieerde Nederlandsche provincies een Gereformeerden statenbond."

In werklikheid het die besluit egter geen wesenlike verandering tot gevolg gehad nie, aangesien die uitvoering van die besluit aan die verskillende state oorgelaat is.

Volgens Vos $ het die verhouding tussen die kerk en staat in die praktyk ook in hierdie tyd daarop neergekom. „De kerk beslist onafhanklik van de overheid in kerkelyke vergaderingen naar het woord Gods welke leer geleerd zal worden ........ doch de overheid doet prediken in het openbaar en doet handhaven de vastgestelde leer en kerkorde."

Die vraag omtrent die kontrakverband tussen die State-Generaal en die V.O.I.C. moet beantwoord word in die lig van die twee oktrooie wat die State-Generaal aan die V.O.I.C. in 1602 1622 gegee het.

Hieromtrent kan ons daarop wys dat die state-generaal op streng pluralistiese grondslag deur middel van 'n oktrooi in kontrakverband met die V.O.I.C. getree het.

Die oktrooi van 1602 sowel as die van 1622 begin met die woorde :- „De Staten-Generaal aggreeren en bevestigen by deser, vyt souveraine macht, ende authoriteit, oock met vaste wetenschap, onder die pointen, vryheden, ende voordeelen hiernae verklaart." $$

Dan volg die 46 punte van die oktrooi waarvan punte 7, 35, 44, 45, 46 besondere aanduidings van pluralistiese kontrakverband tussen die State-Generaal en die V.O.I.C. gee soos b.v. dat daar belasting aan die state-generaal betaal sal word, rapporte van die sukses van hulle reise ingedien sou word en dat die amptenare van die V.O.I.C. 'n eed van getrouheid aan die state-generaal sowel as aan die V.O.I.C. sal aflê, ens.

Dat hierdie oktrooi of kontrakverband tussen die state-generaal en die V.O.I.C. gesien moet word in die lig van 'n wedersydse erkenning van mekaar se korporatiewe selfstandigheid of soewereiniteit in eie-kring, getuig seker die feit

.......201.. dat, ....

$ Vos. G.J. Geschiedenis der Vaderlandsche kerk van 630 - 1842, 2de hersiene druk Dordrecht. 1888. pag. 112.

$$ Van der Chys J.A : Geschiedenis der stichting van de Vereenigde O.I. Compagnie. Leiden. 1857. p. 120.

dat, met verwysing na art. 7 van die oktrooi, waarvolgens hierdie ooreenkoms vir 21 jaar sal duur, Van der Chys geskrywe het :- „Voor een en twintig jaren gaf de regering alle magt over Indië uit hare handen en liet de Compagne vry om zoowel voordeel als verderf aan het Vaderland aan te brengen." $

$$ Van Ryswyk skrywe ook dat die State-Generaal alleen 'n „formele erkenning" van sy opperheerskappy van die V.O.I.C. verlang het.

Dit dien verder ook daarop gewys te word dat die kompanje wetgewende mag toegestaan is sodat hy sy „lex propria" kon uitbrei in verband met „alle sacken dese vereenichde Compagnien aangaande." Art. 2.

Dit het ook „Dominium potestasve" gehad en kon beoosten de Cape van boune esperance, mitsgaders in ende deur de enghte van Magellanes, mette princen ende potentaten verbintenissen ende contracten .... opten naem van de Staten-Generaal der vereenichde Nederlanden", Art. 35, aangaan.

Hierdie groot mate van outoriteit wat kragtens die oktrooi aan die V.O.I.C. gegee is het tot gevolg gehad dat die State-Generaal hom selde met die sake van die V.O.I.C. ingemeng het.

Die soewereiniteit van die State-Generaal oor die nedersetting en ook oor die „kerk" aan die Kaap was dus in die praktyk alleen 'n formele toepassing van gesag en daarom kan ons goedskiks oorgaan tot die behandeling van die jurisdiksie van 'n volgende gesagsinstansie naamlik die V.O.I.C. Die vraag is in hoeverre hierdie liggaam jurisdiksie oor die kerk aan die Kaap gehad het.

## II. DIE VERENIGDE NEDERLANDSE GEOKTROOIëERDE OOS-INDIESE KOMPANJIE.

Nadat verskillende konkurerende handelsmaatskappye van Holland gevaar geloop het om ten onder te gaan, is op kragtige aandrang van die landsadvokaat, Oldenbarneveldt, op 20 Maart 1602, die bekende Verenigde Oos-Indiese Kompanjie in die lewe geroep en met 'n oktrooi voorsien. $$$

.........202/ Die ..

$ Van der Chys J.A. : a.w. p. 144.

$$ Van Ryswyk W : Studies in Political Pluralism no. 7. Political ideas at the time of the Establishment of the V.O.I.C. and their influence on South African institutions. Cape Town. 1956. p. 58.

$$$ 'n Interessante beskrywing van die stigtingsgeskiedenis van die Kompanjie is te vind by F.W. Stapel se „Geschiedenis van Nederlandsch-Indie" 111. p. 7-44. Amsterdam 1938 - 1940.

Die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie is op federale grondslag georganiseer. Die sentrale bestuur was genoem Here XVll, en het bestaan uit verteenwoordigers van die Ses Kamers van die Kompanjie.

Die V.O.I.C is kragtens sy stigtingsakte met al die regte en bevoegdhede van 'n soewereine staat toegerus, behalwe dat hy vir sy beleid aan die State-Generaal verantwoording verskuldig was. $

Met hierdie vereniging van die verskillende Kompanië het die V.O.I.C. 'n monopolie van die handel gekry in die gebied van die Kaap die Goeie Hoop ooswaarts tot by die Straat van Magellaan - dit wil sê in die hele gebied van die Indiese en die Stille Oseaan $$. Hiervolgens het die Indiese sowel as die Kaapse Kerk in die gebied van die V.O.I.C. geval en kragtens die patronaatsreg waaroor die Kompanjie beskik het, het hy hom die regeermag oor die kerk toegeëin, veral ook omdat die oppertoesig van die State-Generaal alleen 'n dooie letter gebly het.

Die toesig en beheer van die V.O.I.C. oor die kerk was egter nie 'n kwessie van formaliteit nie, maar was gerugsteun deur egte en volhardende belangstelling in die „opbouwing van Godes kerk". Al het die eerste oktrooi geen melding gemaak van die godsdiens of die kerk nie en al het daar dus geen wettige verpligting op die V.O.I.C. gerus om hom oor die welvaart van die kerk te bekommer nie, het hy dit tog gedoen en was daar byvoorbeeld geen vloot van die V.O.I.C. wat nie predikante of sieketroosters aan boord gehad het nie. In die instruksie vir die eerste Goewerneur-Generaal vir Nederlands Indië wat in 1603 opgestel is, is byvoorbeeld die volgende opdrag aan hom gegee : „de predikanten en schoolmeesters op de vloot, om in Indië te blijven medegegaan sijnde, stellen ter plaatse daar gij na goede informatie zult bevinden, dat sij den besten en meesten dienst zullen kunnen doen, goede zorg dragende, dat dezelve zich, getrouwelijk en vredelik in hunnen dienst, tot vermaning van de personen van de Comp. aan land zijnde, en bevordering ter bekeering van de onkristenen en leering van derzelver jonge jeugd, mogen

...203/... kwijten....

$ V. Boetzelaar van Asperen, C.W.T. en Dubbeldam, De Protestantsche Kerk in Ned. Indië. S. Gravenhage. 1947 Pag. 2.

$$ Die Oktrooi van die Komp. is ook te vinde by Cau, Groot placaet - Boeck ; bls. 529-538; en Valentyn, De Beschrying van Oud en Niew Oost-Indiën, 1, bls. 186-191.

kwijten, ten einde de naam van Christus verbreid en der Comp. dienst mag bevorderd worden na behooren." $

Ook later in die Instruksie is daar melding gemaak van „de opbouing van Godes Kerk."

Die beste bewys vir die opregte belangstelling van die V.O.I.C. in die welsyn, ontwikkeling en opbouing van die „kerk" onder sy sorg is die feit dat tydens die twee eeue van sy bestaan die V.O.I.C. „ruim 900 predikanten geheel op haar kosten naar Indië uitgezonden (had) en daarnaast eenige duizende krankbezoekers en onderwyzers. Zy heeft miljoenen aan de behartigen dezer geestelyke belangen ten koste gelegd." $$

Dit wil voorkom asof dit die kerk as organisme was wat in die kerk as instituut so veel belang gestel het en dit in alle opsigte aangehelp het. Die lede van die V.O.I.C. wat ook lede van die kerk was, was blykbaar so Christelik of ten minste kerklik georiënteerd dat waar hulle as Kompanjie opgetree het, hulle, ongevra deur die kerk en onverplig deur die State-Generaal in die lidmate van die kerk en in die kerk as sodanig, belang gestel het.

As die kerk as instituut om een of ander rede versuim of nie by magte is om vir die geestelike belange van die gelowige lidmate sorg te dra nie, dan is daar prinsipieel niks teen in te bring nie dat die Christelike staat as deel van die kerk as organisme alle moontlike sorg sal dra vir die gelowige lidmate van die kerk - mits sodanige optrede van die staat nie die kerk as instituut in sy wese sal aantas nie.

Daarby het die V.O.I.C. kragtens die feit dat hy, „toegerust met alle bevoegdheden van eene staatkundige mogendheid" en as staat opgetree het, $$$ die jus patronatus oor die kerk ten volle beoefen en gehandhaaf het. Omdat daar in die eerste Oktrooi van die V.O.I.C. geen melding van die godsdiens gemaak is nie, het die Vaderlandse kerk ook geen regsgronde gehad waarvolgens hy die Kompanjie in een of ander rigting kon laat beweeg nie. $$$$

Selfs die bepaling in die tweede oktrooi, wat van die Kompanjie die „conservatie van het publique geloof" geëis

...204/.. het, en...

$ J.R. Callenbach : Justus Heurnius. p. 16. Nykerk. 1897.

$$ Dr. C.W.V. van Boetzelaar van Asperen en Dubbeldam. a.w. p. 5.

$$$ J. Mooy : Geschiedenis der Protestantsche Kerk in Nederlandsch-Indië. pag. 476. Batavia. 1923.

$$$$ J.R. Callenbach : a.w. bls. 14.

het, en dus aan die Nederlandse kerk 'n moederreg gegee het. $, het nie aan die Vaderlandsekerk die mag verleen om kerklike beheer oor die Indiese en Kaapse kerke te kry nie want kragtens sy soewereine magte het die V.O.I.C. van die begin af ook oor die kerke onbeperkte patronaatsreg verkry $$ wat hy ook met krag gehandhaaf het sodat hy nooit „eenig feitelik gezag aan de Vaderlandsche kerk" $$$ toegeken het nie.

Uit wat ons hierbo behandel het is dit duidelik dat die State-Generaal in Nederland die Nedersetting aan die Kaap gesien het as behorende aan die V.O.I.C., en dat ook die Vaderlandse kerk dit aanvaar het dat die V.O.I.C. beheer oor die administrasie en „regering" van die kerk aan die Kaap gehad het.

Aan die anderkant was dit ook waar dat „slechts zelden de gezagskwestie in kerkelyke zaken in al haar scherpte gesteld werd; meestal trachte men de klippen te omzeilen." $$$$

Terwyl die V.O.I.C. deur sy oorheersing dikwels die kerk in sy ontwikkeling gestrem het, het hy tog, gesien die feit dat hy 'n handelsmaatskappy was, waardevolle dienste vir die kerk gelewer en nie die wese van die kerk aangeraak nie.

Die streng geestelike inslag van die volksplanting aan die Kaap moet ook aan die spontane belangstelling van die V.O.I.C. in die kerk toegeskrywe word.

Van Riebeeck het opdrag gekry om „Godes Kerk" aan die Kaap op te bou. Godee Molsbergen wys daarop dat die woorde „ende onder deze wilde brutale menschen mogelyk sijnde Uwe ware gereformeerde Christelyke Lere mettertyt mochte voortgeplant ende verbreid worden." spesiaal in die formelier-gebed wat Jan van Riebeeck op die stigtingsdag gelees het, ingevoeg is. $$$$$

Verder het die V.O.I.C. soos ons later sal sien, deur middel van sy verteenwoordigende rade die nouste kontak en beheer oor die Kaapse kerk gehandhaaf en vir sy welsyn probeer sorg.

## III. DIE HOË INDIESE REGERING.

...205/ Die ...

$ J.R. Callenbach : a.w. bls. 15.
$$ J.R. Callenbach : a.w. bls. 14.
$$$ J.R. Callenbach : a.w. pag. 31.
$$$$ C.W. von Boetzelaar v. Asperen en Dubbeldam. a.w. p.25.
$$$$$ Dr. E.G. Godee Molsbergen : De Stichter van Hollands Zuid-Afrika p. 76.

Die liggaam wat die V.O.I.C. in Oos-Indië verteenwoordig het was genoem die Hoë Indiese Regering.

Omdat die Kaap staatkundig en kerklik as onderdeel van Nederlands-Indië beskou en behandel is $ het die Kaap uit die aard van die saak onder toesig en beheer van die Hoë regering in Indië gestaan.

As gevolg van die feit dat die Kaap so ver van Oos-Indië af was en die kommunikasiemiddele beperk en ondoeltreffend was en die probleme aan die Kaap ook so verskillend van die in Indië was $$, het die Kaapse kerk maar meer in naam onder jurisdiksie van die Hoë Indiese Regering gestaan en is die kerk aan die Kaap meer bepaald deur die Politieke Raad beheer en regeer.

Die amp van Kommissaris wat deur die Hoë Indiese Regering ingestel is om hom aan die Kaap te verteenwoordig was nie 'n sukses nie. $$$ Die verblyf van die Kommissarisse aan die Kaap was baie kort en dit was gevolglik moeilik om kontrole te hou oor die uitvoering van die instruksies wat gegee is. Die een kommissaris het ook dikwels die werk van die ander gekanselleer.

Kommissaris Baron von Imhoff, 'n Lutheraan, het egter konstruktiewe werk verrig deurdat hy opdrag gegee het tot vermeerdering van die gemeentes aan die Kaap en dit het later regstreeks gelei tot die **ontstaan van die Gecombineerde** vergadering wat die voorloper was van 'n institutêre kerkverband in Suid-Afrika in latere tye.

Alhoewel die Hoë Indiese Regering alleen op gebrekkige wyse jurisdiksie oor die Kaapse kerk kon uitoefen het hy dit tog gedoen soos blyk uit die volgende :-

1. Van Riebeeck is beveel om toe te sien dat Sieketrooster Wylant nie sy preke vry voordra nie. $$$$.
2. Instruksies in verband met die doop van heidenkinders aan die Kaap is in 1664 gegee. $$$$$
3. In 1725 is bepaal dat deurreisende predikante van die Kompanjie „des verzoekende wel sessie verleend worden"

...206/... op de ......

$ Van Troostenburg de Bruyn. C.A.L. de Hervormde kerk in Nederlandsch Oost-Indië 1602-1795. Arnhem 1884. p. 307.
$$ A.L. Geyer : Die Stellenbosse Gemeente in die 18de eeu. Kaapstad. 1926. p. 16.
$$$ A.J. Boeseken : Die Ned. Kommissarisse en die 18de Eeuse Samelewing aan die Kaap. pag. 72. 'S Gravenhage. 1938.
$$$$ Leibrandt : Precis of the Archives of the C of G.H. letters and Doc. Received. pag. 129. Riebeek's Journal, 12 dele. Cape Town. 1897.
$$$$$ C. Spoelstra : a.w. 11. p. 263.

op de kerkraad. $

4. In 1754 is instruksies uitgevaardig om teen die nalatigheid van diakens in hulle dienswerk streng op te tree. $$.

5. In 'n skrywe van die Politieke Raad aan die Kaapse Kerkraad in 1674 is die Kerkraad daarvan in kennis gestel dat dit „strydig met de ordre van India" was om 'n Politieke kommissaris tot ouderling te kies.$$$

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die Kaapse kerk in direkte verband van onderhorigheid aan die Hoë Indiese Regering gestaan het en dat dit eintlik formeel vanuit Indië geregeer is.

## lV. DIE POLITIEKE RAAD.

Kragtens Art. 35. van die Oktrooi, waardeur die Oos-Indiese Kompanjie in 1602 van die Nederlandse Owerheid sy bestaansreg ontvang het, het ook die latere verversingspos aan die Kaap onder die bestuur van die Bewindvoerders van die V.O.I.C. geval. Die enigste destydse regeringsliggaam aan die Kaap was die Politieke Raad wat bestaan het uit : die Kommandeur (Van Riebeeck) as voorsitter, die sekundus, die sersant, die boekhouer en die sekretaris. $$$$

Soos reeds aangetoon is dit duidelik dat die Kaapse kerk offisiëel onder die Hoë Indiese Regering gestaan het. In die praktyk was die bemoeiinge van die Hoë Indiese Regering met die Kaap egter so sporadies dat dit nie van veel betekenis was nie. Die versamelde statute in verband met kerklike sake van omstreeks 1782 $$$$$ bevestig bogenoemde stelling. In die versameling kom alleen 'n paar artikels uit die Kerkorde van Diemen voor waarvan alleen enkele betrekking kon gehad het op die Kaapse kerk. Boeseken $$$$$$ wys ook daarop dat die sporadiese instruksies van die Hoë Regering aan die Politieke Raad aan die Kaap dikwels onuitvoerbaar en soms heel temal onduidelik was.

Die eintlike gesaghebbende liggaam wat die V.O.I.C. aan die Kaap verteenwoordig het was die Politieke Raad.

.......207/. Met ....

$ C. 715 Statuten van Indiën. pag. 457.
$$ C. 715.Statuten van Indiën. pag. 456.
$$$ C. Spoelstra. a.w. ll. pag. 263.
$$$$ A.J.H. v/d Walt; J.A. Widd; A.L. Geyer; Geskiedenis van Suid-Afrika. Deel II p. 27. Kaapstad.1951.
$$$$$ C. 715. Statuten van Indiën p. 449. v.
$$$$$$ A.J. Boeseken. a.w. p. 126.

Met hierdie owerheid het die Kaapse Kerk in werklikheid te doen gekry. Op gesag van die V.O.I.C. en met sporadiese instruksies van die Hoë Regering van Indië was die Politieke Raad onder leiding van die kommandeur die eintlike „Bewindhebberen" aan die Kaap en ook oor die Kaapse kerk.

Hierdie Raad het die bywoning van die eredienste verpligtend gemaak $; vas- en biddae uitgeskrywe $$; toesig gehou oor die Sieketrooster $$$; tot 1690 ouderlinge aangestel en deurgaans ook diakens aangestel uit 'n dubbeltal wat deur die kerkraad genomineer is $$$$; gereëlde verslag van kerkraadsvergaderings geëis $$$$$; Sieketroosters en voorlesers aangestel $$$$$$; oor die doop van heiden-kinders besluit $$$$$$$; besluite gevel in verband met die stigting van gemeentes $$$$$$$$; grenslyne tussen gemeentes bepaal $$$$$$$$$; spesiale opdragte aan gemeentes gestuur $$$$$$$$$$ spesiale vergaderings belê $$$$$$$$$$$; kerkdienste verander $$$$$$$$$$$$; en selfs opdrag aan gemeentes gegee om vinniger te sing. $$$$$$$$$$$$$.

Politieke Kommissarisse het as verteenwoordigers van die Politieke Raad in die nouste verband met die gemeentes gestaan. Hulle het die kerkraadsvergaderings bygewoon soms om spesiale opdragte aan die gemeentes uit te voer. $$$$$$$$$$$$$$.

Dit het soms ook gebeur dat die kommissaris politiek as gevolg van „sobere voorraad van paarden" nie die kerkraadsvergaderings in buitegemeentes kon gaan bywoon nie en dan is opdrag aan die kerkrade gegee om die „kerkelyke rekeninge" so gou as moontlik aan die kommissaris Politiek te stuur om deur hom nagesien te word.

Die diakonie van die Kaapse kerk het onder die beheer van die Politieke Raad gestaan. Die diakens is deurgaans

...208/ deur..

$ C. Spoelstra : a.w. l. pag. 3.
$$ C. Spoelstra.: a.w. l. pag. 8.
$$$ H.C. Leibrandt : Precis of the Archives Letters Recived p. 129.
$$$$ C 6 Resolusies van die Politieke Raad.p.327
$$$$$ H.C.V. Leibrandt : a.w. Journal 12.Des.1673.
$$$$$$ A.L. Geyer : a.w. pag. 37.
$$$$$$$ C 16 Res. v.d. Pol. Raad 1621 p.45.
$$$$$$$$ C. Spoelstra : a.w. p. 601.
$$$$$$$$$ C. Spoelstra : a.w. ll. p. 494.
$$$$$$$$$$ C 38. Resolusies v.d. Pol. Raad 1746.p.77
$$$$$$$$$$$ C 16 Res. v.d. Politieke Raad 1722.p.280.
$$$$$$$$$$$$ C 41. Resolusies v.d. Politieke Raad 1749.p.26.
$$$$$$$$$$$$$ Spoelstra : a.w. ll. p. 311.
$$$$$$$$$$$$$$ C 38. Resolusies van die Politieke Raad 1746. p. 77.

deur hierdie Raad gekies en die Raad het maatreëls getref teen enige moontlike verwaarlosing van pligte. $ Ook wat die kerklike tug betref het die Politieke Raad ingegryp. By een geleentheid het die Raad 'n evangeliedienaar self gestraf $$ en by 'n ander het hy die straf wat deur 'n kerkraad toegepas is, opgehef. $$$

Die noue verband tussen kerk en staat het in sommige opsigte die kerk in sy ontwikkelingsgang gestrem en in ander opsigte, soos ons sal dien, dit weer bevorder.

Namate die kerklike lewe aan die Kaap tot ontplooiing gekom het, het die drang tot onderlinge kerkverband tussen die verskillende gemeentes ook sterker geword. In die 17 de eeu kon die gemeentes of kerkrade byvoorbeeld met toestemming van die Politieke Raad in spesiale gevalle raad hou met buurkerkrade. $$$$. Sodanige onderlinge beraadslaging het vir kerkrade in 'n gevoelde behoefte voorsien.

Die drang tot die samestelling van 'n meerdere vergadering het in die eerste helfte van die 18de eeu egter so sterk geword dat die Politieke Raad verplig was om in 1745 toe te stem tot die sameroeping van die eerste offisiële meerdere vergadering aan die Kaap wat genoem was die gekombineerde kerkvergadering.

Besonderhede omtrent hierdie belangrike vergadering sal later behandel word. Hier is dit net nodig om daarvan melding te maak asook om die feit te konstateer dat dit onder die geringste provokasie in 1759 deur die Politieke Raad weer afgeskaf is. Die ernstigste pogings, ook van die kant van die Classis van Amsterdam, kon nie daarin slaag om die Politieke Raad te beweeg tot verlof vir die herinstelling te gee nie. Die owerheid was skynbaar vasbeslote om die koördinerende mag tussen die gemeentes te bly behou en gesag oor hulle uit te oefen.

Teen hierdie oorheersing van die kant van die staat is tot aan die einde van die 18de eeu feitlik geen beswaar

..209/.aan....

$ C. 715. Statuten van Indiën p. 457.
$$ C. 29. Resolusie van die Pol. Raad. 1736. p. 288.
$$$ C. Spoelstra : a.w. II. p. 295.
$$$$ C. Spoelstra : a.w. II. p. 377.

aangeteken nie. As verklaring hiervoor kan miskien dien die feit dat die moederkerk in Holland by monde van die beroemde Dordtse Sinode van 1618 soos ons daarop gewys het openlik die patronaatsreg van die owerheid erken het en daarin berus het. Hoe kon die ontluikende kerkie aan die Kaap dan anders daaromtrent optree. Die indruk is sterk dat die kerk aan die Kaap die toestand as heeltemal normaal aanvaar het en dat die kerk die heersende verband van „onze Heeren en meesteren" oor hom selfs verwelkom het.

Die noue verband wat in daardie dae tussen kerk en owerheid bestaan het, het in verband met kerkrade en hulle werksaamhede in 'n besondere sin tot openbaring gekom en wel in die persoon van die bekende verteenwoordiger van die Politieke Raad, die Kommissaris Politiek, wat die owerheid op kerkraadsvergaderings verteenwoordig het.

Hierdie reg van die owerheid waarvan hy destyds ook aan die Kaap gebruik gemaak het, is oorspronklik deur homself in Geneve in die Ordonnanses Ecclesiastiques vir hom as owerheid gereserveer. $

Dit is by verskillende geleenthede ook deur Sinodes goedgekeur en verwelkom. Volgens die woorde van Voetius „als verslonden door de begeerte om eindelik de kerkeordening door de Generale Staten met publiek gezag te zien bekleed" het die Sinode van Dordt in 1619 hierdie Art. (No. 34) uit die kerkorde van die Sinode van S'Gravenhage oorgeneem.

Wat ons in dié verband interesseer is :-

1. Wat die betrokke statute in verband met die Kommissaris Politiek as verteenwoordiger van die owerheid in kerklike sake bepaal het, en
2. In hoeverre sy optrede en mitsdien die optrede van die Staat die ontwikkelingsgang van die gereformeerde kerkverband in Suid-Afrika ondermyn of gestrem het al dan nie.

Wat vraag (1) betref haal ons aan uit die statute van Indië wat ook van toepassing was aan die Kaap en wat die volgende omtrent die Kommissaris Politiek bepaal het :-
„Gelyk mijne Heeren van de Hooge Regering, by die van den

..... 210/ 14den

$ H. Bouwman : Gereformeerd Kerkrecht. Deel 1. p. 245. Kampen. 1928.

$$ H.H. Kuyper : Post-Acta. p. 302. Dordrecht. 1899.

14den May 1694, na Ceylon, ook met nadruk gelieven te commanderen, dat geen gebied of dwinglandÿe mag gebruik werden over de vryheit van de kerklÿke Vergaderingen, waar ook die mogten gehouden werden, ingevalle dat men daarin iets verhandeld dat de regering mag raeken, of dezelve van enig belang wesen dat alsdan door den Commissaris Politicus, die daer altyd zÿn zitplaat kan nemen, haer met een behoorlyke modestie doen representeeren en aanseggen, alles dat in diengelÿke gelegenheyt goed, billyk, en nodig is bevonden. Alle dispuyten en redekavelinge zullen met Haar Ews. dienen gemeyd, dog het besluyt van kerkenrade, bÿ het rapport van den Commissaris, moet Haer Ed. Agtbare werden bekend gemaekt." $

Hiervolgens word die vryheid van die kerk gewaarborg en word dit bepaal dat die Kommissaris Politiek moes toesien dat op die kerkraadsvergaderinge niks behandel sou word wat tot nadeel van die Regering van die land sou kon strek nie.

Wat die vraag betref of die teenwoordigheid en optrede van die Kommissaris Politiek by kerkraadsvergaderings nie die wese van die kerk aangetas het nie, kan daarop gewys word dat net soos die Kommissaris Politiek in Nederland volgens Voetius $$ nie die „wezen eener Synode" uitgemaak het nie dit aan die Kaap ook nie die geval was nie.

Hulle was wel verteenwoordigers van die owerheid wat kragtens die Nederlandse Geloofsbelÿdenis (Art. 36) amptelik geroepe was „ook die hand te houden aan den Heiligen Kerkedienst," en Kerkorde (Art. 28) die kerkdiens op alle moontlike maniere moes bevorder, maar dit het nêrens ingesluit 'n bemoeiing met die grondbeginsels van die kerk en die Godsdiens nie.

Van die Politieke Kommissarisse van die Nederlandse Kerke kon hoogstens gesê word : „Rechtens bezaten zÿ een adviserende stem, doch feitelijk een dictatoriaal gezag, en bemoeiden zich veelal met alle voorkomende zaken, als waren zij de bestuurders der kerk." $$$

Van inmenging in beginselsake was daar geen sprake nie - ook nie aan die Kaap nie.

211/.. Die .......

$ Spoelstra : a.w. Deel II. bls. 607.
$$ Christelike Encyclopaedie : Politieken p. 590.

$$$ G.J. Vos : a.w. pag. 150.

Die Politieke Kommissarisse aan die Kaap het weinig rede vir klagte gegee; daarom is hulle selfs „seer vriendelÿk verwellekomt" en met „behoorlÿke eerbied ontfangen." $ Dit het selfs gebeur dat Politieke Kommissarisse op spesiale versoek van kerkrade gestuur is. $$

Volgens Rutgers $$$ was die mag van die Kommissaris Politiek „nogal groot" maar nooit het hulle die wese van die kerk en die godsdiens probeer aantas nie en was daar aan die Kaap ook nooit beswaar gemaak teen hulle teenwoordigheid nie. Daar kan dus met reg gekonkludeer word dat die verhouding van die sekulêre owerheid teenoor die kerk as vrye korporasie sodanig was dat die owerheid nooit en nêrens die kerk in sy wese aangetas het nie behalwe in sommige gevalle wat die tug betref.

Inteendeel moet dit erken word dat die owerheid in baie opsigte besonder baie gedoen het vir die bevordering en uitbouing van die kerklike lewe aan die Kaap.

Die owerheid het dan ook byna deurgaans wellewend teenoor die kerk opgetree en nie alleen is aan die kerk die versekering gegee dat sy belange beskerm sou word nie $$$$ maar is daar volgens Geyer vir die belange van die kerk ook goed gesorg. $$$$$

Die owerheid het sy patronaatsreg met beslisdheid gehandhaaf maar daar is ook met wysheid en wellewendheid teenoor die kerk opgetree. Die kerk is byvoorbeeld toegelaat om verband te hou met die moederkerk. Acta van Sinodes in Holland is aangestuur, korrespondensie met die kerk van Noord-Holland kon ongehinderd plaasvind en die leiding van die moederkerk kon met vrymoedigheid gevra en gevolg word.

Die owerheid het die kerk toegelaat om nie alleen in noue verband met die moederkerk te ontwikkel nie maar ook op dieselfde gereformeerde grondslag as die moderkerk. Hieromtrent sê Theal :- „in practise it was guided by the decrees of the Synod of Dordt." $$$$$$

Ter uitvoering van Art. 36 van die Hollandse Geloofsbelydenis naamlik „om die hand te hou aan die heilige kerk-

.......212/ diens ...

$ C. Spoelstra : a.w. Deel 11. pag. 380.
$$ C. 509. Uitgaande Brieven p. 386. C. 7. p. 372.
$$$ H.C. Rutgers : Kerkelyke Deputaten hun werking en bevoegdheid, inzonderheid gelyk deze gekend worden uit de handelingen der Zuid-Holland Synoden en deputaten - Amsterdam. V.N. Kampen. 1910.
$$$$ C.105. Resolusies van die Pol Raad. 10. Febr. 1794. p. 537.
$$$$$ A.L. Geyer : a.w. p. 22.
$$$$$$ G. Mc. Call Theal : Chronicles of Cape Commanders p. 137. Cape Town. 1882.

diens" het die owerheid vir die kerk aan die Kaap goed gesorg.

Die gesindheid van die kerk teenoor die Politieke Raad as owerheid was in die reel ook baie goed. Treffend skrywe Ds, J. Overney aan die Classis van Amsterdam :- „hier is een fraei man die het opperhooftschap bekleedt en een seer ordentelycke regeringe." $

Dit kon meer of min van alle goeweneurs van daardie tyd gesê gewees het. Dit is nie bekend of selfs W.A. van der Stel teen die kerk opgetree het nie.

Geyer wys daarop dat selfs toe 'n landdros van daardie tyd beswaar gemaak het teen die kiesing van 'n sekere J. van der Heiden as ouderling omdat hy 'n teenstaander van Van der Stel was, die Politieke Raad hom nie in sy protes gesteun het nie. $$

Die kerk het selfs die hulp en steun van die owerheid in verband met kerklike sake ingeroep. So het die kerkraad van Drakenstein in 1772 byvoorbeeld die Politieke Raad versoek om een of ander „convenabel middel in't werk te stellen," vir die oplossing van die bekende Theron-geskil. $$$. So is die Politieke Raad deur die kerkraad van Waveren byvoorbeeld gevra om hom in te meng in verband met die doopsbediening van kinders waar dit nodig was $$$$ en deur die kerkraad van Graaf-Reinet om in te gryp in die geval van lidmate wat versuim om die kerk geldelik te steun. $$$$$

Finansiëel was die kerk diep afhanklik van die owerheid en waar laasgenoemde hom dan ook nie onbetuigd gelaat het nie het dit byvoorbeeld 'n lofbetuiging soos die volgende uitgelok :- „de grote voorregt te leven onder Christen overheden die voedsterheeren van Gods kerk zijn en 't welvaren van Zion ter harte nemen." $$$$$$

Vir ons is die implikasie duidelik dat ten spyte van die skynbare radikale oorheersing van die staat oor die

213/ .. kerk - ....

$ C. Spoelstra : a.w. 1. p. 28.
$$ A.L. Geyer : a.w. p. 22.
$$$ C. 64. Resolusies van die Pol. Raad. 1772. p. 177
$$$$ C. 101. Resolusie van die Pol. Raad 1793. p. 696.
$$$$$ C. 105. Resolusies van die Pol. Raad. 1794. p.768.
$$$$$$ C. 454. Inkomende Brieven 22/6/1755. p. 795.

kerk - die owerhede in baie gevalle „voedsterheeren van Gods kerk" was en dat hulle ingrypende bemoeiinge met die sake van die kerk nie tot die wese van die kerk ingedring het nie behalwe in sommige gevalle wat tuguitoefening betref. Dit is dus duidelik dat ten spyte van die lastige bemoeiinge van die kant van die owerheid wat b.v. finansiëel gesien, tog in baie opsigte, nie net noodsaaklik maar ook heilsaam was nie, die kerk aan die Kaap in sy diepste wese tog homself gebly het en dat kerk en owerheid na alles tog wesenlik pluralisties gefundeerd was.

V. DIE KLASSIS VAN AMSTERDAM.

Wat die aspek van jurisdiksie van die kerk aan die Kaap betref moet die status en posisie van die Classis van Amsterdam in die opsig ondersoek en vasgestel word. Dit bring ons tot die vraag van waarom die klassis en die kerkraad van Amsterdam so spesifiek geestelik sorg gedra het vir die kerk aan die Kaap ? Wat was die status en posisie van die klassis in die verband?

As dit in aanmerking geneem word dat Amsterdam die belangrikste Nederlandse hawe in die 17de eeu asook die hoofsetel van die V.O.I.C. was dan is dit begryplik dat die kerklike betrekkinge met die oorsese dogterkerke hoofsaaklik deur die Klassis en kerkraad van Amsterdam gehandhaaf is. „Geen stad kwam in het Compagnie's bestuur zoo naar voren als Amsterdam .... De Classis van Amsterdam had in kerkelyke zaken de opperste leiding." $

Die rede hiervoor is dat Amsterdam, miskien as gevolg van sy bevoorregde posisie heel vroeg reeds aan die geestelike belange van persone, wat heen en weer na die handelsgeweste gevaar het, aandag geskenk het.

Die wenslikheid van 'n predikant of sieketrooster op die skepe is volgens Van Dubbeldam $$ al in 1598 in Amsterdam gevoel. In Junie 1601 het die Provinsiale Sinode te Amsterdam besluit „dat het werk der Classis is om uit te zien naar predikanten voor Indië." $$$

.......214/.. Aangesien....

$ Godée Molsbergen. Dr. E.C. : a.w. p. 47.

$$ C.W. Th. Baron von Boetzelaar van Asperen en en Dubbeldam. De Gereformeerde kerken in Nederland en de zending in Oost Indië in de dagen der Oost-Indische Compagnie. Utrecht. 1906. p. 24.

$$$ Van Dubbeldam : a.w. p. 25.

Aangesien die Provinsiale Sinode wat in 1601 bogenoemde besluit geneem het nie weer voor 1618 vergader het nie het die Classis van die begin af bovermelde taak verrig. $

Op sy beurt het die Classis van Amsterdam weer van tyd tot tyd spesifieke werksaamhede waarvoor hy verantwoordelik was aan die kerkraad van Amsterdam opgedra.

„Zeker was de kerkeraad door zÿn wekelyksche vergaderingen en zÿne aanwezigheid in het Centrum van acte veel beter geschikt voortdurend handelend op te treden dan de Classis ...... en niet alleen de onderhandelingen met de teruggekeerde krankbezoekers, maar nagenoeg de geheele zorg voor de Indische zaken gaat nu over van de Classis op den kerkeraad.......... Slechts het examineeren en afvaardigen van predikanten heeft de Classis steeds als haar particulier domein beschouwd." $$

In 1642 het die Sinode van Noord-Holland besluit „dat de zorg voor de buitenlandsche kerken opgedragen is aan de Classis van Amsterdam, $$$ en hiermee het die Sinode net bevestig wat sedert 1602 reeds 'n vaste gebruik was.

Nadat ons vasgestel het wat die status van die Klassis van Amsterdam ten opsigte van die behartiging van die geestelike belange van die buitelandse kerke en daarom ook van die kerk aan die Kaap was, wil ons ook besin omtrent wat vergelykenderwys die jurisdiksies van die V.O.I.C. en die Klassis van Amsterdam oor die kerk aan die Kaap was.

Kragtens die patronaatsreg waarvolgens die V.O.I.C. in die Oktrooi van 1622 die opdrag gekry het om „boven dien nog te conserveeren het publique geloof" $$$$ het die V.O.I.C. volgens tallose bewyse getoon dat hy ook oor die kerk, in die handelsgeweste en dus ook aan die Kaap - die „Heren Bewindhebberen" was en wou wees. Die Klassis van Amsterdam het trouens self in 'n brief die Here XVll as „Heeren Bewindhebberen", $$$$$ aangespreek. Hierdie stelling wat ons maak wil ons egter opnuut kwalifiseer n.l. dat hierdie „bewindvoering byna sonder uitsondering geslaan het op die

.....215/ kerkregering ...

$ Callenbach J.R : Justus Heurnius. Nykerk. 1897. p. 29.
$$ Van Dubbeldam C.W. Th. Baron von Boetzelaar. De Gereformeerde kerken in Nederland en de zending in Oost-Indië. Utrecht. 1906. p. 27.
$$$ Van Troostenburg de Bruyn : a.w. p. 116.
$$$$ Historisch verhaal van het begin, den voortgang en den tegenwoordigen staat des koophandels van de Generale Nederlandsche Geoctroyeerde Oost-Indische Compagnie Deel II. Arnhem, 1772. p. 330.
$$$$$ Spoelstra Boustowwe. Deel II. p. 116.

kerkregering of kerkinrigting of welwese van die kerk en nie op die wese van die kerk nie.

Dat die Klassis van Amsterdam wat die kerkinrigting betref nie veel meer as 'n skakel tussen die kerk aan die Kaap en die Here XVll was nie, terwyl laasgenoemde ook in kerklike sake die laaste woord gespreek het word o.a. geïllustreer deur die voorval met Ds. Kalden.

In 'n brief gedateer 26 April 1707 deel Ds. Kalden n.l. die Klassis mee dat hy deur die Here XVll na die Vaderland ontbied is. Hy versoek nou die tussenkoms van die Klassis sodat hy, indien dan nie as predikant nie, dan ten minste as „vryman", aan die Kaap mag bly." $

Volgens Art. 16 van die Instructie aan predikante en sieketroosters word dit immers bepaal dat dit „altyts in 't vermogen van de Bewindhebbers zal wezen de predicanten ende Sieckentroosters .... oock selfs binnen den eersten bedongen tÿt wederomme 't ontbieden, sonder gehouden te sÿn van soodanig wederom-ontbiedinge eenige reden of 't oorsaecke te geven." $$

Skynbaar kon die Klassis niks in hierdie verband vermag nie want daar kan geen antwoord van die Klassis aan Ds. Kalden omtrent dié saak opgespoor word nie.

Selfs so 'n suiwer kerklike saak as die toesending van 'n kopie van die Sinodale Acta van die Vaderlandse kerk aan die Kaapse kerk is eers deur die Klassis aan die Here XVll voorgelê.

In sy brief van 17 Des. 1713 skrywe die Klassis van Amsterdam aan die Kaapse kerkraad : „Wy hebben ook aan de Heeren Bewindhebberen voorgedragen, dat de kercke aan de Caep wel wenschte, met een Copyo van de Synodale acten voorsien te werden; en hoewel wÿ geen antwoord daerop tot noch toe gekregen hebben, soo sÿn wÿ echter in die hoope dat sulks sal toegestaan werden." $$$.

Hierdie is duidelike woorde en dit getuig beslis van die feit dat die V.O.I.C. in die eerlike en getroue uitoefening van Sy patronaatsreg die kerk en in hierdie geval die Klassis van Amsterdam in die uitoefening van sy Godgegewe institutêre magte nie tot sy reg laat kom het nie.

..216/ Kerk.....

$ Spoelstra Boustowwe. Deel I. p. 57.
$$ Spoelstra Boustowwe. Deel II. p. 552.
$$$ Spoelstra : Deel II. pag. 33.

## II. KERKFORMASIE EN KERKVERBAND AAN DIE KAAP.

In ons taak om vas te stel in hoeverre die ontwikkeling van die kerkverband in Suid-Afrika historiese kontinuïteit met die korporatiewe instellings van die Middeleeue en in die besonder van die kerkhervorming van die 16de eeu gehandhaaf het, m.a.w. in hoeverre die vryheidsbeginsels van die pluralisme, n.l. verskeidenheid temidde van eenheid; plaaslike korporatiewe selfstandigheid of soewereiniteit in eie-kring; kontrakverband; regsoewereiniteit, ensovoorts, op kerklike gebied aan die Kaap tot hulle reg gekom het, wil ons nou oorgaan tot 'n prinsipiëel kritiese beoordeling van die kerkformasie en kerkverband aan die Kaap.

Grondliggend ook in hierdie verband is die beginsel van eenheid temidde van verskeidenheid soos dit in die skeppingsbeginsel wortel.

Volgens hierdie skriftuurlike beginsel is in kerklike sin, elke gelowige kind van God in homself 'n afsonderlike straalbreking van die Ewige Lig van God. Elke lid van die Christelike kerk is in sy eiesoortige persoonlikheid 'n afsonderlike Godsgedagte ! Maar as lede van die ware kerk van Christus vorm hulle saam een groot familie van die kinders van God ..... verlore maar wedergebore seuns en dogters van die hemelse Vader. Deur één Heiland is hulle verlos; deur een Gees is hulle geheilig; vir een heerlikheid is hulle bestem. In watter wêrelddeel hulle hulle ook mag bevind; hoe verskillend hulle taal en hulle ontwikkeling ook mag wees; hoe ingrypend hulle uitwendige kerkinrigting en inwendige liturgiese handelinge ook al van mekaar mag verskil, tog vorm hulle saam een organiese geheel -- een liggaam waarvan Christus Jesus die geseënde Hoof en Middelaar is. Prof. Dr. J.G.R. Acquoy het in sy inougurale rede 'n skone beeld gebruik van die verband tussen die vaderlandse kerkgeskiedenis en die geskiedenis van die Christendom wat ook kan dien as beeld van die verhouding tussen die verskillende kerklike institute. „Vergelykt men de geschiedenis van het Christendom met een boom, dan is het Protestantisme een der hooftakken van die boom, de Hervormde kerk een der takken van die hoofdtak, en de Hervormde kerk in Nederland een der takken van dien tak. Doch indien de gansche boom wél zal worden gekend, mag ook de kennis van dien enkelen tak niet ontbreken. Hy behoort evenzeer tot den boom. Meer dan drie eeuwen heeft hy daar gezeten. Hy zit er nog

...217/ stevig en...

stevig en vast. Knoesten duiden aan, dat er wel stukken af zÿn geslagen; spleten, dat er soms onweders over zÿn heengegaan. Die tak heeft een geschiedenis; hy draagt er de sporen van. 1) " $

Die afsonderlike tak het nie net 'n geskiedenis nie maar na die mate dat dit uitgespruit en ontwikkel het, het die onderlinge dele ook daartoe gekom om in organiese verband met mekaar te staan; elke blad; elke takkie en elke vrug vorm 'n entiteit op homself maar terselfdertyd vorm hulle 'n lewende eenheid met die groot geheel en juis in lewende verband met die groot geheel kom die afsonderlike dele tot volle en heerlike ontplooiing.

Die kerkformasie en die daaruit voortspruitende ontwikkeling van die kerkverband in Suid-Afrika wat ons nou wysgerig wil besin het continu met die verloop van sake in die Nederlande plaasgevind en tog het dit 'n eiesoortige karakter aangeneem. Om bogenoemde te kan bewys sal eers nodig wees om die onderliggende gereformeerde grondbeginsels van kerkformasie of kerkvorming na te gaan om sodoende te kan vasstel hoe en wanneer die kerk in Suid-Afrika sy ontstaan gehad het.

Volgens Art. 28 van die Nederlandse geloofsbelydenis, wat in 1561 deur Guido de Bres en ander godgeleerdes opgestel is en op die Sinode van Dordrecht (1618 - 1619) eenparig goedgekeur is, is daar twee gereformeerde grondbeginsels vir kerkformasie naamlik :-

1. Dat die gelowiges hulle op die grondslag van belydenis sal verenig.
2. Dat die ampte ingestel word.

Daar sal vasgestel moet word in hoeverre byvoorbeeld die „kerk" van Van Riebeeck se tyd aan hierdie vereistes beantwoord het en of van die begin af hier inderwaarheid 'n kerk bestaan het of nie.

Wat die totstandkoming van so 'n kerk betref bepaal Artikel 39 van die Dordtse kerkorde „Dat Plaatsen, waar nog geen kerkraad zyn kan, door de Classis onder de Zorg van een genabuurde kerkeraad zullen gestel worden."

Oor die wyse van kerkvorming in so 'n geval is reeds deur die Sinodes van Dordrecht (1548) en Middelburg (1581)

..218/.. besluit...

$ 1) Vgl. Dr. J.G.R. Acquoy : Het nut der beoefening van die geschiedenis der Hervormde Kerk in Nederland. Leiden E.J. Briel, 1878, bl. 7.

besluit. Dit kom kortliks op die volgende neer :-

„De Classis zond er een dienaar heen. Deze moest enigen van de godzaligsten by provinsie'(voorlopig) tot ouderlingen en diakenen aanstellen tot zyn medehelpers. Daarna moest hy zyn toehoorders tot de belydenis des geloofs en tot de viering van het avondmaal voorbereiden. Uit deze avondmaalgangers moest hy dan sommigen ordentlick, d.i. volgens de kerkorde, tot ouderlingen en diakenen stellen. De voorlopig aangestelden traden dan vanzelf af tenzy zy opnieuw gekozen worden." $

En waar die kerk van Suid-Afrika in elk geval een of ander tyd sy ontstaan gehad het, is dit van belang om te weet of die ampte van die begin af ingestel is, of die kerk van die begin af op eie wieke gedrywe het en of dit deur die stroom van die kerklike lewe in die Vaderland gedra en beinvloed is, met ander woorde of daar 'n kerklike verband met die kerk in Holland was.

Die eiesoortigheid van die kerk aan die Kaap moet ook aangetoon word aangesien onder spesiale en eiesoortige omstandighede elke afsonderlike kerk ook gewoonlik 'n eiesoortige ontwikkelingsgang openbaar. Ja, dat dit selfs sterk beinvloed word deur die eiesoortige volks- en landsomstandighede waarmee so 'n kerk gedurig in aanraking kom.

Hieromtrent sê Dr. A. Kuyper „De kerk van Christus leeft niet anabaptistisch naast het volksleven, maar dringt ook in het nationale leven in, en brengt zoodoende de ontwikkeling van het nationale leven, in zijn eigenaardigheid, ondergaat. Met name bij het instituut is dit het geval, overmits de vormen waarin de vergadering der geloovigen optreedt en haar taak volbrengt, zich wel moet schikken naar de vormen van het publieke leven der natie, en haar institueering , ook met het oog op het kerkelijk goed, niet buiten contact kan blijven met het staatsrecht en het burgerlijk recht van het volk, waaronder Jezus' Kerk aanhang won. Dat ook het verschil van taal, het verschil van klimaat, het verschil van historische traditie, en zooveel meer, zich hier gelden doet, spreekt vanzelf. Hoe sterk men dan ook den nadruk leggen op de catholiciteit der kerk, toch zal het

....219/ nationaal...

$ Joh. Jansen. - Korte verklaring van de Kerkorde der Gereformeerde kerken. Derde vermeenderde druk. Kampen. 1952. p. 179.

nationaal verschil altoos te sterk meetellen, om veronachtzaamd te worden. Zelfs kerken van een gelijksoortig institutair type doorleven toch een andere historie in het Zuiden, dan in het Noorden van Europa; ze bestaan en leven anders in Zweden dan in Wurtenberg, in Zwitserland anders dan in Amerika. Het is daarom eisch der realiteit dat ook in den historische behandeling dit nationale bestanddeel tot zijn recht kome; en wijl dit noch in de algemene geschiedenis der Kerk noch in de geschiedenis der instituten denkbaar is, ontstaan hieruit vanzelf de noodsakelijkheid, om ook wat men noemt ,de vaderlandse kerkgeschiedenis' afzonderlijk te beoefenen." $

A. KERKLIKE VERBAND IN DIE TYDPERK 1652-1665.

Dis 'n algemeen erkende feit dat Van Riebeeck en sy medevolksplanters oor die algemeen protestantse, skrifgelowige en kerkbewuste mense was maar, wat het daar in die beginjare en selfs vir die eerste 100 en meer jare van 'n ware kerklike organisasie en aksie en kerklike verband tereg gekom? In hoeverre het die nuwe „kerk" aan die Kaap in sy eerste tydperk van 13 jaar, 'n eiesoortige ontwikkelingsgang of 'n „nationaal verschil" (Kuyper) ten opsigte van kerke in ander dele van die wêreld geopenbaar? Is daar 'n deurlopende lyn van die ontwikkeling van die Afrikaanse kerk uit die Hollandse kerke? Watter beloftes het die eerste tydperk van 13 jaar ingehou ten opsigte van 'n toekomstige gemeente, Kerkraad, Ring en Sinode in Suid-Afrika.

As so laat as in 1824 aan die worde gehoue Sinode deur 'n kerkraad nog die vraag gestel is :- „Hoeverre strekt zich, het kerkelyk gezag van elke afzonderlyke kerkraad uit, over de godsdienstige verrigtingen, van de leeden harer gemeenten? Inzonderheid betrekkelyk het houden van oefeningen of geeven van enig godsdienstig onderwys, en binnen welke grenzen, dient hetzelve, naar 't oordeel der Synode, bepaald te worden, om alle misbruik daarvan voor te komen?" $$ dan sal dit interessant wees om te probeer vasstel wat die aard en status van gemeentes, kerkrade en Ringe gedurende daardie tyd was. Dit is algemene vrae waarop in die loop van die ondersoek antwoorde gesoek moet word. ...220/Ook .....

$ Wormser, J.A. : Amsterdam. Deel 111. 1894. p. 286.
$$ Brief Kerkraad van Stellenbosch i.v.m. die eerste Sinode. Dreyer A. Boustowwe vir die Geskiedenis van die N.G. Kerk in S.A. III. p. 183.

Ook hierdie deel van die ondersoek moet ingestel word teen die agtergrond van die Skrif en van die Gereformeerde kerkreg en kerkverband.

(1) DIE GEMEENTE.

In die Ou Testament is twee woorde gebruik vir 'n vergadering van die volk naamlik Eedah en Kahal. Hulle het hoofsaaklik dieselfde betekenis gehad.

Onder Israel was kerk en volk nou aan mekaar verbonde omdat een en dieselfde wet van God die lewe van Israel beheers het. Genoemde woorde het dus betrekking gehad op 'n vergadering van die volk sowel as die Kerk. Na die ballingskap het die oorblywende Joodse volk 'n godsdienstige gemeente geword. Op alle plekke waar Jode gewoon het, het hulle hulle tot gemeentes georganiseer wat gereeld op die Sabbat bymekaar gekom het om die Skrif te lees en onderrig in die wet te ontvang. Langs hierdie weg is die Christelike gemeente voorberei. In die Griekse samelewing was die woord ecclesia gebruik vir 'n vergadering van vryburgers wat deur 'n herout byeengeroep is." $

Dr. H. Bouwman gee die volgende definisie van die Christelike gemeente :- „De kerk is, volgens de uitspraken des Nieuwen Testamente, ene vergadering van geloovigen, die, krachtens den drang, door den Heiligen Geest in hen gelegd, zich vereenigen tot de bediening van het woord, de sacramenten en de gebeden, en die zich organiseeren onder de leiding van het ambt." $$.

Joh. Jansen maak die volgende onderskeid tussen gemeente en kerk waar hy sê :- „Gemeente duidt ze meer aan als een vergadering der geloovigen onderling en kerk meer als een georganiseerd kerklyk instituut." $$$

Beide gemeente en kerk tree in elk geval op in 'n bepaalde gestalte met ampte en bedieninge. Christus self het veral kragtens die sterksprekende Matt. 16 : 13 - 19 vir Sy kerk 'n organisasie verorden en ampte en bedieninge ingestel.

Die eerste gemeente van Jerusalem het selfbestuur gehad. Hulle het hulle ampsdraers en afgevaardigdes gekies. (Hand. 6 en 13) en so onder leiding van die besondere amp self mag

....221/ uitgeoefen...

$ Sohm R : Kirckenrecht, S.16. Leipzig. 1892.
$$ Bouwman H : Gereformeerd Kerkrecht Deel I. p. 53. Kampen. 1928.
$$$ Joh. Jansen. Christelike Encyclopaedie II. p. 269.

uitoefen. Deur die instelling van die besondere amp is die mag egter nie van die gemeente weggeneem nie. Dr. H. Bouwman sê in dié verband :- „Dat naar de doorgaande leer des N. Testaments Christus aan de gemeente macht heeft gegeven tot de belyden van zijn naam, tot de verbreiding van orde en tucht en dat deze macht organisch zich moet openbaren, onder de leiding van het byzondere ambt." $

Volgens protestantse beskouing kwalifiseer gelowiges, waar hulle ook al mag wees of saamkom, as profete, priesters en konings wat alleen aan Christus onderworpe is en alleen aan Sy woord gehoorsaamheid verskuldig is. $$ Dit bring ons tot die probleem van die outonomie van die „plaaslike kerk".

Die plaaslike kerk is volgens die Nuwe Testament 'n volledig-selfstandige kerk - 'n plaaslike openbaring van die Liggaam van Christus.

Die gemeentes te Jerusalem (Hand. 2:47); te Antiochië (Hand. 13:1); te Rome (Rom. 1:7) ensovoorts was, soos ons in 'n vorige hoofstuk aangetoon het, selfstandige openbaring van die algemene kerk van Christus wat uit eie beweging hulle onder 'n Kerkorde gestel het.

Hierdie „plaaslike kerk" besit outonomie, dit wil sê, selfbeheer en selfbestuur. $$$

Hierdie selfbeheer en selfbestuur moet deur middel van organe funksioneer, met ander woorde, die outonome gemeente moet vrywillig iets van sy eie outonomie inboet by die totstandkoming van die orgaan wat die beheer en bestuur namens die gemeente in hande moet neem naamlik die kerkraad.

Kuyper sê wel omtrent die gereformeerde gemeente die volgende :- „Daar zyn de gemeenten eerst - daar wordt eerst uit de samenvloeiing van de gemeenten de stroom der kerk geboren, daar klimt uit de zelfstandige gemeenten het slechts leidend kerkbestuur op." $$$$

In dieselfde trant sê Joh. Jansen omtrent die kerkverband - ook tussen kerkraad en gemeente - „Het draagt een ministerieel en nietemin een outoritatief d.i. een dienend, maar eveneens een gezaghebbend karakter." $$$$$

,....222/ Ewenwel..

$ Bouwman H : Gereformeerd Kerkrecht bls. 74. Deel I. Kampen. 1928.

$$ Kleyn H.G : Algemene en Plaaslyke Gemeente bls. 18 Dordrecht. 1888.

$$$ Langman H.J : Kuyper en de Volkskerk. Een dogmatisch ecclesiologische studie. p. 52. Kampen. 1950.

$$$$ Langman H.J.: Kuyper en de Volkskerk. Een dogmatisch ecclesiologische studie.p. 52. Kampen. 1950.

$$$$$ Joh. Jansen : Christelike Enciclopaedia IV.bls.579.

Ewenwel al is die orgaan se optrede „dienend" dan is dit nogtans gesaghebbend - al is dit „leidend" dan is dit nogtans ook heersend.

In terme van kerkverband is outonomie dus 'n relatiewe begrip want na mate die uitvoerende orgaan met gesag beklee word na dié mate moet die gemeente van sy outonomie inboet. Gemeente en kerkraad kan nie albei in absolute sin outonoom wees nie. Die waarheid uit hom hier blykbaar ook weer in 'n paradoks. Die gulde middelweg is hier skynbaar ook weer die regte weg.

## (2) DIE EERSTE „GEMEENTE" AAN DIE KAAP. 1652 - 1665.

In die ondersoek na die ontwikkeling van die kerkverband in Suid-Afrika moet vasgestel word wanneer en hoe die eerste gemeente aan die Kaap in die lewe geroep is en watter status dit beklee het en in hoeverre dit aan die gereformeerde beginsels van die kerkreg beantwoord het. Kan 'n „nationale verschil" van die begin af opgemerk word en is daar 'n deurlopende lyn van geskiedenis uit Holland.

Toe die Oos-Indiese Kompanjie besluit het om 'n verversingstasie aan die Kaap te stig en Johan van Riebeeck en sy mense op 5 April 1652 hier aangekom het is onmiddellik onder andere, die probleem van die geestelike versorging van die volksplanters geskep. En die vraag is, hoe is hierdie probleem opgelos?

Ons kan begin deur te sê dat alhoewel dit uit kerklike standpunt gesien nie op die terrein van die V.O.I.C. gelê het om vir die geestelike belange van die amptenare te sorg nie, hy, soos ons reeds aangetoon het, tog van die begin af mede-verantwoordelikheid daarvoor aanvaar het, onder andere omdat daar aanvanklik geen kerklike organisasie of jurisdiksie aan die Kaap was nie.

Dit lei op sigself dadelik weer tot 'n belangrike vraag wat hier beantwoord moet word, naamlik wat die kerklike posisie van die eerste amptenare na hulle aankoms aan die Kaap presies was of wat hulle kerkverband was. Het hulle as Christus-gelowiges ipso facto 'n nuwe, volwaardige deel van die Christelike kerk gevorm? Of was hulle nog volwaardige lidmate van die ou kerk in Nederland en, indien ja, van watter gemeente(s) in Holland was hulle lidmate?

...223/ Wat betref..

Wat betref die vraag of die amptenare aan die Kaap kragtens hulle geloof in Christus en hulle vroeëre lidmaatskap van 'n Christelike kerk, hier nie ipso facto in 'n volwaardige gemeente omgeskep is nie, kan daarop gewys word dat hulle gedurende die eerste 13 jaar van die volksplanting alleen aan een van die twee aangehaalde vereistes vir kerkvorming beantwoord het naamlik dat hulle „op die grondslag van belydenis verenig het."

Hiervan getuig die eerste brief van die Sieketrooster, Wylant, aan die Classis van Amsterdam waar hy skrywe :- Zondag so lese ick een predicatie voor, ende dan die een Zondach een Evangelist-Text, die ander Sondacgh een verklaring uth Ursinus ofte Lansberghuis over die Categismus." $

Aan die tweede vereiste vir kerkvorming naamlik die instelling van die ampte, is soos ons later sal sien nie voldoen voor 1665 toe die eerste vaste leraar aan die Kaap die eerste kerkraad ingestel het nie.

Volgens 'n vorige aanhaling van H. Bouwman kon die konsentrasie van gelowiges aan die Kaap vir die eerste 13 jaar van die volksplanting nie beskou word as 'n kerk nie omdat daar by hulle „vereniging tot de bediening van het woord, de sacramenten en de gebeden" nie ook „de organisering onder de leiding van het ambt" was nie.

Volgens Joh. Jansen kon die Protestantse amptenare aan die Kaap hoogstens as „gemeente", dit wil sê „als een vergadering der geloovigen onderling" gekenmerk word en nie as 'n kerk, dit wil sê „als een georganiseerd kerklyk instituut" nie." $$

Die vraag kan ook geopper word of die volksplanters van die Kaap nie indiwidueel nog as volwaardige lidmate van die kerk in Nederland beskou kon word nie.

Dit sou onmoontlik wees as dit bewys kon word dat Van Riebeeck en sy mense hulle as permanente inwoners van hulle nuwe tuiste beskou het omdat, volgens gereformeerde opvatting, lidmaatskap van 'n gemeente twee toetse insluit tewete :

(a) Die lidmaatsertifikaat-toets en

(b) Die Residensietoets.

..224/.. Al sou.....

$ Spoelstra : a.w. I. bls. 3.

$$ Joh. Jansen : Christelyke Encyclopaedie 11. 269.

Al sou genoemde lidmate se lidmaatsertifikate nog in die betrokke Hollandse gemeentes gewees het, kon hulle lidmaatskap by daardie gemeentes nie meer die residensietoets deurstaan nie omdat genoemde persone hulle geheel-en-al buite die grense van die vaderlandse kerk gaan vestig het.

Dit is 'n erkende gereformeerde beginsel dat sodra iemand hom buite die grense van sy vorige gemeente vestig sy lidmaatsregte in daardie gemeente verval onverskillig of hy sy lidmaatsertifikaat meegeneem het al dan nie. Die vraag is hier net of Van Riebeeck en sy mense hulle wel hier van die begin af kom vestig het en of hulle alleen maar tydelike bewoners van die Kaap was. Dit bring ons daartoe om te let op

## (3) DIE STATUS VAN DIE EERSTE LIDMATE EN „KERK" AAN DIE KAAP.

Die vraag omtrent die kerklike status van Van Riebeeck en sy mense kan seker bes beantwoord word as 'n afdoende antwoord gevind kon word op die vraag of die genoemde mense hulleself en ook die kerk van Nederland hulle beskou het as permanente inwoners aan die Kaap of alleen as tydelike amptenare wat nog hulle ware tuiste in Holland gehad het.

Tydelike afwesigheid uit 'n land hef uit die aard van die saak nie die lidmaatskap van sodanige lidmaat op nie. Iemand wat byvoorbeeld 'n jarelange reis onderneem, bly tog onteenseglik lidmaat van sy tuisgemeente waarheen hy later sal terugkeer.

Dat Van Riebeeck en sy mense geneig kon wees om hulleself as tydelike bewoners aan die Kaap te beskou, getuig seker die bekende feit dat die stigting aan die Kaap oorspronklik bloot as 'n verversingspos vir die beveiliging van die vlote en die versorging van die skeepsvolk bedoel was. In sy brief van 28 April 1655 skryf Van Riebeeck dan ook : „maer niet gedacht dat Ned. aen dese plaetse tot enige Colonie soude inclineren" aangesien „niets anders gemeent oft derselven ooghmerck was maer om genoechsame verversings voor Ned. aencomende scheepen aen te soeken ....." $ en selfs toe die Here XVll op 30 Oktober 1655 toestemming gegee het tot die „in vrydom stellen" van dienare van die Kompanjie wat gewillig was om minstens tien jaar aan die Kaap te woon, het Van Riebeeck nie dadelik daarvan gebruik gemaak nie maar daarop gewys dat die ervaring in Indië geleer het dat die Vryliede „soo haest de sack vol hebben maer soecken weder na't vaderlant te

.....225/.. gaen ...

$ C.493 : Uitg. Br. (1652-1661)bls.394-397. Deel I.

gaen." $

Dat dit ook Van Riebeeck nie te doen was om die res van sy lewe aan die Kaap te slyt nie, blyk uit 'n brief wat hy voor sy aanstelling aan die Here XVll geskryf het waarin hy die hoop uitgespreek dat hy „nae't voltrecken van verhaelde saecke aan Cabo de Bon Esperance" vir ander werk na Indië gestuur sal word om „aldaer meerder preuven van capitalen diensten" $$ te mag lewer. Dit wil dus voorkom asof Van Riebeeck en sy mense 'n bloot tydelike verblyf aan die Kaap gehad het en dat hulle hulleself noodwendig nog as lidmate van die kerk in Holland moes beskou het.

Ook die feit dat die doopsbediening en voltrekking van huwelike voor 1665 waargeneem is deur Nederlandse predikante op skepe wat op pad was na die Ooste of daarvandaan teruggekeer het na Holland, is 'n aanduiding dat die amptenare aan die Kaap en ander bewoners nog as lidmate van die kerk in Nederland beskou was.

Dat so 'n beskouing en handelswyse nie as ongereformeerd beskou kan word nie getuig seker die besluit wat die Sinode van Dordrecht in 1893, acta 189, in verband met 'n analoë geval geneem het naamlik „aan schippers worde, met het oog op hun swervend leven een bewys van lidmaatschap afgegeven," $$$. of, soos dit ook genoem was, 'n „schippersattestasie" was nie 'n gewone attestaat nie maar 'n verklaring of getuienis dat die betrokke persoon lidmaat van die kerk is waar sy domicilium is en dat hy nie onder sensuur is nie maar geregtig is om op plekke waar hy mag oorbly die heilige nagmaal van die Here te gebruik en ook kinders wat onderweg gebore is te laat doop.

So het Sieketrooster, Pieter van der Stael, in sy brief van 5 Maart 1657 aan die Classis van Amsterdam gerapporteer dat „Aelbert Claesz, baes timmerman, zyn kercklycke attestasie verthoont, (heeft) uyt het vaderlant hem toegesonden, van dato den 16 den September A pass in Amsterdam; was onderteickent: Casparus de Carpentien, Bedienaar des H. Evangely,"$$$$en dan die veelseggende berig van dieselfde sieketrooster in dieselfde brief dat op „Den 20 sten dyto Gysbert Meindertsz syn attestatie (is) medegegeven om in't Vaderlant

...226/.. te...

$ V.d. Walt, Wiid, & Geyer Deel 1. a.w. p. 62. Gesk. van S.A.
$$ V.D. Walt, Widd, & Geyer Deel 1. a.w. p. 54. Gesk. van S.A.
$$$ Joh. Jansen Korte verklaring van die Kerkorde. 3de Druk. p. 272. Kampen. 1952
$$$$ Spoelstra : a.w. 1. bls. 7.

te verthoonen daer het behoort." $

Dit ly dus geen twyfel dat alhoewel die kerklidmate aan die Kaap deur hulleself as „ledemaeten aen de Caep" $$ bestempel was in teenstelling met besoekende lidmate op bote wat ook saam nagmaal gevier het, hulle tog hulleself as lidmate van die Vaderlandse kerk beskou het „daer het attestatie behoort."

Dat die kerk in die vaderland eweneens die tydelike bewoners van die Kaap beskou het as nog behorende aan die vaderlandse kerk, getuig seker die feit dat aangesien daar voor 1665 geen gemeente aan die Kaap gestig en georganiseer is waarby die bewoners aan die Kaap kon aansluit nie, die Vaderlandse kerk hulle nie maar aan hulleself oorgelaat het nie want reeds in 1642 het die Sinode van Noord-Holland besluit „dat de sorg voor de buitelandsche kerken opgedragen is aan de Classis van Amsterdam." $$$ Hierdie reëling was nog van krag toe die verversingstasie aan die Kaap gestig is.

(4) STATUS EN WERK VAN SIEKETROOSTER.

Die verteenwoordiger van die Classis aan die Kaap was die Sieketrooster. Saam met Jan van Riebeeck het die Sieketrooster Willem Barendtz Wylant gekom. Aan hom was die geestelike versorging van die koloniste en amptenare opgedra en vir die uitvoering van sy pligte het hy onder die beheer van die Politieke Raad aan die Kaap en onder die voogdyskap van die Classis van Amsterdam gestaan soos blyk uit die insiggewende verslag wat hy as eerste sieketrooster op 20 April 1655 aan die Classis van Amsterdam gestuur het : $$$$ „Om UE. bekent te maken den staet ende gelegenheyt van diese plaetse, ten aensien van den waren godtsdienst heb wij den grooten Godt te dancken. Het gaet noch alles in een goede ordre; het volck wort wel gehouden tot den godtsdienst, sodat daar niemant magh uthblijven, van wat gevoelen dat se ook souden mogen zijn, sonder consent ofte straffen die daertoe staet, vant opperhooft daartoe gestelt.

Die maniere vant houden van den godtsdienst is dat wij alle avonden, wanneer het volck gegeeten heeft, het avondtgebedt doen mit een veers twe ofte dree toe singen, na die

..227/ gelegenheyt....

$ Spoelstra : a.w. 1. bls. 8.
$$ Spoelstra : a.w. 1. bls. 8.
$$$ C.A.L. van Troostenburg de Bruyn : a.w. p. 116.
$$$$ C. Spoelstra : a.w. Deel i. p. 3,4.

gelegenheyt des tijts, ende Sondaegh so lese ick een predicatie voor, ende dat die een sondaegh een Evangelist-text, die ander Sondaegh een verklaeringe uth Ursinus ofte uth Lansberghuis over de Categismus; ende laet dan die jonges die vragen opseggen ende mit een schriftuerplaetse twe, dre bewijsen. Het soude wel twe reys Sondaeghs gedaen worden, maer overmits dat het volck die ganse weck moet werken, so verstaet het opperhooft dat het beter is een reys dan twe reysen; ende die sacramenten worden bedient wanneer die gelegenheyt des tijts presenteert dat hyer een schip komt, daer een predicant op is; gelijk ick UE. hyer een kleyne register in van hebbe gestelt, alwaer UE. kan sien hoe dickmael dat het Heylige Avondtmael des Heeren hier is uthgedeilt ende van wie, ende wat kinders dat hier gedoopt sijn en van wie."

Aan die begin van die volksplanting was die Sieketrooster die enigste kerklike amptenaar aan die Kaap en het hy ook 'n besondere roeping vervul in die geestelike bearbeiding van die koloniste. Gevolglik moet vasgestel word wat sy presiese taak en kerklike status was. Dit mag lig werp op die status van die destydse „kerk" aan die Kaap.

Die Sieketrooster of ook wel krankebesoeker was 'n soort oefenaar wat destyds deur die Oos-Indiese Kompanjie aangestel is met die oog op die geestelike versorging van die bemanning en soldate van die skepe.

„Die Sieketroosters wat hulle aangebied het, was meesal ongeletterde persone uit die mindere burgerstand - bakkers, wewers, kuipers, kleremakers, skoenmakers en dergelyke." $

Van hulle is verwag dat hulle 'n „propositie" (voordrag of toespraak) sou doen „strekkende tot vertroosting eens kranken", waarna hulle ondersoek is aangaande hulle suiwerheid in die leer, hulle kennis aangaande die vernaamste artikels van die godsdiens, en hulle ervarendheid in die Heilige Skrif.

Is hulle na die ondersoek nie „examinabel" bevind nie, dan word hulle nie goedgekeur nie. Maar indien hulle goeie getuienis het, en die ondersoek origens na wens afloop, is die kerkraad tevrede, al het die „propositie" die broeders „maar tamelyk aangestaan." $$

...228/.. Die.....

$ Prof. A. Morrees : Die Ned. Geref. Kerk in S.A. Pag. 56. Kaapstad. 1937.

$$ Rutgers F.L. : Het Kerkverband der Nederlandsche gereformeerde kerken. Amsterdam. 1882. pp. 181. 182.

„Die sieketrooster het nie 'n amp, in die gewone sin, beklee nie. Wel word in die instruksiebrief van sy amp gespreek, maar met sekerheid kan vasgestel word dat dit 'n soort hulpdiens was wat hy verrig het. As dit 'n gewone amp naas die van predikant, ouderling en diaken was, sou daar ten minste ook van bevestiging in die amp gespreek word. Ons lees dan ook wel van 'n beroepskrif van die sieketrooster maar nêrens van 'n bevestiging of van 'n bevestigingsformulier nie." $

In die beroepsbrief van die sieketroosters lees ons alleen dit :- „Alsoo voor die ware religie ende godsdienst nodich is gevonden, dat tot besten van die gene die haer in dienst begeven van de N.N. Compagnie (op d'eene ende d'andere vaert) mitsgaeders opdat bij gelegenheyt van den selven in die verre gelegene landen de ware kennisse Gods onder de blinde heydenen werde gebracht, de schepen met de sieckentroosteren werden voorsien ende thooner desed N.N. sijnen dienst in al sulcke qualiteyt aangeboden heeft, aende Classe van Amsterdam. Soo ist, dat deselve na voorgaende informatie, ende op't getuygenisse becomen van andere, de persoone voornoemt tot het examen toelatende, na sijne bequaemheyt hebben onderzocht ende deselve sulcx bevonden, dat hij op het gedane rapport vande Classe voorschreven met consent ende approbatie van de E.E. Heeren Bewinthebberen tot sieckentrooster is verordineert, gelijk hij in sulcken qualiteyt bij desen gesonden wort na .. ... met dese instructie ....". $$

Dit ly geen twyfel nie dat terwyl die betrekking van sieketrooster geen amp was nie dit nogtans 'n waardige roeping was waarvoor 'n eksamen nodig was en 'n aanbeveling van ander persone sowel as die goedkeuring van die here Bewindvoerders. Eers nadat hierdie dinge in orde bevind was is die aanstelling deur die Classis gemaak en daarna moes sodanige Sieketrooster in goeie trou ook nog die drie formuliere van Enigheid teken.

(5) <u>JURISDIKSIE OOR SIEKETROOSTER.</u>

Aangesien die Sieketrooster aan die Kaap vir byna alle praktiese doeleindes die „predikant" van die gemeente was

....229/.. en die ....

$ Jooste. J.P. : Kerk en Staat. Bloemfontein. 1946. p. 43.
$$ Aangehaal deur Dr. P.J.S. de Klerk in „Kerk en Sending" in Suid-Afrika p. 173. Amsterdam. 1923.

en die status van die „predikant" en Jurisdiksie oor hom weer nou saam gehang het met die status van en jurisdiksie oor 'n gemeente, is dit van besondere belang om vas te stel onder wie se toesig en beheer die Sieketrooster gestaan het.

Soos hierbo reeds aangehaal is, is in die beroepsbrief reeds vasgelê „dat hy op het gedane rapport van de Classe voorgeschreven met consent ende approbatie van die H.E. Heeren Bewindhebberen tot Sieketrooster is verordineert, gelyk hy in sulcken qualiteyt by desen gesonden word na .... met dese instructie."

Die geskiedenis van hierdie „instructie" lewer iets interessants op in verband met die jurisdiksie van die Classisse van Holland en die Here Sewentien oor die predikante, sieketroosters en gemeentes in Oos-Indië en aan die Kaap.

Kragtens die „Instructie" van 1617 moes die uitgestuurde predikante of sieketroosters hulle „reguleer" „naer d'ordre ende particuliere Instructie die hunlieden ten dien eynde by de respective Classen, .... medegegeven sullen worden ....... ende voorts oock naer den Generaelen Artyckelbrieff by de Bewindhebbere .... gemaeckt oft noch te maecken." $

Kragtens die Instructie van 1695 is egter spesiaal bygevoeg dat ook die „Ordre ende particuliere-Instructie van die Classisse aan die predikante en sieketroosters met approbasie van Bewinthebberen" opgestel en meegegee moes word. $$

Dit is dus duidelik dat die Bewindvoerders in 1695 meer beheer oor die predikante en sieketroosters gehad het as in 1617.

Aangesien daar gedurende die stigtingsjare van die volksplanting geen kerkraad aan die Kaap was nie en die Classis van Amsterdam ook geen direkte verteenwoordigers aan die Kaap gehad het behalwe die Sieketrooster self nie, is dit voor-die-hand-liggend dat die kommandeur met sy Raad as't ware vanself daarop aangewese was om noulettende toesig oor die Sieketrooster en die „gemeente" te hou en sodoende meer en meer die staatsgesag oor die kerk uit te brei.

Die Sieketrooster was dan ook van huisuit iemand wat deur die owerheid gestuur is en deur die regering besoldig

....230/.. is en....

$ Spoelstra : a.w. II. bls. 544.
$$ Spoelstra : a.w. II. bls. 545.

is en deur hom ontslaan kon word „sonder van soodanige opontbiedinge eenigen reden te geven." $ Tegelykertyd was die Sieketroosters geroepe om uitsluitlik geestelike werk te verrig en „haer met geen saecken, buyten haer professie, (te) bemoeyen." $$

Afgesien van die waardevolle dienste wat die sieketroosters in verband met die godsdienstige lewe aan die Kaap verrig het, het die offisiële kerklike lewe feitlik gekonsentreer rondom die sporadiese besoeke van predikante wat op weg na of terug van Indië by die Kaap aangedoen het vir dienste.

So skrywe Pieter van der Stael byvoorbeeld op 9 April 1658 aan die Classis van Amsterdam :- „In dit tegenwoordige jaar, en is in kerckelyke zaken, zeer weynigh voorgevallen, door dien van dit jaar geen predikanten en zÿn gepassert, zoo van de uyt - als thuysvarende Schepen, zoodat in al dien tÿt het broot des Heeren hier niet gebroken en is, en tegenwoordigh hier drie kinderen zÿn, die haer christelycken Doop noch niet ontfangen hebben, zoo van den commandeur en den zarjant als oock van mÿn. Verwachtende alsoo met lydtsaemheyt tot naeder gelegentheyt zal alsdan niet versuymt worden; maer waergenomen worden met alle Christelÿke eerbaerheyt, gelyck als dat betaemt." $$$

## (6) KERKLIKE VERBAND TUSSEN DIE NEDERLANDSE KERK EN DIE EERSTE KAAPSE „KERK" 1652 - 1665.

'n Vraag wat beantwoord moet word is of daar 'n deurlopende lyn van institutêre kerkverband tussen die kerk in Holland en die eerste Kaapse „kerk" was en of dit hoogstens 'n organiese eenheidsband of alleen 'n wedersydse belangstelling in mekaar was wat die twee kerke aan mekaar verbind het? Met ander woorde, was die vroeë kerk aan die Kaap van die begin af 'n korporatief-selfstandige kerk wat in die kerklike sin van die woord in verband kon staan met die Nederlandsekerk of was die kerk aan die Kaap alleen maar 'n onderdeel van die kerk in Nederland?

Hieromtrent heers daar verskil van mening onder verskillende skrywers in verband met die saak.

..... 231/ Volgens...

$ Spoelstra : a.w. I. p. 11.
$$ Spoelstra : a.w. I. p. 11.
$$$ Spoelstra : a.w. I. p. 11.

Volgens Royaards was die Kaapse kerk „nauwelijks met onze Vaderlandsche kerken verbonden." $

Die bevinding van Van Boetzelaar van Dubbeldam was dat daar „geen wettig verband" tussen die vaderlandse en Oos-Indiese kerke was nie. $$ Van Troostenburg de Bruyn het weer geskrywe „De verhouding der Nederlandsche Hervormde Kerk tot de Indische getuigde van een zonderling en gebrekkig verband tusschen beide." $$$

Wat vir die Oos-Indiese kerke gegeld het was ook van toepassing op die Kaapse kerk, want hoewel Moorrees beweer dat die Kaapse kerk „in verband" gestaan het met die Classis van Amsterdam het hy tog ook beweer dat hierdie verband geen „wettige verband" was nie maar 'n „losse verband", $$$$ presies soos dit die geval was met die Vaderlandse en Oos-Indiese kerke volgens die pasaangehaalde woorde van Van Boetzelaar van Dubbeldam.

Voordat die vraag omtrent die selfstandigheid van die „kerk" aan die kaap, egter bespreek kan word moet eers vasgestel word of die grondslae van Gereformeerde kerkverband die verhouding tussen die Kaapse kerk en die vaderlandse kerk ten grondslag gelê het.

In 'n vorige hoofstuk het ons aangetoon hoedat twee van die noodsaaklike grondslae vir gereformeerde kerkverband, 'n onderlinge toestemming en 'n gemeenskaplike belydenis en kerkorde is.

### (a) ONDERLINGE TOESTEMMING TOT KERKVERBAND TUSSEN DIE VADERLANDSE KERK EN DIE „KERK" AAN DIE KAAP.

Omdat vrywillige toetrede tot die kerk altyd een van die fondament stene van die Protestantisme was en gereformeerde kerke, in gevalle waar hulle dit gedoen het, ook altyd op die grondslag van vrywillige toestemming met mekaar in kerklike

...232/ ver-......

$ H.J. Royaards : De Ned. Geref. kerk in Zuid-Afr. In haren kerkrechtelyken toestand vooral in betrekking tot Nederland beschouwd. Ned. Argief voor kerkelijke Gesch. pag. 275. deel 8/1848.
$$ C.W. van Boetzelaar van Dubbeldam : a.w. p. 119.
$$$ C.A.L. van Troostenburg de Bruyn : a.w. p. 113.
$$$$ Moorrees A : a.w. pp. 7, 51, 60.

verband getree het, moet vasgestel word in hoeverre die sonderlinge ontwikkeling van die kerkverband tussen die Hollandse kerk en die Kaapse „kerk" ook op die basis van vrywillige toestemming plaasgevind het.

Van die kant van die Vaderlandse kerk is dit duidelik dat daar nie net 'n vrywillige aksie was om kerkverband met die nuwe Kaapse „kerk" te hou nie maar ook 'n begerige verlange.

Hierbo het ons aangetoon hoedat die Klassis en die kerkraad van Amsterdam op eie inisiatief en ook op Sinodale gesag reeds vanaf die begin van die 17de eeu verantwoordelikheid begin neem het vir die geestelike versorging van die lidmate van die Vaderlandse kerk in die handelsgeweste.

Volgens Callenbach blyk hierdie feit duidelik as ons byvoorbeeld die protocolle van die kerkraad van Amsterdam en die Actas van die verskillende Sinodes nagaan. 'n Oorsig oor die sake waarvoor die Moederkerk as voorspraak by die Bewindvoerders opgetree het, laat dit veral duidelik uitkom. Hy het die Kompanjie van Sieketroosters en predikante voorsien, in gevalle van verontregting en moeilikhede of probleme as kampvegter opgetree, in belang van die goeie orde in die kerk gestry, in belang van die Gereformeerde kerk as bevoorregte kerk opgetree, vir die suiwerheid in die leer gewaak en gehelp in die verskaffing van die Bybel en ander lektuur in „in landse tale." Met krag het hy veral vir die uitbreiding van die Indiese kerke en hulle vryheid by die Bewindvoerders ingetree, en vir 'n kerkorde geywer." $

Van hierdie onbaatsugtige en eg-Christelike belangstelling in die geestelike welsyn van die lidmate aan die Kaap en inboorlinge in die volksplantinge getuig ook die volgende waar Spoelstra skrywe :- $$ „Intusschen werden door een zeer bevoegd deskundige, Prof. Dr. F.L. Rutgers, gepubliceerd : Extracten uit de Protocollen van den Amsterdamschen Kerkeraad betreffende zijne bemoeiingen met den dienst des Woords op de schepen en in de Kolonien. Dit geschrift is van de grootste beteekenis vooral door deze Bijlage, omdat er zonneklaar uit blijkt, hoe vroeg reeds in de Nederlanden de verplichting werd gevoeld, om de schepen en kantoren der volkplantingen van Dienaren des Woords te voorsien en de heidenen bekend te maken

.....233/ met het...

$ J.R. Callenbach : Justus Heurnius p. 29. Nykerk, 1897.
$$ Spoelstra : a.w. 1. Inleiding p. XVl.

met het Evangelie. Dr. Rutgers bewijst met de stukken, dat in den tijd van 17 jaren, 1601 - 1618 nie minder dan 170 maal in den Amsterdamschen kerken-raad werd gehandeld over de examineering, de beroeping of de voorstelling en bevestiging van predikanten en ziekentroosters, die op de schepen zouden dienen, of die zouden geplaatst worden in Oost- of West Indië of op de kust van Guinea, of andere zaken werden behandeld met den dienst des Woords op de schepen en in de koloniën verband houdende."

Hierdie vrywillige toestemming en gretige verlange van die kant van die vaderlandse kerk om in kerkverband met die buitelandse kerke te bly het ontwikkel in 'n geestelike voogdyskap oor of versoring van die kerk in Oos-Indië wat hoofsaaklik by die Classis van Amsterdam berus het en sy orgaan was die kerkraad. Later het die Classis gebruik gemaak van deputate in plaas van kerkraad. Die duidelikomskrewe mandaat van die Classis van Amsterdam in 1636 aan sy Deputate in verband met die Oos-Indiese kerk wat later ipso facto ook op die kerk aan die Kaap van toepassing was, het hoofsaaklik hierop neergekom. $

1. Die eksaminering van sieketroosters; hiervan moes rapport aan die Classis voorgelê word.

2. Die voorstelling en aanbeveling van die predikante, proponente, en sieketroosters aan die Bewindhebbers.
3. Die uitdeling van die, deur hulle getekende, instruksies aan die predikante, proponente en sieketroosters; hiervoor het 'n vasgestelde formulier bestaan;
4. Die ontvangs en opening van briewe en die versending van classikale besluite, nadat die antwoorde eers vooraf in die Classis voorgelees en goedgekeur is;
5. Die versameling van alle Acta en Resolusies wat betrekking het op Indiese kerke, in 'n afsonderlike boek, waarin ook bogemelde formulier vir die instruksies van predikante, proponente en sieketroosters opgeneem moes word.

...234/ 6. Gedurige.

$ Jooste. J.P : a.w. p. 42.

6. Gedurige onderhandeling met die Here Sewentien.

As dit uit bogenoemde duidelik is dat daar by die kerk in Holland nie alleen 'n vrywillige toestemming tot die handhawing van kerklike kontak met die kerke in die handelsgeweste was nie maar ook 'n gretige verlange daartoe en 'n daadwerklike optrede in verband daarmee dan kan dit ook bewys word dat daar by die kerk aan die Kaap eweneens 'n vrywillige toestemming daartoe was al het dit in die beginjare gelyk asof die moederkerk veel meer belangstelling in die Oos-Indiese kerke getoon het as in die klein konsentrasie van gelowiges aan die Kaap en al was dit die geval dat verslae en briewe uit die Kaap in die beginjare „onbeantwoord bleven."

Terwyl die Nederlandse kerk die Indiese kerk sover as moontlik kerklik versorg het en, soos ons sal sien die Kaapse kerk in die beginjare slegs as onderdeel van Nederlandsche Indië beskou was, kan afgelei word dat genoemde kerk ook vir die Kaapse kerk gesorg het.

Die handelswyse van die kerk aan die Kaap teenoor die Nederlandse kerk lewer hier bewys van, asook van die feit dat die Kaapse kerk nie net met vrywilligheid maar ook met kinderlike onderworpenheid die voogdyskap verwelkom het.

Gedurende die eerste 13 jaar van die volksplanting aan die Kaap is daar 9 briewe deur die Sieketroosters aan die Classis van Amsterdam geskrywe wat bewaar gebly het, en wat getuig van 'n aangename gesindheid van samewerking en kinderlike onderworpenheid aan die kerk in Holland.

Volgens Spoelstra het die Kaap in die beginjare van die volksplanting egter alleen 'n ondergeskikte deel van Ned. Indië uitgemaak :- „In de brieven naar en van Batavia werd vry geregeld een heel kort verslag over de Kaap meegedeeld. Hieruit leiden wy af, dat de Kaap in den aanvang slechts als ondergeschikt onderdeel van Nederlands Indië werd beschouwd en behandeld." $ Volgens bogenoemde kom dit ons voor asof die „gemeente" aan die Kaap en veral aangestelde Sieketroosters hulle afhanklikheid van die kerk in Nederland diep gevoel het en hulle uiterste probeer het om kontak met Holland te bly behou. In 1657 is selfs die kollektes na Nederland gestuur. Eers na 1700 sou 'n afhanklikheidsgevoel van die

...235/... Kaapse ......

$ Spoelstra : a.w. 11. bls. 7.

Kaapse „gemeente" teenoor die kerk in Nederland duidelik begin sublimeer en vrugte dra. Die afhanklikheidsgevoel het gelei tot eie kerkformasie wat later in 'n eie onafhanklike kerk ontplooi het.

As wedersydse toestemming 'n noodsaaklike grondslag vir die Gereformeerde kerkverband is dan was daar vanaf die begin van die volksplanting aan die Kaap 'n besliste neiging tot offisiële kerkverband tussen „die Nederlandse kerk en die kerk aan die Kaap".

(b) GEMEENSKAPLIKE BELYDENIS EN KERKORDE.

Weens die feit dat die Kaapse kerk uit die volksplanting gegroei het en nie kragtens 'n besluit van die Vaderlandse kerk in die lewe geroep is nie moet nagegaan word of daar ooit op 'n definitiewe kerkorde en kerklike belydenis besluit is en sonie of dit wel uit die handelinge van die Kaapse kerk af te lei is.

Van 'n definitiewe besluit in verband met 'n bepaalde kerkorde en kerklike belydenis is geen spoor aan te tref in die annale van die Kaapse kerk nie, maar die handelswyse van die Kaapse kerk getuig egter sterk hiervan. Met die stigting van die eerste gemeente aan die Kaap het die gekose kerkraadslede b.v. die belydenisse onderteken soos die kerkorde van Middelburg gepaal het, Hierdie handelswyse van die Kaapse kerk het daarop neergekom dat die belydenisskrifte van die Gereformeerde kerke in Nederland en die kerkorde van Middelburg gevolg is. Reeds by die stigting van die kerk aan die Kaap was daar dus nie alleen 'n instemming met die belydenis van die kerk in die Vaderland nie maar ook 'n samehorigheidsgevoel en eenheidsband met daardie kerk.

Na die dood van die eerste leraar Ds. Johan van Arckel is die Kerkorde van Middelburg nie meer gevolg nie maar wel die Dordtse Kerkorde wat egter min van dié van Middelburg verskil het. $

Die predikante aan die Kaap was volgens hulle beroepsbrief gebonde om „forme van kercke ende kerckelijke regeringe na die woorde Gods ende conform de loffelycke gewoonte van de Gereformeerde kercken hier te lande ook aldaar," in te

......236/. stel...

$ P. Biesterveld en H.H. Kuyper : a.w. p. XXVl en XXVll.

stel, of te onderhou. Ten opsigte van die leer is dit spesiaal aan hulle opgedra „om na Gods Woord ende in conformiteyt van de Nederlandsche kercken confessie ende Chr. Cathechismus te regeer." $ Hiervolgens was die predikante dus wel predikante van die Kaapse kerk maar in die nouste verband met die Vaderlandse kerk. „Omtrent de regeling der openbare godsdienst schikte men zich, zoo vroeger als later, naar de gebruiken der moederkerk." $$

Die Nederlandse predikante wat die Kaapse kerk bedien het, het, soos 'n mens kan verwag, die Nederlandse kerkorde gehandhaaf. Ds. J.G. D'Ailly het in 1710, toe die vraag gestel is, watter kerkorde aan die Kaap in swang was, duidelik verklaar dat dit die Dordtse kerkorde is en dat die Kaapse broeders in besondere voorvalle „die eerw. buytenlandsche broederen" kon raadpleeg. $$$ Ook Theal sê van die Kaapse Kerk „In practice it was guided by the decrees of the Synod of Dordt." $$$$

As 'n gemeenskaplike belydenis en kerkorde 'n ander noodsaaklike grondslag vir kerkverband was dan is dit duidelik dat ook in hierdie opsig die weg tot institutêre kerkverband tussen die Nederlandse kerk en die Kaapse Kerk beslis oop gestaan het.

(c) <u>DIE AARD VAN DIE KERKVERBAND</u>.

As die genoemde grondslae tot kerklike verbandvorming teenwoordig was in die geval van die Hollandse kerk en die Kaapse „Kerk" wil dit nog nie sê dat daar wel 'n offisiële kerkverband bestaan het nie. Gevolglik sal die aard van die „kerkverband" nagegaan moet word en dit wel omdat <u>kerkverband</u> pluriformiteit impliseer.

Wat die aard van die „kerkverband" tussen die vroeë Kaapse „kerk" en die Vaderlandse kerk betref moet dit gesien word in die lig van die Gereformeerde opvatting ten opsigte van kerkverband en die aard daarvan.

Ten opsigte daarvan het ons in 'n vorige hoofstuk op gesag van Kleyn en Bouwman vasgestel dat die aard van 237/.

$ Van Boetzelaar van Dubbeldam C.W.T. : De Gereformeerde kerken in Nederland en de zending in Oost-Indië. Utrecht. 1906. pag. 290.

$$ Faure A : Redevoering by het tweede Eeuwfeest. p. 23. Kaapstad. 1852.

$$$ Spoelstra C : a.w. 11. p. 612.

$$$$ L. Mc Call Theal : a.w. p. 137.

kerkverband daarin bestaan dat die plaaslike gemeente in alle dinge volkome vry is om te doen of te laat soos hy verkies en dat hy homself kan bestuur in alle dinge wat die gemeenskap van die kerke nie raak nie en verder dat : elke Gereformeerde sinodale verbinding 'n assosiasie van vrye, selfstandige kerke is en dat die gesamentlike kerke 'n werklike eenheid in institutêre sin vorm.

Kragtens hierdie beginsels moet nou vasgestel word of daar wel 'n offisiële kerkverband was.

Ons het reeds daarop gewys dat die Kaapse „kerk" gedurende die eerste 13 jaar van die volksplanting alleen aan een van die aangehaalde vereistes vir kerkvorming voldoen het naamlik dat die lidmate aan die Kaap hulle „op die grondslag van belydenis verenig het" en dat hulle hulle voor 1665 nie ook „onder die leiding van die amp georganiseer het nie."

Die „Kerk" aan die Kaap was gedurende daardie tydperk dus nie 'n volwaardige Gereformeerde gemeente of kerk nie. Dit kon dus ook nie 'n „volkome vrye" gemeente wees om „te doen en te laat soos hy verkies" nie. Veel minder kon daar dus ook 'n „assosiasie van vrye, selfstandige kerke" in die Kaap en in Holland gewees het wat met mekaar in verbinding kon tree. Daar kon gevolglik geen sprake wees van 'n offisiële Gereformeerde kerkverband tussen die Kaapse en die Hollandse Kerk nie. Dit wil egter nie sê dat daar nie 'n nog nouer „verband" tussen die genoemde kerke was as die gewone kerklike verband tussen twee selfstandige gemeentes nie. Soos ons daarop gewys het, het die Vaderlandse kerk dan ook die lidmate aan die Kaap bloot as tydelike vertrokke lidmate uit Holland beskou en behandel en aan hulle geen ander status toegeken nie as dié van 'n onderdeel van die Vaderlandse kerk wie se attestasies „nog in Holland tuisgehoort" het.

Hierdie geval kan byna as analogies beskou word met gevalle wat vandag nog voorkom waar twee afdelings van dieselfde gemeente byvoorbeeld op twee naburige dorpe woonagtig is en waar elke konsentrasie van lidmate hulle verenig het tot bediening van die woord en sakramente en gebede, maar tog nie afsonderlike gemeentes uitmaak nie. In so 'n geval vorm twee sodanige afdelings nie 'n onderlinge kerkverband nie maar een geheel as gemeente.

......238/..Waar, soos...

Waar, soos ons reeds daarop gewys het, Moorrees en Royaards van mening was dat daar alleen 'n „losse verband" tussen die Kaapse en die Hollandse Kerk was is dit vir ons duidelik dat daar veel meer as 'n „losse" of selfs 'n hegte verband tussen die kerke was omdat daar inderwaarheid 'n volkome organiese en institutêre eenheid was waarvan die twee kerke alleen maar dele was. Dit los meteens die probleem op wat voortgespruit het uit Moorrees en Royaards en Van Dubbeldam se opvattings van 'n „losse" of geen verband tussen die Nederlandse en Kaapse kerke.

Uit wat behandel is blyk dit o.i. duidelik dat wat die eerste „Kaapse kerk", dit wil sê die kerk tussen 1652 - 1665 betref, dit so 'n diepafhanklike inherente deel van die Vaderlandse kerk gevorm het dat daar hoegenaamd geen sprake van 'n volwaardige kerkvorming aan die Kaap in daardie tyd gewees het nie en dat daar ook nie van kerkverband as sodanig gepraat kon word nie behalwe waar ons dink aan die organiese eenheid van die betrokke gelowiges onderling. Eers na die koms van die eerste vaste leraar aan die Kaap en die organisering van die eerste Kaapse gemeente in die ampte kan daar van kerkverband gepraat word en sal dit ook interessant wees om vas te stel of daar toe 'n kerkverband ontstaan het en hoedanig dit was.

## O P S O M M I N G.

Uit bogenoemde behandeling van die kerklike posisie van die eerste Koloniste aan die Kaap gedurende die tydperk 1652 - 1665 het die volgende vir ons duidelik geword :-

(1) Dat daar 'n mate van wedersydse belangstelling op geestelike gebied tussen die gelowiges aan die Kaap en die Kerk in Holland en by name die Classis van Amsterdam was.

(2) Dat daar vanaf 1652 - 1665 geen volwaardige, selfstandige kerk aan die Kaap was nie.

(3) Dat gelowiges hulle wel op Protestantse belydenis verenig het tot die bediening van die woord en die sakramente en dus as 'n „gemeente" bestempel kon word, maar hulle was geen volwaardige, selfstandige kerk wat onder leiding van ampte georganiseer was nie.

...239/.. Dat.....

(4) Dat die gemeente geestelik onder toesig van die kerkraad en Klassis van Amsterdam gestaan het maar prakties administratief onder beheer van die V.O.I.C. gestaan het. $

(5) Dat die gemeente ook 'n volle outoriteitsvoogdyskap van die kant van die Classis van Amsterdam oor hom verwelkom het alhoewel daar aanvanklik min ware belangstelling van die kant van genoemde Klassis ondervind is, en ook alleen in soverre die beheer van die Politieke Raad soiets toegelaat het.

(6) Ten spyte van die groot afstand tussen Suid-Afrika en Holland en die gebrekkige kommunikasiemiddele, het die organiese eenheidsband tussen die Kaapse gemeente en die Vaderlandse kerk nie verbreek geraak nie maar veel eerder hegter geraak na die eerste moeilike jare agter die rug was.

(7) Dat alhoewel daar destyds geen formele kerkverband tussen die Vaderlandse kerk en die Kaapse kerk was of kon wees nie omdat die Kaapse kerk geen selfstandige kerk was nie, daar tog groter eenheid of „verband" tussen die kerke was naamlik die eenheid van die geheel waarvan die Kaapse kerk 'n verwyderde deel uitgemaak het.

(8) Dat die Sieketrooster wat geen kerklike amp beklee het nie en wat ten volle in die diens van die Kompanjie gestaan het maar homself ook as verteenwoordiger van die Klassis van Amsterdam beskou het, 'n belangrike rol in kerklike sake aan die Kaap gespeel het en 'n besondere roeping in die geestelike bearbeiding van die koloniste vervul het.

(9) Dat die offisiële kerklike lewe gedurende hierdie tydperk feitlik gekonsentreer het rondom die sporadiese besoeke van predikante van die Vaderlandse kerk wat hier dienste waargeneem het en die sakramente bedien het.

......240/. Dat....

$ Van Troostenburg de Bruyn. a.w. p. 307. Vgl. ook Vorster Dr. J.D: De Kerkregtelike ontwikkeling van die Kaapse kerk onder die Kompanjie, 16,52 - 1795. Potchefstroom. 1956. p. 49.

(10) Dat die eerste „gemeente" aan die Kaap geen kerklike status en geen outonomie en selfbestuur gehad het nie omdat soos ons aan die begin van hierdie hoofstuk daarop gewys het, dit 'n lewende deel van die Vaderlandse kerk uitgemaak het. $

(11) Dat hierdie klein onderdeel van die Vaderlandse kerk nietemin die begin van groot dinge in Suid-Afrika was.

---

.../241/.. DIE....

$ Voetnota : Hierdie saak is hierbo beredeneer onder die hoof „die status van die eerste lidmate en die kerk aan die Kaap.

## 2. DIE TYDPERK 1665 - 1804.

In die jaar 1665 het daar duidelik 'n nuwe fase in verband met die volksplanting aan die Kaap aan die lig getree en veral ook in verband met die kerklikgodsdienstige lewe. Tot sover was die Kaap as 'n blote verversingspos beskou. Dit het nie gelyk asof daar veel van kolonisasie aan die Kaap verwag kon word nie. Daarby was die O.I. Kompanjie ook 'n handelsliggaam wat direkte winste - en nie die ontwikkeling van kolonies - beoog het nie.

Hierdie toestand van sake het grootliks ook bygedra tot die gebrek aan kerklike stabiliteit wat gedurende die jare 1652 - 1665 aan die Kaap aangetref is. Soos in die vorige hoofstuk aangetoon is het daar gedurende hierdie tydperk feitlik geen kerklike organisasie aan die Kaap tot sy reg gekom nie omdat alles so uiters onstabiel en ongevestig was. Selfs die Classis van Amsterdam wat hom namens die kerk in Nederland prysenswaardig beywer het in belang van die koloniale kerke soos byvoorbeeld die Kerk in Oos-Indië, het, soos aangetoon is in die vorige hoofstuk, gedurende hierdie eerste tydperk alleen 'n minimum van aandag aan die „kerk" aan die Kaap geskenk; soveel so dat briewe van sieketroosters aan die Kaap in daardie tyd gewoonlik onbeantwoord gebly het van die kant van genoemde Klassis.

Toe as gevolg van verskillende faktore die verversingspos aan die Kaap aan die einde van hierdie eerste tydperk in 'n lanboukolonie met gevestigde kolonies begin ontwikkel het, het daar ook op kerklike gebied 'n gelukkige kentering gekom.

En nou is dit belangrik om na te gaan hoe hierdie kentering plaasgevind het en wat daaruit gebore is ten opsigte van die ontwikkeling van 'n eie onafhanklike organisasie en kerkverband aan die Kaap en sy omstreke. Kerkverband met ander kerke impliseer immers selfstandigheid van kerke.

...242/.(1) DIE.......

## (1) DIE GEMEENTE (1665 - 1804)

Die „gemeente" wat sedert 1652 - 1665 so 'n sukkelende, halfslagtige bestaan gevoer het, het sedert 1665 nuwe aansien en status begin verkry. In hierdie jaar het die Here Sewentien besluit om 'n vaste predikant na die Kaap te stuur wat op 18 Augustus 1665 met die skip „Nieuw Middelburg" hier aangekom het. Soos die gemeenskapslewe met die bou van 'n nuwe fort en die uitbreiding van landboubedrywighede nou hier 'n vaste vorm begin aanneem het, so het die kerklike lewe met die instelling van 'n vaste leraarsamp ook begin toeneem in bestendigheid en gesonde vooruitgang. Terwyl die onstabiele kerklike lewe in die vorige tydperk feitlik maar gekonsentreer het rondom die sporadiese besoeke van predikante van en na Oos-Indië, het die kerklike lewe van hierdie nuwe tydperk vaste vorm begin aanneem en groeikrag begin openbaar met die koms van 'n vaste leraar aan die Kaap. Jooste sê van die koms van die eerste vaste leraar aan die Kaap :- „Sy aankoms aan die Kaap was inderdaad die begin van 'n gereelder kerklike lewe," $ en Moorrees getuig van die vooruitgang op kerklike gebied sedert die koms van die eerste leraar in die volgende woorde :- „Aan die awendmaal het uiters min deelgeneem. By hierdie eerste awendmaal deur Ds. van Arckel bedien op 13 September 1665, spreek kommandeur Wagenaar sy verontwaardiging daaroor uit dat hoewel daar agtien maande verloop het sedert die plegtigheid laas gevier was, daar nouliks vier-en-twintig kommunikante aangesit het uit die talryke garnisoen, tewete 300 man en die vele burgers en boere tewete 16 „vrye lieden" met hulle huisgesinne. By die volgende awendmaalviering op Kersdag was die getal wat daaraan deelgeneem het, met die helfte vermeerder." $$

### 1 (a) STATUS VAN EERSTE GEMEENTE.

Die koms van 'n vaste lerrar na die Kaap het aan die „gemeente" aan die Kaap onmiddellik 'n status begin gee en wel in die opsig dat dit die gemeente gaandeweg daartoe gebring het om te beantwoord aan die gereformeerde

......243/ vereistes....

$ J.P. Jooste : a.w. bls. 50.
$$ A. Moorrees : a.w. bls. 29.

vereistes vir 'n volwaardige gemeente. In die reeds aangehaalde woorde van Bouwman is die gereformeerde gemeente nie net 'n vergadering van die gelowiges nie maar verenig hierdie gelowiges hulle ook tot die bediening van die Woord, die sakramente en die gebed en organiseer hulle hulle onder die leiding van die amp. Dit alles en ook die ontvangs van 'n vaste leraar, met alles wat hy ampshalwe vir die gemeente gedoen het, het onmiddellik die eerste gemeente aan die Kaap in die lewe geroep en aan die gemeente 'n volwaardige gemeentelike status gegee, behalwe dat 'n kerkraad nog nie saamgestel was nie maar ook dit het, soos ons sal sien, baie gou na die aankoms van die vaste leraar plaasgevind.

Op gereformeerde grondslag tree beide gemeente en kerk egter op in 'n bepaalde gestalte met ampte en bedieninge en daarom verrys die vraag nou of die eerste gemeente aan die Kaap na die koms van 'n vaste leraar en selfs na die aanstelling van 'n kerkraad tog wel as 'n volwaardige gereformeerde gemeente of kerk bestempel kon word. Het sake op gereformeerde grondslag ontwikkel aangesien die gemeente nie self en alleen sy ampsdraers gekies het nie?

Van Ds. Johan van Arckel weet ons byvoorbeeld dat hy deur die Direkteure van die O.I.K. tot eerste Predikant aan die Kaap aangestel is en nie deur die gemeente beroep en in sy amp bevestig is nie. Die leraar het onder jurisdiksie van die Kompanjie gestaan. Moorrees sê daarvan :- $ „Predikante en sieketroosters kon te eniger tyd deur die Bewindhebbers sonder opgaaf van redes na die vaderland ontbied, of deur die Goeweneur-Generaal en Rade van Indië teruggestuur word, indien hulle dit nodig oordeel tot diens van die Kompanjie en tot rus en veiligheid van die Kerk in Indië. Die predikant is dus geheel as amptenaar van die Kompanjie beskou. Hy het in rang gelykgestaan met onderkoopman, en was geregtig tot alle voorregte aan daardie rang verbonde. Die Regering het vir sy traktement gesorg, en daarby het hy ook nog, soos ieder amptenaar, by wyse van rantsoen ontvang 'n sekere hoeveelheid brood, vlees en ander mond- en huislike behoeftes.

...244/.. Alles.

$ A. Moorrees : a.w. bls. 59, 60.

Alles ingesluit het hy volgens Valentijn, ongeveer 1800 gulde (R300) jaarliks gekry. Die owerheid het die predikant sy standplaas aangewys. Predikante of sieketroosters wat nalatig was in hulle werk, of 'n ergerlike lewe gelei het, is eenvoudig na die vaderland teruggestuur. Selfs onenigheid tussen predikante onderling moes nie aan die oordeel van die Klassis onderwerp word nie, maar deur die owerheid besleg word."

Waar dit die geval was dat die gemeente aan die Kaap nie sy eie leraar kon beroep of sy eie kerkraad kon aanstel nie, moet die vraag beantwoord word of so 'n toestand van sake nie die hele wese van die gemeente as gereformeerde gemeente geweld aangedoen het nie.

As Bouwman, soos reeds aangehaal is, beweer dat 'n gemeente 'n vergadering van gelowiges is „die zich organiseren onder de leiding van het ambt" word daarmee dan nie bedoel dat dit essensieel is dat die gemeente self sy eie leraar sou beroep en sy kerkraadslede sou kies alvorens hy as 'n ware, gereformeerde gemeente kon aangesien word nie?

Hier is 'n beginsel van die uiterste belang op die spel veral ook waar die staatkundige owerheid vir baie jare so 'n besondere beheer oor die eerste gemeentes van ons kerk uitgeoefen het. Het dit die wese van die kerk tot niet gemaak of het dit hoogstens die welwese van die kerk gestrem?

Behoort dit tot die wese van die Protestants Christelike kerk dat hy nie net georganiseer sal wees onder die ampte nie maar ook onder alle omstandighede sy eie ampsdraers sal kies?

Ook laasgenoemde is iets wat in die algemene gang van sake as vanselfsprekend beskou word in die gereformeerde kerkreg maar dit word sover ons kan nagaan nêrens gesê dat die wese van die gereformeerde gemeente verlore gaan as die ampsdraers, wat miskien wel op uitmuntende wyse hulle ampswerk verrig, nie self deur die gemeente gekies is nie. In dié opsig wil ons teruggaan na die beskouing van Calvyn.

...245.. Calvyn...

Calvyn se prinsipiële standpunt was dat die gesag eerbiedig moet word en afwykinge verdra moet word solank as die Woord en die Sakrament oor die algemeen gehandhaaf bly. $ Calvyn se standpunt impliseer dus dat „afwykinge" soos hulle destyds aan die Kaap in swang was „verdra" sou kon word solank as wat die Woord verkondig is en die sakramente deur geordende leraars bedien is.

Daarby het Calvyn ook die klem laat val nie op die wyse van verkiesing of „benoeming" van ampsdraers nie, maar op die selfstandigheid van hulle gesagsoefening. $$

Aan die hand van die Heilige Skrif en van Bouwman het ons reeds daarop gewys dat Christus self 'n regering vir Sy Kerk ingestel het en dat kragtens hierdie ampte wat Hy ingestel het die amptenare deur Hom geroep word en alleen middellik deur die gemeente gekies word.

Van Hom ontvang hulle hulle mag en gesag as draers van die amp en nie van die gemeente nie. Hulle is dus nie maar lede van die bestuur van 'n gewone vereniging nie maar ampsdraers van Christus en aan Hom is hulle verantwoording verskuldig.

Die gevolgtrekking waartoe ons in hierdie verband kom is dus dat alhoewel dit uiters wenslik is dat gemeentes hulle eie ampsdraers sal kies en dit normaalweg in die Protestantse gemeentes ook altyd gedoen word, dit prinsipieel nie as wet van Mede en Perse beskou kan word dat dit onder alle omstandighede so moet wees nie, en veral omdat kragtens die beleid van die V.O.I.C. om alle ander kerke uit die handelsgeweste te weer alleen beroepe en bevestigde predikante van die Gereformeerde kerk van die Vaderland hier deur die V.O.I.C. aangestel is. $$$

Omdat ampsdraers deur Christus as Hoof van Sy kerk aangestel word en die gemeente alleen middellik die keuse doen, daarom volg dit logies dat dit moontlik is dat Christus onder omstandighede ook andere, byvoorbeeld die staatkundige owerheid, kan gebruik om middellik uitvoering te gee aan Sy leiding en Sy keuse vir Sy gemeente, solank as die gekose ampsdraers maar volgens die voorskrif van die Heilige Skrif en die belydenis van die kerk hulle ampswerk

246/.. verrig..

$ Du Plessis Prof. L.J. Die Staatsteorie van Jean Calvyn i.v.m. die Wetenskap en Staatspraktyk van sy tyd.p.12.

$$ Du Plessis L.J : a.w. p. 44.

$$$ C.W. Th Baron v. Boetzelaar van Asperen van Dubbeldam ; De Protestantsch Kerk in Nederland-Indië p. 183.

verrig en solank as wat die herders van die gemeente wat aangestel is geordende leraars van die betrokke kerk is nie.

Die kwessie van die kies van die amptelare van 'n gemeente deur die gemeente self behoort dus hoogstens tot die welwese van die gemeente en kerk en nie tot die wese van die kerk nie anders sou die gemeentes aan die Kaap vir baie jare in hulle wese aangetas gewees het en dan feitlik nie as gemeentes van Christus kon bekend gestaan het nie.

In bogenoemde lig moet die kerklike toestand aan die Kaap in daardie dae gesien word, asook die optrede van die owerheid in daardie tyd.

In bogenoemde verband kan ook nog as bewysvoering bygevoeg word dat alhoewel die plaaslike kerk volgens die Skrif en volgens gereformeerde opvatting 'n volledig-selfstandige kerk met eie identiteit en selfbestuur is, dit tog kan gebeur dat die kerk onder omstandighede dit nodig mag vind om 'n deel van sy outonomie in te boet, soos byvoorbeeld wanneer verskillende selfstandige gemeentes in Rings- en sinodale verband moet tree, elkeen van hulle uit die aard van die saak tog 'n deel van sy outonomie moet inboet maar dit egter sonder om sy wese te verloor.

Waar dit onder omstandighede soos byvoorbeeld finansiële onvermoë en staatsoorheersing vir die destydse kerk aan die Kaap heeltemal onmoontlik was om homself eiehandig onder die leiding van die amp te organiseer, moet dit as 'n gelukkig toestand van sake gesien word dat die destydse Bewindhebbers kragtens die Tweede Oktrooi (Tweede Klousule) wat hulle van die State-Generaal ontvang het, verplig was om te sorg vir die godsdienstige belange van die koloniste.

Vir die „gemeente" aan die Kaap was dit van die uiterste belang dat dit in sy afgesonderdheid van die Vaderlandse Kerk geestelik versorg sou word.

Die implikasie van genoemde klousule in die Oktrooi was dat die Bewindvoerders verplig was om vir hierdie geestelike versorging in te staan.

Soos ons in die hoofstuk oor die Sieketrooster daarop gewys het, het die Bewindvoerders saam met die Classis van Amsterdam dan ook op nougesette wyse gesorg vir die gees-

telike belange van die lidmate van die Kerk aan die Kaap.

Verder het hulle dit gedoen veral toe hulle in 1665 'n eerste vaste leraar na die Kaap gestuur het; en al was hy nie deur die gemeente self beroep nie dan het hy nogtans die essensiële verkondiging van die Woord en die bediening van die sakramente behartig.

Solank as wat die leraar 'n bona fide geordende en bevestigde leraar van die betrokke kerk was en die gemeentelike werk volgens vaste skriftuurlike beginsels gedoen het, het dit o.i. aan die wese van die kerk niks gedoen nie. Die kwessie van die selfstandige beroeping van 'n leraar en die aanstelling van 'n eie kerkraad behoort, soos ons gesien het, nie tot die wese van die kerk nie maar tot die welwese. Hoe jammer dit dus ookal was dat die eerste gemeentes aan die Kaap nie soos byvoorbeeld die eerste gemeente te Jerusalem volle selfstandigheid geniet het nie, het dit tog aan die wese van die kerk niks gedoen nie. Trouens volgens gereformeerde opvatting gebeur dit en kan dit gebeur dat 'n leraar aan 'n gemeente gestuur word. Joh. Jansen maak hiervan melding waar hy sekere uitsonderinge in dié verband behandel :- „De uitzondering : Ten ware dat hy gezonden worde om hier of daar kerken te vergaderen. De Synode van 'S Gravenhage, 1586, noemde twee gevallen : (1) Dat iemand gezonden werd om hier of daar te prediken in de gemeente onder 't kruis; en (2) dat zÿ gezonden werd, om anderzins kerken te vergaderen.

Het tweede geval doelde oorspronkelÿk waarschÿnlÿk en op het vergaderen der verstrooide geloofsgenoten in de Roomse landen en op het vergaderen van kerken door de prediking onder de Roomsen. De Sÿnode van Utrecht, 1905, heeft deze uitdrukking met de oog op de uitwendige zending laten staan. En terecht want Christus vergadert zich zÿn gemeente uit het ganse menselÿk geslacht. (heid. Cat. Zond. 21). Ook in het geval van de zending is het dus geoorloofd, dat een of meer kerken in Nederland een dienaar des woords uitzenden, om door de prediking des Evangelies onder de heidenen en Mohammedanen te arbeiden en aldaar kerken te

..........248/... vergaderen,......

vergaderen, zonder dat hy nog aan een vaste standplaats verbonden is." $

Die implikasie is dat die Kaapse gemeente ook 'n „gemeente in die verstrooiing" was, met volle wesenlike gemeentelike waardigheid en daarom wil dit voorkom asof dit onder omstandighede nie ongereformeerd was dat die Oos-Indiese Kompanjie onder geestelike voogdyskap van die Klassis van Amsterdam (soos ons daarop gewys het) vir die koloniste aan die Kaap 'n leraar gestuur het nie.

## (b) UITBREIDING VAN DIE GEMEENTES. AAN DIE KAAP.

Met die ontwikkeling van die Kaapse verversingsstasie in 'n kolonie met 'n groeiende getal permanente koloniste, was dit voor-die-hand-liggend dat daar gaandeweg ook 'n uitbreiding van gemeentes aan die Kaap sou plaasvind. Die geskiedenis van hierdie kerklike uitbreiding is goed bekend maar wat vasgestel moet word is of die gemeentes langs gereformeerde riglyne ontstaan en ontwikkel het.

In die jaar 1683 het 'n aantal Stellenbosse koloniste met 'n versoekskrif na die Politieke Raad gegaan vir die daarstelling van 'n selfstandige gemeente omdat die „hoofplaats" waar die eredienste gehou is te verafgeleë was. Hierdie versoek het tot die ontstaan van 'n tweede „gemeente" gelei want die uitslag van die versoek was dat die Politieke Raad besluit het om 'n skoolmeester en 'n sieketrooster daarheen te stuur. Van hierdie gemeente skryf Ds. Petrus Kalden op 4 Julie 1697 :- „De Gemeente aan Stellenbosch groyt dagelyx aen en worden over de vyftigh Ledenmaten bevonden, na welcke ick my vier mael des Jaars begeven omme de Sacramente aldaer te bedienen, wordende bÿ mÿ afwesen voor een Sieketrooster waergenomen." $$

Aanvanklik het hierdie gemeente 'n soortgelyke ontstaan en ontwikkelingsgang as die van Kaapstad gehad. Aan die Gereformeerde vereistes van selfstandige gemeentevorming is voldoen; die Woord is verkondig en die Sakramente is bedien. Wat dus vir die Kaapstadse gemeente gegeld het in verband met status, beheer, bearbeiding het ook vir die Stellenbosse „gemeente" gegeld. Die gemeente het net so

..249/ spon-

$ Joh. Jansen : a.w. bls. 40.
$$ Spoelstra : a.w. l. bls. 32.

spontaan en selfstandig ontwikkel as die Kaapse gemeente.

Met die koms van die Hugenote na die Kaap het 'n verdere fase in die uitbreiding van gemeentes aan die Kaap ingetree. Hulle was in die gelukkige posisie dat die Direkteure van die V.O.I.C. hulle van 'n eie Franse leraar in die persoon van Ds. Pierre Simond voorsien het.

Met die besit van 'n eie predikant wat die belangrikste amp in 'n gemeente, naamlik die van die leraarsamp kon beoefen, kon 'n mens verwag dat die Hugenote van die begin af 'n gemeente met 'n groot mate van gemeentelike status sou wees aangesien hulle posisie geensins verskil het van die posisie van die eerste gemeente aan die Kaap na die koms van Ds. van Arckel nie.

Die rede waarom hulle nie dadelik, soos hulle as baie ernstiggesinde gelowiges dit wou gehad het, 'n aparte, selfstandige gemeente geword het nie, moet aan drie faktore toegeskrywe word :-

1. Omdat hulle nie hulle eie leraar voltyds tot hulle beskikking gehad het nie. Hy moes naamlik elke veertien dae om die beurt 'n Franse diens op Stellenbosch en in Drakenstein waarneem. Een keer elke drie maande moes Ds. van Arckel daardie Sondag die dienste in Nederlands op Stellenbosch kom waarneem.
2. Omdat kommandeur Simon van der Stel hulle tussen die Hollandse koloniste laat woon het en dit gevolglik moeilik vir hulle was om 'n „kerklike eenheid" tussen hulle te bewaar en 'n selfstandige gemeente te stig.
3. Omdat die Politieke Raad om begryplike redes aanvanklik onwillig was om 'n aparte Franse of Hugenote gemeente aan die Kaap in die lewe te roep.

Die Hugenote het 'n deel van die gemeente Stellenbosch uitgemaak en onder die toesig van daardie kerkraad gestaan, maar hulle het die gemis van 'n eie gemeentelike status van die begin af sterk aangevoel. Daarom het Pierre Simond in 1689 reeds aansoek gedoen „tot het formeeren

.......250/.. van een....

van een Consistorie (kerkraad) op de wyse als te Batavia." $

Oor hierdie versoek het die Goewerneur hom aanvanklik erg kwalik geneem maar in 1691 ontvang hy berig dat die Bewindvoerders ingestem het tot die stigting van 'n eie kerkraad.

In die jaar 1742 is deur die Goewerneur-Generaal van Imhoff, opdrag gegee tot die stigting van nog twee gemeentes op die grense van die kolonie en so het die gemeentes Swartland en Land van Waveren tot stand gekom.

In 1792 is verder die gemeente Graaf-Reinet en in 1798 dié van Swellendam gestig.

In hierdie gemeentes is met die stigting dadelik ook kerkrade ingestel sodat die behandeling daarvan meer tuishoort by 'n volgende hoofstuk oor „die kerkraad".

......251/ 2. DIE EERSTE ....

$ In 'n skrywe d.d. 13 Junie 1689.

Christus is geestelik teenwoordig in Sy ampsdraers en dit gee geestelike kwaliteit aan die amp. Bouwman stel dit so voor :- „De macht in de gemeente berust uitsluitend by Christus en vloeit uit Christus in de gemeente af. Maar evenals een lichaam functioneert door de organen, zoo ook kan het lichaam van Christus eerst dan recht werken, wanneer het de organen bezit, die zich naar de instelling van Christus openbaren." $

'n Interessante openbaring van eiesoortige ontwikkeling doen hom van die begin af voor in die kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika, naamlik die lidmaatskap van diakens van Kerkrade. Kragtens sommige van die oudste kerkordes was diakens as lede van die kerkrade gereken, byvoorbeeld die Franse Kerkenorde van 1559 Art. 20 $$ en in navolging daarvan Art. 6 van die Acta der Emdensche Sinode van 1571 wat bepaal :- „In een yegelÿke Kercke salmen 't samencoomsten ofte Consistorien der Dienaren des Woorts, Ouderlingen ende Diaconen hebben."$$$

Hoewel die Sinode van Dordrecht 1574 Art. 4 bepaal het dat alleen in die geval van kleinere gemeentes waar daar min ouderlinge was diakens ook sitting sou hê op die Kerkrade, het volgens H. Bouwman diakens tog in die meeste gereformeerde kerke saam met ouderlinge sitting gehad in die Kerkrade. $$$$

Die Sinode van Middelburg 1581 Art. 28 $$$$$ het in teenstelling met hierdie gebruik bepaal dat kerkrade uitsluitlik sal bestaan uit predikante en ouderlinge.

Die Sinode van Dordrecht 1618 - 1619 Art. 37 het later hierdie bepaling oorgeneem. $$$$$$

Volgens Bouwman en Rutgers is die standpunt van die Gereformeerdes in Nederland dat diakens nie as lede van die kerkraad gereken behoort te word as die kerkraad uit 'n voldoende getal ouderlinge bestaan nie. $$$$$$$

......253/. In Suid-Afrika...

$ H. Bouwman : a.w. 1. bls. 331.
$$ H. Bouwman : a.w. 11. bls. 113.
$$$ Biesterveld en Kuyper : a.w. bls. 126.
$$$$ H. Bouwman : a.w. 11. bls. 113. 114.
$$$$$ Biesterveld en Kuyper : a.w. bls. 149.
$$$$$$ Biesterveld en Kuyper : a.w. bls. 235.
$$$$$$$ H. Bouwman : a.w. 11. bls. 116 ; Rutgers : Kerklÿke Adviezen 1. bls. 282. Kampen 1921 - 2.

## 2. DIE EERSTE KERKRAAD.

Nadat ons die aard en status van die eerste „gemeente" aan die Kaap teen die agtergrond van die Gereformeerde pluralistiese agtergrond van die gereformeerde kerke in Frankryk en die Vaderlande vasgestel het, is dit ons probleem om te bepaal hoe die eerste „Kerkraad" aan die Kaap in bogenoemde milieu ingepas het en wat die prosedure van verkiesing van die eerste kerkraad geïmpliseer het.

By wyse van filosofiese besinning omtrent die betekenis van die begrip „kerkraad" en die teologiese en kerkregtelike verklaring daarvan saaklik die volgende :-

Die betekenis van die woord kerkraad is 'n kollege en vergadering van die raad van 'n plaaslike kerk of gemeente. Die kerkraad verteenwoordig die gemeente en bestuur sake. In elke plaaslike gemeente moet 'n kerkraad wees.

Bouwman stel dit soos volg :-

1. „Dat Christus zelf een regering in zÿne kerk heeft ingesteld;
2. Dat de kerk zich plaatselÿk openbaart, en dat elke plaatselÿke kerk is een zelfstandige complete kerk; en
3. Dat de regering der kerk niet behoort, te zÿn bÿ een persoon, maar bÿ een raad van personen." $

Die beginsel van 'n Raad van persone wat oor die gemeente regeer berus op die Skrif. Volgens Hand. 14:23 en Tit. 1:5 is presbuters of Ouderlinge in alle gemeentes verkies; Volgens 1 Tim. 4:14 het hulle ook 'n „ouderlingskap" dit is, 'n kerkraad gevorm. Kragtens die amp wat Christus self ingestel het word die kerkraad deur Hom geroep en alleen middellik deur die gemeente gekies. Van Hom ontvang hulle hulle mag en gesag as draers van die amp en nie van die gemeente nie. Hulle is dus nie maar lede van 'n bestuur van 'n gewone vereniging nie maar ampsdraers van Christus en aan Hom is hulle verantwoording verskuldig. „Die kerklike mag berus by die hele kerk maar die uitoefening kom toe aan die amp." $$

252/.. Christus......

$ Bouwman H : Gereformeerd Kerkrecht Deel I. Ned. Geloofsbelydenis Art. XXX. pp. 99 - 104. Kampen. 1928.

$$ Geldenhuys F.E. O'B : a.w. p. 178.

In Suid-Afrika beweeg Gereformeerde Kerke op twee uiterstes in dié verband. Die „enkel" Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika sluit kragtens Art, 37 van die gereformeerde Gemeentes (1931) nie diakens as lede van die kerkraad in nie. $

Die Ned. Gereformeerde kerke beskou en behandel diakens egter weer as volwaardige lede van die kerkraad met die één uitsondering egter dat alleen ouderlinge as afgevaardigdes na hoëre kerklike vergaderings gekies mag word.

In teenstelling met die vaste gebruik in die Nederlandse Gereformeerde kerke het die Nederduitse Gereformeerde kerk in Suid-Afrika se kerkrade nooit uit ouderlinge alleen bestaan nie. In dié opsig het die kerk aan die Kaap van die begin af 'n eiesoortige ontwikkelingsgang gehad. Dit is moeilik om vas te stel waarom dit presies so was. O.i. moet dit toegeskrywe word aan die volgende twee faktore :-

1. Omdat die Sinode van Dordrecht 1574 Art. 4, die opening gelaat het dat in die geval van kleinere gemeentes waar daar min ouderlinge is, diakens sitting sou hê op die kerkrade en die eerste Kaapse kerkrade met hulle geringe getal ouderlinge gevolglik van hierdie reg gebruikgemaak het.
2. Dat die Kaapse gemeentes met hulle sterk Hugenote inslag verkies het om voort te bou op die Franse Kerkorde van 1559 Art. 20 waarvolgens diakens as lede van die kerkrade gereken is.

In elk geval het die Nederduitse Gereformeerde kerke in Suid-Afrika nog nooit van hierdie gebruik afgewyk nie en in die praktyk het dit seker bewys dat dit verstandig van die kerk was om langs hierdie weg die noodsaaklike verband tussen die offisiële amptenare van die kerk van Christus op die basis van gelykwaardigheid in die diens te handhaaf.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het dus ten opsigte van die kwessie van diakens as lede van

...253/ kerkrade.........

$ C.F. Eybers : Kerkinrigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika p. 167. Pretoria. 1934.

kerkrade, 'n eiesoortige ontwikkeling gehad in dié sin dat dit die besluite van die vroegste Protestantse Sinodes, tewete dié van Parys (1559) en Emden (1571) streng en enduit gehandhaaf het in teenstelling met die kerk in Nederland wat tydens hulle Sinodes van Middelburg (Art. 28, 1581) en van Dordrecht (Art. 37, 1618 - 19) daarvan afgewyk het.

(a) INSTELLING VAN EERSTE KAAPSE KERKRAAD.

Ons het reeds daarop gewys hoedat die organisering van 'n gemeente in ampte een van die noodsaaklike vereistes van gereformeerde kerkverband en kerkvorming is. Art. 39 van die Dordtse Kerkorde het bepaal „dat plaatsen, waar nog geen kerkraad zyn kan, door de Classis onder de sorg van en genabuurde kerkeraad zullen gestel worden."

In die geval van die eerste „gemeente" aan die Kaap is die gemeente nie onder die sorg van 'n „genabuurde" kerkraad geplaas nie maar soos ons gesien het onder die sorg van, die kerkraad en die Classis van Amsterdam.

Dit het voortgeduur ook toe die gemeente in 1665 'n eie predikant en kerkraad ontvang het. Nogtans was die instelling van die ampte van predikant, ouderling en diaken hier van die grootste belang.

Die ampspligte van die predikant was bepaal in die instruksie van die Here Sewentien en in die „particuliere Instructie" van die Classis van Amsterdam $ aan wie gereelde rapport gelewer moes word. Hierdie pligte het op die volgende neergekom :-

(a) Hy moes die „particuliere instructie" streng in ag hou;
(b) Hy moes die krankes gereeld besoek;
(c) Hy moes sorg dat die gewone kerklike dienste en godsdiensoefeninge behoorlik en gereeld waargeneem word;
(d) Hy moes hom alleen met Godsdienstige sake bemoei;

...255/ (e) Hy moes.....

$ Spoelstra : a.w: Deel II pp. 40 en 41.

(e) Hy moes gereelde rapporte van kerklike sake by die Bewindvoerders inlewer.

Die opdragte aan predikante wat in genoemde „particuliere Instructie" vervat is het op Bybelse en gereformeerde grondslag berus aangesien dit in hoofsaak op die verkondiging van Gods Woord; die bediening van die Sakramente en die beoefening van die gebede neergekom het. So is daar verband gehou met die kerk van die Vaderland en kan 'n deurlopende lyn van kerkverband ook hier bespeur word.

Die aanstelling van die predikant as eerste amptenaar van die nuwe gemeente wat gestig sou word, het op suiwer gereformeerde grondslag plaasgevind in soverre hy 'n beroepe en bevestigde leraar van die Vaderlandse kerk in Holland was maar as predikant wat onder die V.O.I.C. diens gedoen het was sy posisie onder omstandighede tog heelwat anders as in die geval van gewone predikante van die kerk in die Vaderland. Om vas te stel of hierdie posisie van die eerste predikant en ook latere predikante aan die Kaap die wese van die kerk aan die Kaap aangetas het, moet aangetoon word wat die sonderlinge posisie eintlik was. Daaromtrent dan die volgende :-

Die Here XVll het die aanstelling van die dienaar van die Woord gemaak waarna die persoon deur die Klassis beroep is en vir diens in die handelsgebied van die Kompanjie bevestig is. $ Na die bevestiging het die leraar sy Classikale Akte, wat deur twee afgevaardigdes van die Klassis en twee verteenwoordigers van die Bewindhebbers onderteken, ontvang. $$

Saam met die klassikale akte het die predikant ook die Instruksie van die Kompanjie ontvang. Hiervolgens verbind die ongetroude predikante hulle om die „Compagnie" vir „den tydt van tien jaren te dienen" en die getroudes „gelyck alle andere getrouwde Dienaars van de Compagnie den tydt van vyftien jaren. $$$

.....256/.. Hiervol-.....

$ Van Troostenburg de Bruyn C.A.L. : a.w. pag. 205.
$$ Spoelstra C : Bouwstoffen II. p. 40.
$$$ Spoelstra C : Bouwstoffen II. p. 553.

Hiervolgens is dit duidelik dat die Kompanjie wat die patroon van die kerk in die handelsgeweste was die predikante as hulle dienaars beskou het. Trouens die predikante is beskou as staatsamptenare met die Rang van onderkoopman en was geregtig op die traktement en voorregte wat aan die Rang verbonde was. $

Daarby moes hulle ook die eed van trou aan die Goewerneur aflê, $$ en soos „alle andere dienaers van de Compagnie, de gestelde Overheden onderworpen zÿn".$$$

Omdat die Kompanjie vurige voorstanders was van die „ware gereformeerde Christelyke lewe" kon die predikant ook as „Kompanjiedienaar" genoemde Christelyke „lewe" suiwer verkondig en tot sover het dit dan aan die wese van die kerk geen saak gemaak dat hy „Kompanjiedienaar" was nie, maar wat die posisie moeiliker gemaak het was dat die Politieke Raad soos die aanhaling van Moorrees dit aantoon, ook vir hom die reg opgeëis het om tug uit te oefen op die predikante. Hulle kon naamlik die predikant eenvoudig na die Vaderland terugstuur as hy volgens hulle oordeel sy pligte versuim of 'n ergerlike lewe gelei het. Dit was wel nie beoefening van tug in die suiwer kerklike sin van die woord nie maar dit was tog 'n vorm van tuguitoefening, en daarby is die kerkraad beroof geraak van sy regmatige aanspraak op tuguitoefening in gevalle waar dit nodig was.

Tuguitoefening behoort tot die wese van die Christelike kerk en waar die vroeë kerkrade aan die Kaap, soos aangetoon, van hierdie reg beroof is daar is die kerk aan die Kaap gevolglik ook in sy wese aangetas, en moet dit gesien word as 'n ingryping van die kant van die owerheid in die godgegewe regte van die Kerk.

Dit is jammer dat die eerste kerk aan die Kaap nie toegelaat is om ook in hierdie opsig die riglyne wat byvoorbeeld deur Johannes Calvyn in Genêve aangedui is, te volg nie. Omtrent die kerk van Calvyn in Genêve lees ons: „Die tug oor predikante is uitgeoefen deur die predikantekollege met die kerkraad en moes alleen bekragtig word

.....257/.. deur......

$ Moorrees A : Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652 - 1873. Kaapstad. 1937. p. 59,60.
$$ C 73 Raad van Politie : Resolutien. p. 86
$$$ Spoelstra C Bouwstoffen II. p. 545.

deur die staatkundige Raad, behalwe wanneer predikante en kerkraad nie tot eenheid kon kom oor leerverskil nie, in watter geval die wêreldlike owerheid die orde moes herstel. $

Wat die instelling van die kerkraadslede betref is kragtens die beginsels van die besluite van die Sinodes van Dordtrecht (1548) en Middelburg (1581) $$ soos volg gehandel :- Die Classis van Walcheren het, alhoewel deur bemiddeling van die Here Sewentien wat eintlik die aanstelling gedoen het, in kerklike sin vir die eerste „gemeente" aan die Kaap 'n eerste leraar besorg en hy het weer kort na sy aankoms aan die Kaap 'n kerkraad ingestel. Hierdie kerkraad, Abr. Schut, ouderling, en Johan Reinierszen, diaken, het met ondertekening van hulle name „de belydenisse der Gereformeerde Kerke voor goed en met het Woords Gods overeenstaande"," $$$ erken en bely.

Hierdie instelling van die eerste kerkraad aan die Kaap was 'n hoogsbelangrike stap in die rigting van volledige kerkvorming en kerklike organisasie aan die Kaap. Uit die oogpunt van die ontwikkeling van die gereformeerde kerkverband gesien is dit belangrik om seker te maak of hierdie instelling op gesonde gereformeerde grondslag plaasgevind het.

Wat die instelling van die eerste ouderling en diaken in 1665 betref, kan uit die beskikbare gegewens alleen vasgestel word dat hulle skriftelik die leer van die Gereformeerde kerke bely het. $$$$ Dit is wat die wese van die kerk en die gesonde gereformeerde kerkverband betref van die grootste belang omdat 'n gesonde gereformeerde kerkverband alleen opgebou kan word op die gemeenskaplike belydenis van die gereformeerde kerkleer. (bl. 19).

Die metode van verkiesing wat gevolg is by die instelling van die eerste kerkraad volg by implikasie eers uit die notule van die verkiesing, wat op 7 Mei 1666 plaasgevind het. Daaromtrent lees ons :- „Den 7 Mey zÿn, naer aenroepinge van des Heeren Naem, verkooren en geapprobeert

...258/ by den.......

$ L.J. du Plessis : a.w. pag. 45.
$$ Jph. Jansen : a.w. pag. 179.
$$$ Spoelstra : a.w. Deel II. Bls. 256.
$$$$ Spoelstra : a.w. Deel II. bls. 256.

by den Hr. Commandeur Wagenaar, tot mede-ouderling Elbert Diemer; tot mede-diaken Pieter Klinckenberg, en op den 23 ditto in haren dienst voor de vergaderingh bevestigd." $

Hieruit volg dat die prosedure by die eerste verkiesing van die Kerkraadslede was :-

(a) Verkiesing deur die kerkraad;

(b) Approbasie deur die kommandeur;

(c) Bevestiging deur die gemeente.

Die eerste ouderling en diaken wat in 1665 ingestel is kon uit die aard van die saak nie deur die kerkraad gekies gewees het nie, omdat daar toe nog geen kerkraad bestaan het nie.

Kragtens die besluite van die Sinodes van Dordtrecht (1548) en Middelburg (1581) in verband met kerkvorming (bl. 36) het Ds. van Arckel waarskynlik self die eerste ouderling en diaken tot sy helpers aangestel. Ds. van Arckel was immers deur die Classis van Walcheren beroep en bevestig. Hierdie Klassis wat kragtens die besluit van Noord-Holland in 1642 ook die reg gehad het om sorg te dra vir die buitelandse kerke het Ds. van Arckel na die Kaap gestuur en hy was dus verplig om hom te hou aan die kerkorde van Middelburg waaraan die Klassis van Walcheren verbonde was. Dat hy, met ondersteuning van die owerheid dit gedoen het, blyk duidelik uit die feit dat hy die aangestelde kerkraadslede die „belydenisse der gereformeerde kerke voor goed en met het Woord van God overeenstaande"$$ laat onderteken het.

Die kerkorde van Middelburg was die enigste wat vereis het dat kerkraadslede die belydenisskrifte moes onderteken.

Hierdie kerkorde het dan ook bepaal dat die eerste kerkraadslede van 'n nuwe gemeente deur die leraar wat gestuur is om die gemeente te stig, aangestel sal word. $$$

Dit is dus nie te betwyfel dat Ds. van Arckel die eerste ouderling en diaken aan die Kaap aangestel het nie

......259/ en dit.....

$ Spoelstra : a.w. Deel II. bls. 256.
$$ Spoelstra : a.w. ll. bl. 256.
$$$ Joh. Jansen : a.w. pag. 179.

en dit was ook in ooreenstemming met besluite van gereformeerde kerke in Holland.

Ook in dié opsig het die ontwikkeling van die kerkverband aan die Kaap langs gereformeerde riglyne plaasgevind.

Die bogenoemde wyse van verkiesing van kerkraadslede is later deur die Politieke Raad gewysig, toe verorden is dat die Raad jaarliks 'n dubbeltal-name vir die ampte van ouderling en diaken van die kerkraad sou ontvang waaruit die Raad dan die verskillende persone sou aanwys.

In die jaar 1674 het die Raad 'n spesiale vergunning verleen deur aan die kerkraad toe te staan dat hy jaarliks die broeder ouderling sou kon kies en die naam van die verkosene net vir approbasie aan die kommandeur voorlê. $ Die diakens sou nog op die ou manier benoem word. Hulle sou derhalwe ook in die toekoms meer volledig onder jurisdiksie van die owerheid staan.

Hierdie toestand van sake is besonder interessant en toon aan dat alhoewel daar van die begin af aan die Kaap die spore van 'n eiesoortige ontwikkelingsgang op te merk is, daar tog 'n duidelik-deurlopende lyn van kerklike ontwikkeling uit die Hollandse maar ook Franse kerke te bespeur is.

Die verskil in die benoeming van ouderlinge en diakens waarop ons pas gewys het het byvoorbeeld al in Genêve in die tyd van Calvyn voorgekom soos blyk uit die volgende :- „Die kerkraad as kerklike owerheid het bestaan uit predikante, gekies deur die predikante-kollege (die bedienaars van Woord en Sakramente,) bekragtig deur die owerheid en aanvaar deur die gemeente; verder uit ouderlinge, gedeputeer deur die owerheid in oorleg met die predikante en onder goedkeuring van die algemene burgerraad, wat feitlik dieselfde was as die gemeente. Die orige ampsdraers, naamlik die diakens vir die diens van barmhartigheid, was meer volledig onder jurisdiksie van die owerheid. Hierdie toestand was 'n onvermydelike gevolg van die feit dat die owerheid kragtens sy patronaatsreg in Genêve soos ook op baie ander plekke, werklik die kerklike gesag oorgeneem het vóór of by die reformasie en dit nie vrywillig wou loslaat nie. $$

Die approbasie van die kant van die staat was seker

......260/ iets....

$ Spoelstra : a.w. Deel 11. bls. 264.
$$ L.J. du Plessis : a.w. pag. 44.

iets lastigs maar weer moet gesê word dat dit alleen die welwese van die kerkregering aangetas het maar nie die wese van die kerk self nie.

In dié verband wys L.J. du Plessis daarop dat Calvyn die hoofnadruk $ nie laat val het op die wyse van verkiesing of benoeming van ampsdraers nie, maar op die selfstandigheid van hulle gesagsuitoefening.

In hierdie verband verwys ons ook na die beredenering van hierdie saak in 'n vorige hoofstuk.

Uit bogenoemde is dit vir ons duidelik dat behalwe in die geval van tuguitoefening op die predikante toestande in verband met die groeiende kerk aan die Kaap nie <u>on</u> - gereformeerd ontwikkel het nie alhoewel daar staatkundige optredes was wat die kerk se welwese, indien nie sy wese nie, aangetas het.

.......261/... Die Ring ........

$ L.J. du Plessis : a.w. pag. 44.

## 3. DIE RING.

'n Ring of Klassis is 'n samekoms van verteenwoordigers van gereformeerde kerke in dieselfde buurt. Die begrip „kerkverband" kom ook hier sterk op die voorgrond. Die woord Klassis (van Griekse oorsprong); Latyn calare, dit is, om te roep, om saam te roep beteken in die algemeen 'n saamgeroepte menigte. Op kerklike gebied beteken dit 'n samekoms van 'n groep kerke wat tot dieselfde buurtskap of distrik behoort. Art. 41 van die Wezel kerkorde bepaal dan ook :- „De Classicale vergaderingen zullen bestaan uit genabuurde kerken." $

In die ou tyd was Ringe en Klassisse afsonderlike liggame gewees. Die Ringe was onderdele van die Klassisse. In die 16de en 17de eeue was die meeste Klassisse in twee of drie Ringe verdeel. So 'n indeling in Ringe was egter tot die predikamp beperk gewees. Die diensdoende predikante van elke afsonderlike Ring het gekonstitueer en uit hulle midde 'n practor, vice-practor, scriba en quaestor gekies en het sake soos konsulentskappe en huishoudelike bepalinge ten opsigte van godsdiensonderwys, openbare eredienste en herderlike werk in hulpbehoewende gemeentes behartig. Die werk waarvan jaarliks verslag gedoen moes word was onder goedkeuring van die Klassicale bestuur gedoen. Volgens gereformeerde beginsel was sodanige byeenkomste van predikante alleen bloot as sovele partikuliere konferensies beskou en nie as kerklike vergaderinge nie. $$

Die Klassis is een van die oudste vorms van kerklike organisasie. „De kerklyke vergaderingen zyn in de oude kerk ontstaan uit de bewustheid van de eenheid der kerken in het leven; des geloofs en uit de behoefte om in moeilik tyden elkander met raad en steun te dienen. De organisatie der kerk sloot zich nauw aan by de organisatie, die de kerk in de staat en in het maatschappelyke leven vond. Groepen van gemeenten, die in ene stad haar centrum hadden, vereenigde zich ook kerkelyk tot eene eenheid onder de leiding van den bisschop in de hoofdplaats." $$$

........262/. Die .....

$ Jansen Joh. : a.w. P. 138.
$$ Christelike Encyclopaedie lV bls. 745.
$$$ Bouwman H : Gereformeerd Kerkrecht. 11. bls. 124.

Die verskil tussen 'n Klassis en 'n Kerkraad was van die begin af dat 'n kerkraad 'n vergadering van ampsdraers van 'n plaaslike gemeente was terwyl 'n Klassis 'n vergadering van afgevaardigdes was, en wel één ouderling en één leraar van naburige gemeentes. Die Sinode van Emden (1571) het reeds klassikale vergaderings ingestel. Art. 7 bepaal :- „Beneven desen consistoriën $ zullen oock alle drie ofte ses maanden classische versamelinghen, ghehouden werden van sommige kerkcken die by gheleghen zÿn nae hare gheleghenheyt ende nootdruft." $$ So ook al die volgende Sinodes tot by Dordt, 1618/19.$$$

Dit lê nou op ons terrein om teen die agtergrond van hierdie gereformeerde beginsels te probeer nagaan hoe die ontwikkeling van die kerkverband in Suid-Afrika plaasgevind het ook ten opsigte van die Ringe of Klassikale vergaderinge.

## I. BREëRE KERKVERBAND AAN DIE KAAP.

Volgens Bavinck $$$$ vorm die ecclesia particularis 'n eenheid met die ecclesia universalis en volgens Bouwman $$$$$ is die verskillende „plaaslike" kerke kragtens hulle eenheid van belydenis verplig om in verwyderde verband met mekaar te tree. Dit het ook aan die Kaap gebeur alhoewel dit nie sonder stryd en ernstige geboortepyne plaasgevind het nie.

Die predikant van die Franse vlugtelinge, Ds. Simond, moet die eer ontvang dat hy die eerste poging aangewend het tot wat later gelei het tot 'n institutêre kerkverband tussen die destydse gemeentes aan die Kaap.

Tot die Here Sewentien het hy in 1689 die versoek gerig om aan die Kaap 'n „consistorie" in te stel op die wyse „van Batavia" $$$$$$ Van Troostenburg de Bruyn beskrywe hierdie Concistorie van Batavia in die volgende woorde :- „De Kerkeraad te Batavia (Jakarta) dagteekent van Januarie 1620.

.......263/.. Het......

$ Kerkrade van die betrokke gemeentes.
$$ Biesterveld en Kuyper : a.w. bls. 36.
$$$ Dordrecht 1574, Arts. lX, X, Xl. Dordrecht 1578 C lll. Art. l, Xl: Middelburg 1581 Art. XX en XXX; 'S Gravenhage 1586. Art. XXlV, XXXVlll. Dordrecht, 1618-19. Art. XXlX, XLl.
$$$$ Bavinck : Gereformeerde Dogmatiek lV. bls. 408. Kampen 1918. 3de Druk.
$$$$$ H. Bouwman : a.w. ll. bls. 6.
$$$$$$ Spoelstra : a.w. Deel ll. bls. 601.

Het Collegie bestond uit één predicant, een proponent, en drie krankbesoekers." $

In antwoord op die versoek van Ds. Simond om vir die behandeling van kerklike sake so 'n buitengewone vergadering te vorm waarin ook Krankebesoekers sitting sou hê, het die Here Sewentien hom toegelaat om 'n eie gemeente te vorm $$ met een van die voorwaardes dat die Politieke Kommissaris „de saecken van gewigt kunnen laten brengen voor den Kercken-raadt van't Fort, waarby de Fransche gedeputeerden souden comen, om die verschillen af te doen." 'n Verdere bepaling het gelui dat subsidies wat van buite ontvang mag word nie deur die Kerkraad van Drakenstein nie, maar deur „den Grooten Kerkenraadt" geadministreer moes word. $$$.

Met hierdie vergunning van 'n sogenoemde „grooten Kerckenraadt" het die Politieke Raad 'n onverwagse wending aan die ontwikkeling van die kerkverband aan die Kaap gegee wat beslis onbekend op die gebied van die gereformeerde kerkreg was maar wat tog die eerste stap in die rigting van 'n institutêre kerkverband tussen die verskillende gemeentes aan die Kaap was. Dit lê nie op ons pad om die suiwer geskiedkundige verloop van sake in dié verband na te gaan nie maar wel om te probeer vasstel of dit suiwer gereformeerd plaasgevind het. Art. 75 van die Dordtse Kerkorde het destyds reeds die wenslikheid voorgehou dat kerke „ten platten lande" in verband met sensuursake met „ghenae-buerde kercken" moes raadpleeg.

Na so 'n onderlinge raadpleging op 'n gesamentlike vergadering van die kerkrade van Stellenbosch en Drakenstein, in die Starrenburg - Pretorius klagsaak $$$$ is die behoefte aan 'n meerdere vergadering gevoel, en deur Ds. Beck soos volg as ideaal aan die Klassis van Amsterdam gestel :-
„Te wesen ware't, dat wij met sulke affaires UEWS niet mogten voorkomen, of moeilÿk vallen; maar dat bÿ wÿse van vergaderinge in't midden van ons behandelt, konde afgedaan, en het sentiment van een Kerkenraad door een groter vergaderinge bekragtigt worden." $$$$$

......264/. Op die......

$ C.A.L. van Troostenburg de Bruyn : a.w. bls. 137.
$$ C 418. Inkomende Brieven p. 841.
$$$ C. Spoelstra : a.w. 11. p. 601.
$$$$ C. Spoelstra : a.w. 1. p. 43.
$$$$$ C. Spoelstra : a.w. 1. p. 43 - 44.

Op die wisselgang van die geskiedenis tot in 1742 om hierdie ideaal verwesenlik te sien hoef ons nie in te gaan nie. „In 1742 het daar iets gebeur wat die deur vir hulle oopgemaak het. $

Tydens die besoek van Goewerneur-Generaal van Imhoff het hy opdrag gegee dat daar nog twee gemeentes aan die Kaap gestig moes word.

Die wenslikheid van 'n gesamentlike vergadering van kerkrade aan die Kaap het nou 'n noodsaaklikheid geword want toe die Politieke Raad met die moeilike probleem van die bepaling van grenslyne tussen die gemeentes te doen gekry het, het die Raad gevoel dat „dit heylsaam werk door niemand beeter en met meer gevoegelykheid tot een goed eynde sal kunnen worden gebragt dan door Kerken-raade deeser plaatse en eenige daarby gevoegde leeden uyt de andere kerkelyke collegiën te platten lande." $$

Hier het die ontwikkeling van die kerkverband normaal en suiwer gereformeerd plaasgevind.

By die paar kerlike homogene eenhede aan die Kaap was daar reeds lank al 'n drang tot die vorming van 'n combinatio ecclesiarum en toe die moontlikheid van 'n botsing van algemene belange $$$ soos byvoorbeeld grenslyne waarby meer as een gemeente betrokke was, hom voorgedoen het, het selfs die Politieke Raad besef dat dit die aangewese weg sou wees om deur middel van die „orgaan van die kerkverband" $$$$ dit wil sê die gesamentlike vergadering op te tree.

## II. DIE „GECOMBINEERDE" KERKVERGADERING. ø

Op 30 Augustus 1745 is so 'n vergadering aan die Kaap gehou.

Die Politieke Raad wat die vergadering byeen geroep het, het bepaal dat dit uit die volgende persone sou bestaan:-

......265/. 1. Die....

$ J.P. Jooste : a.w. p. 61.
$$ C. 37. Raad van Politie : Resolutiën. p. 249.
$$$ F.E. O'Br. Geldenhuys : a.w. bls. 156.
$$$$ F.E. O'Br. Geldenhuys : a.w. bls. 156.

ø Voetnota: Die oorspronklike Acta van die eerste 6 vergaderinge van die gecombineerde vergadering, - die enigste wat bewaar gebly het, is in 1828 deur Ds. Borcherds „by toeval" erens opgediep. Daarna het dit weer verlore geraak totdat dit 2 jaar gelede andermaal ontdek is met die gevolg dat ons dit kon nagaan - 'n groot voorreg wat b.v. Spoelstra volgens 'n mededeling van hom nie gehad het nie. (Sien Bouwstowwe ll. p. 529).

1. Die kerkraad van die Kaap;
2. Die predikant en een ouderling van die gemeentes Drakenstein, Waveren en Swartland;
3, Twee ouderlinge van die vakante gemeente van Stellenbosch;
4. Twee Politieke Kommissarisse.

Ten opsigte van 'n groeiende kerk was hierdie vergadering so voor-die-hand-liggend en het dit so op die pad van die normale maar ook noodsaaklike ontwikkeling van die kerkverband gelê dat die vergadering na afhandeling van sake waarvoor hy byeen geroep was, spontaan besluit het om tot die politieke raad die versoek te rig „dat alle jaaren een Classicaale Vergadering soude worden gehouden." $ Na goedkeuring van die Politieke Raad is die eerste Classikale vergadering op 17 Januarie 1746 gehou.

Hier het nou die langgekoesterde ideaal van die verkryging van 'n offisiële kerkverband tussen die gemeentes aan die Kaap in vervulling getree.

Dit is van besondere belang om intensief in te gaan op hierdie betekenisvolle vergadering.

Eerstens wil ons probeer nagaan wat opgesluit gelê het in.

(1) <u>DIE NAAM VAN DIE KERKVERGADERING.</u>

Soos hierbo aangetoon is, het die gemeentes aan die Kaap verkies om hulle in 'n „Classicale Vergadering" te verenig. Die Klassis van Amsterdam het egter beswaar gemaak teen hierdie benaming en wel om twee redes :-

(a) Omdat al die „Buitenlandse Kerken" se gesamentlike vergaderings nie die naam van Classicale Vergadering gedra het nie maar Coetus of Conventus, en

(b) omdat „volgens Synodale besluiten aan Classen gegeven zyn - nam de praeparatoria en peremptoria examina ; aanstelling en bevestiging van leraars, bysonder naar de Buitenkerken - alleen de E. Classen in het Vaderland toekomen." $$

.....266/. Die.....

$ C. Spoelstra : a.w. 11. pag. 531.
$$ C. Spoelstra : a.w. 11. bls. 83.

Die broeders aan die Kaap het egter geweier om hulle vergadering 'n Coetus of Conventus te noem maar self besluit om hulle vergadering 'n gekombineerde kerkvergadering te noem.

Hierdie skynbaar geringe toedrag van sake is interessant veral as dit gesien word teen die agtergrond van die heersende toestand in die gereformeerde kerke van daardie tyd.

Hierdie klein verskil in naam vir die meerdere vergadering is verder ook meer opmerklik as gelet word op die stellinge wat sowel die Klassis van Amsterdam as die Kaapse broeders in hulle briewe gemaak het.

Alhoewel die Klassis beweer het dat hy in verband met sy beswaar nie „op benaminge sien" nie en terwyl die broeders aan die Kaap beweer het dat die naam Klassicale Vergadering nie opsetlik gegee is nie, kon hulle nog nie ooreenstem met die Klassis dat die naam Coetus of Conventus moes wees nie.

Alleen as 'n mens hierdie saak teen die gereformeerde agtergrond van daardie tyd sien, word dit vir jou duidelik wat daaragter geskuil het. Met ons behandeling van die „Ring" hierbo het ons daarop gewys dat die Klassisse van daardie tyd soms in twee of drie ringe verdeel was. Sulke „Ringbyeenkomste" was dan bloot as sovele partikuliere konferensies en nie as kerklike vergaderinge beskou gewees. As nou in gedagte gehou word dat die Klassis van Amsterdam in sy brief aan die kerkraad van Drakenstein in 1733 oor hierdie selfde saak uitdruklik gepraat het van „broederlÿke byeenkomsten" en „conventus" dan is dit duidelik dat hierdie verskil oor die naam van die meerdere vergadering nie maar 'n toevallige verskil was nie maar eintlik 'n diepgrypende beginselverskil tussen die Klassis en die kerk aan die Kaap.

Hierdie kwessie van die naam van die vergadering het dus ook saamgeval met -

(2) <u>DIE STATUS VAN DIE VERGADERING</u>.

Die broeders aan die Kaap het geweier om 'n coetus of conventus te wees en het hulleself as 'n Gekombineerde kerkvergadering gekonstitueer. Hiermee het die Klassis genoeë geneem. $ Hieruit blyk duidelik dat hulle vergaderings nie bloot „broederlike byeenkomste" moes wees nie maar vergaderings met 'n hoëre status as dit.

........267/. Die .......

$ C. Spoelstra : a.w. 11. p. 91.

Die gevolgtrekking waartoe Jooste in verband met die status van hierdie gekombineerde kerkvergadering gekom het is „dat die kerkvergadering dus feitlik geen status gehad het nie." $ Hierin kan ons nie met hom saamstem nie :-

1. Omdat die gekombineerde vergadering as meerdere, en wel as Klassikale vergadering gekonstitueer is. Jooste self sê „Wat die samestelling van die vergadering betref, kan ons vasstel dat behalwe in die geval van Kaapstad (waar twee ouderlinge afgevaardig is) die metode van afvaardiging by die gereformeerde kerke in Nederland in gebruik gevolg is, met dié verskil dat hier aan die begin ook diakens sitting gehad het." $$ Volgens Jooste self is die gekombineerde vergadering dus as meerdere kerklike vergadering - net soos die Klassis in Holland gekonstitueer.
2. Omdat die prosedure wat gevolg is en die werk wat die gekombineerde kerkvergadering gedoen het, treffend ooreengekom het met die opsomming van die prosedure en werk van die Klassis soos dit in die betrokke artikels van die Dordtse Kerkorde voorgekom het.

Die vergaderings is byvoorbeeld met gebed geopen en gesluit (Art. 32) $$$. Afgevaardigdes het met „credentialia" voor die vergadering verskyn (Art. 33) $$$$. Notule is gehou (Art. 34). Die praeses was alleen praeses solank die vergadering geduur het (Art. 35). Die leraars het om die beurt as praeses by die vergadering opgetree (Art. 41) $$$$$ Censura morum is gehou (Art. 43) en Kerkvisitasie is ingestel (Art. 44). $$$$$$

Die werk wat deur die gekombineerde Kerkvergadering gedoen is toon ooreenkoms met die werk van die Klassis soos dit in Artikel 41 van die Dordtse Kerkorde gestel is :

.......268/. Voort...

$ J.P. Jooste : a.w. p. 65.
$$ J.P. Jooste : a.w. p. 64.
$$$ C. Spoelstra : a.w. 11. p. 534.
$$$$ C. Spoelstra : a.w. 11. p. 541.
$$$$$ C. Spoelstra : a.w. 11. p. 533.
$$$$$$ C. Spoelstra : a.w. 11. p. 538.

„Voorts sal die praeses onder anderen eenen yegelÿcken afvraghen of sy in hare kercken hare kercken Raedts vergaderinghe houden; of de kerckelÿke discipline gheoeffent wordt; of de armen ende schoolen besorcht worden: Ten laetsten, often tyet is, daerinne sy het oordeel ende hulpe der Klasse tot rechte instellinghe harer kercke behoeven....."

In die gekombineerde vergaderinge is byvoorbeeld gehandel oor die doop van kinders en volwassenes uit die heidendom $; die tug; $$ aangeleenthede wat in verband staan met die verhouding van die verskillende gemeentes teenoor mekaar; $$$ die verhoging van die traktement wat aan die weduwees van predikante uitbetaal is; $$$$ veral die vrae in verband met die belangrike kwessie van kerkvisitasie $$$$$ het treffende ooreenkoms getoon met die werk van die Klassis soos deur die Dordtse Kerkorde voorgeskrywe is.

Soos dit in die skrywe van Ds. Beck in 1707 reeds aan die hand gegee is $$$$$$ het die gekombineerde vergadering dus blykbaar alles gedoen wat die Kerkorde van Dordt van die Klassis van Amsterdam verwag het met uitsondering van die „Praeparatoria en peremptoria examina, aanstelling en bevestiging van leraars, bysonder na de Buiten Kerken." $$$$$$$

3. Omdat hierdie gekombineerde kerkvergaderings ook gesaghebbend opgetree, en sake afgehandel het. Uit Artikels 6 en 15 van die Visitasie-Reglement $$$$$$$$ blyk dit byvoorbeeld dat die vergadering verwag het dat uitvoering gegee sou word aan sy besluit : „Eÿndelÿk zullen de schuldige kerken verpligt zÿn, rekening te doen aan de Heeren Visitatores, voor sooverre als't haar betreft."

In die Appelsaak van Ds. Cloppenburg teen die bevinding van die Kaapse kerkraad het die gekombineerde vergadering eweneens getoon dat hy status en gesag gehad het. Hy het **dit in** behandeling geneem en uitspraak gedoen. $$$$$$$$$

.......269/. Omdat...

$ C. Spoelstra: a.w. 11. p. 534, 535.
$$ C. Spoelstra: a.w. 11. p. 536.
$$$ C. Spoelstra: a.w. 11. p. 537, 539.
$$$$ C. Spoelstra: a.w. 11. p. 540.
$$$$$ C. Spoelstra: a.w. 11. p. 538.
$$$$$$ C. Spoelstra : a.w. 11. p. 22, 43, 44.
$$$$$$$ C. Spoelstra: a.w. 11. p. 83.
$$$$$$$$ C. Spoelstra: a.w. 11. p. 538, 599.
$$$$$$$$$ C. Spoelstra: a.w. 11. p. 535.

Omdat hierdie gekombineerde vergadering dus as meerdere vergadering gekonstitueer is uit afgevaardigdes wat met credentialia uit verskillende gemeentes verskyn het en omdat dit in die lewe geroep is om sake te behandel wat vir die kerk as geheel van belang was, en omdat dit soos Ds. Beck dit in 1707 al in die vooruitsig gestel het, sake behandel het wat in Nederland deur die Kerkorde aan die Klassis opgedra was, en omdat hierdie vergadering ook met outoriteit kon optree en sake afgehandel het, daarom het genoemde gekombineerde vergadering beslis 'n hoër status en gesag gehad as 'n kerkraad of 'n Coetus of Conventus.

Dit wil egter nie sê dat hierdie kerkvergadering reeds die volwaardige status van 'n Klassis in Holland gehad het nie. Hy wou homself trouens ook nie gelykstel met die Klassis van Amsterdam nie. Daarom het hy byvoorbeeld sy oordeel in verband met die Cloppenburg-saak aan die oordeel van die Klassis van Amsterdam onderwerp. $ Sy besluite was ook onderworpe aan die goedkeuring van die Politieke Raad maar dit het hom nie van sy status beroof nie, net so min as wat dieselfde toedrag van sake kerkrade van die Kaap van hulle status berowe het.

In elk geval het die vergadering wondere verrig en die weg tot grotere dinge aangewys. Daar is langs dié weg 'n begin gemaak om die verskillende gemeentes aan die Kaap in 'n lewende, institutêre kerkverband met mekaar te bring. Dit was die daeraad van 'n lewende, selfstandige kerk in Suid-Afrika.

## (3) AFSKAFFING VAN DIE KERKVERGADERING.

Hierdie veelbelowende kerkvergadering is egter in 1759 weer afgeskaf.

Terwyl dit in die woorde van Voetius in verband met kerkrade, sy werk onder omstandighede juis alleen „op meer duistere en onvolmaakte wyse" $$ kon doen is dit na 'n korte 13 jaar van toegewyde diens weer afgeskaf.

Van die besonderhede in verband met die afskaffing

.......270/... van hierdie.....

$ C. Spoelstra : a.w. 1. pag. 219.

$$ G. Voetius : Verhandeling over De Zichtbare en Georganiseerde Kerk. p. 171. Vert deur Rudolf en Fischer. Kampen. 1902.

van hierdie belowende kerklike vergadering is van belang die feit dat dit die Politieke Raad aan die Kaap was wat dit sonder magtiging afgeskaf het, $ en eers later aan die Bewindhebbers in Holland daarvan kennis gegee het. $$ Die onverklaarbare wyse waarop hierdie belowende meerdere kerkvergadering afgeskaf is bewys duidelik dat die Kerk aan die Kaap met twee invloedsfere te doen gehad het wat vreemd was aan die gereformeerde Kerkwet en wat die Kerk aan die Kaap groot skade berokken het in sy ontwikkelingsgang en dit was die patronaatsreg van die Kompanjie en die moederreg van die plantende kerk.

Van laasgenoemde getuig duidelik die volgende woorde van die Klassis van Amsterdam aan die gecombineerde vergadering (op 28 Nov. 1758). $$$ „Wy konnen niet ontveinsen Broederen, dat 't ons vreemd en zeer bedenkelik is voorgekomen" naamlik die „onversigtige daad van die Gecombineerde Kerkvergadering om ook met die Sinode van Suid-Holland deur die Klassis van Delft en Scheiland te korrespondeer."

Hierby het die Klassis gevoeg „hoe Heeren Bewindhebberen 't zelve opneemen, zullen Uw Ed mogelik door eenen anderen weg kundig worden." $$$$ Die Klassis verwys hier na die geaksie van die owerheid met sy patronaatsreg.

Van die drastiese toepassing van die patronaatsreg van die owerheid getuig weer die volgende woorde - „uit Afd. 111, extracten uit de Resolutie-boeken" $$$$$, naamlik „Dese missive was verselt van eene van den Weledelen Heer Gouvernour en Actbaren Raad des Gouvernements waaruyt bleek, dat de Gecombineerde kerkvergaderinge wierd afgeschaft en vernietigt, wordende verklaart onnut te zÿn, en tot groot bezwaar te strekken van de kerken ten platten landen leggende."

Die afskaffing van die gekombineerde vergadering deur die Politieke Raad het die volgende implikasie gehad :-

(1) Dat kerklike sake nie meer kerklik behandel kon word nie. Op 18 Februarie 1762 $$$$$$ skrywe die Kaapse Kerkraad aan die Klassis van Amsterdam in hierdie verband

.....271/... Het.....

$ Spoelstra C : a.w. 11. pp. 394, 457.
$$ Spoelstra C : a.w. 11. p. 129.
$$$ Spoelstra C : a.w. 11. p. 116.
$$$$ Spoelstra C : a.w. 11. p. 116.
$$$$$ Spoelstra C : a.w. Deel II. p. 394.
$$$$$$ Spoelstra C : a.w. Deel I p. 297.

„Het volgende geval is hier gebeurt : De Predikant van het Zwartland, Ds. G. Croeser, heeft voor eenigen tyd zekere jonge dogter, onder zÿn Eerw. gemeente behoorende gecensureert; deze meenende verongelykt te zÿn, heeft daarover haare klagte ingebragt by den Heer Independent Fiscaal in loco – Trouwens door het afschaffen van de gecombineerde kerkvergaderinge, was nu hier ter plaatse geen andere weg voor haar open waardoor deze enkel en alleen kerkelÿke saak voor den E. Agtbare Raad van Justitie deezer plaatse gebragt is, die ook de zaak aangenomen en geoordeelt heeft, dat die censure door den predikant en ouderlingen van het Zwartland ten onregte was geoefent geworden; en naderhand de zaak heeft gesteld in onze handen; niet om haar behooren te onderzoeken of en in hoeverre die censure wettig of onwettig was, maar om het vonnis van E. Agtbaren Raad uittevoeren, om namelÿk de gemelde jongedogter van die censure te doen ontheffen, ende den predikant Ds. G. Croeser benevens zÿne ouderlingen, volgens kerkelyk gebruik daarover te corrigeeren."

Volgens die kerkraad is die gekombineerde vergadering as „kerkelÿke vierschaar" nou afgeskaf en het die politieke regter nou weer die „Apelhof" vir kerklike sake geword.

Dit kon volgens die kerkraad nadelige gevolge gehad het.

(II) Dat die jaarlikse kerkvisitasie wat saam met die gekombineerde vergadering afgeskaf is, nou ook nie meer tot groot seën vir die gemeentes uitgevoer kon word nie. $

(III) Dat die korrespondensie i.v.m. die geestelike toestande in die verskillende gemeentes nie meer met die Vaderlandse kerk gevoer kon word nie.

So skrywe die Kaapse Kerkraad b.v. aan die Klassis van Amsterdam „Van den staat der buitekerken die hier zÿn is ons geen berigt toegezonden, dan alleen dat Ds. Croeser ons heeft versogt......." $$

(IV) Dat die noodsaaklike strewe na kerkverband wat „nuttig" vir die kerk kon wees en tot selfstandigwording van die kerk kon lei, nou ernstig in die wiele gery is.

........272/..... Vanaf...

$ Spoelstra C : a.w. II. p. 298.
$$ Spoelstra C : a.w. II. p. 298.

Vanaf 1759 tot 1824 sou die Kaapse kerk toe sonder die noodsaaklike en nuttige klassikale kerkverband moes klaar kom.

Ook toe die Here Sewentien in 1778 en 1792 na herhaalde versoeke tot herinstelling van die meerdere kerkvergadering skynbaar geneë was om dit te doen, het die Politieke Raad volgehou met sy bewering dat die vergadering oorbodig en daarby 'n bron van rusie was. $

Op die vraag waarom die Politieke Raad dan nie weer die gekombineerde vergadering wou instel nie, antwoord Jooste soos volg :- „Alles skyn daarop te dui dat die ten gevolge van ywersug van die kant van die Raad was. Die Raad het in die besluit van die gekombineerde Kerkvergadering, om naamlik in korrespondensie te tree met die Sinode van Suid-Holland, iets meer gelees as wat daar werklik in gestaan het, tewete die gees van selfstandigheid wat so stadigaan by die gemeentes ontwikkel het."

En namate die gemeentes meer selfstandigheid verwerf het, na die mate sou die Politieke Raad sekere terreine moes afgee - iets wat die Raad ten alle koste wou verhinder. Die onbuigsame houding van die owerheid het dus voortgespruit uit vrees vir die selfstandigheid van die gemeentes. $$

Op hierdie wyse is die kerk in die ontwikkeling van sy kerkverband ernstig benadeel maar toe die son van die Politieke Raad en die V.O.I.C. aan die einde van die agtiende eeu ondergegaan het, was die kerk aan die Kaap nog lewenskragtig en het dit op die drumpel van 'n nuwe toekoms, naamlik 'n Sinodale Kerkverband, gestaan.

.......273.....

$ Koloniale Staatsargief (Kaapstad) C. 70 gedateer 24/3/1778
$$ Jooste J.P. : a.w. p. 77.

## C. DIE TYDPERK VANAF 1804 - 1824.

1. DIE SINODE .... Prinsipieël gesien.

2. DIE SINODE VAN 1824.

(a) Die kerkorde van Dordt en die Kerk aan die Kaap.

(b) Die Invloed van De Mist en dié van sy Kerkorde op die Kerk aan die Kaap.

.........274/.... C. TYDPERK...

## C. TYDPERK VANAF 1804 - 1824.
## DIE SINODE.

Die probleme wat rondom die Bybelse en Gereformeerde konsepsie van „Sinode" konsentreer moet hier kortliks prinsipieël behandel word, alvorens ons kan oorgaan tot die behandeling van die probleme wat rondom die Kaapse sinode van 1824 gekonsentreer het, en by implikasie ook sou konsentreer rondom alle sinodale verbindinge van latere tye:-

Probleme soos die volgende moet in dié verband onder oë gesien word:-

(1) Wat is gereformeerd-kerkregtelik en pluralisties gesien die wese, die status, die verpligtinge en die jurisdiksie van 'n sinode?

(2) Wat is, meer in die besonder, die verskil tussen 'n sinodale verbinding en die gesamentlike kerke? Is die combinatio ecclesiarum wesentlik verskillend van die sinodale verbinding?

(3) Is 'n sinodale verbinding 'n eenheid in institutêre sin?

(4) Kan van hierdie instituut gepraat word as kerk in enkelvoud, of is dit alleen waar van die algemene kerke wat in sinodale verband verenig is, met ander woorde, kan die kerk en die sinode vereenselwig word met mekaar? Mag die meerdere vergadering in 'n corpus ontwikkel?

(5) Word met 'n sinodale verbinding 'n nuwe kerk gevorm?

(6) Behou die plaaslike en klassikale kerke hulle selfstandigheid wanneer hulle in sinodale verband verenig word? met ander woorde wat kom hierin tereg van die beginsel van verskeidenheid temidde van eenheid?

(7) Is die regte van mindere kerkvergaderings verskans wanneer kerke, in sinodale verband oorgaan? Met ander woorde, behou die mindere kerkvergaderings hulle soewereiniteit in eie kring?

(8) Wat word verstaan onder die term potestas accumulata?

......275/ (9) Kan...

(9) Kan 'n meerdere vergadering kragtens sy potestas accumulata besluite neem wat bindend is vir die mindere vergaderings?

In verband met bogenoemde vrae saaklik die volgende:-

(a) DIE SINODE ..... Prinsipieël gesien.

Die woord „sinode" kom van die Griekse woord σύνοδος Latyn, concillium, 'n term waaraan die Christendom die betekenis van 'n kerklike vergadering begin heg het.

„In kerkelyken zin is het woord synode geworden de naam van een publieke en wettige kerkelyke vergadering, waarin afgevaardigden van kerken in een bepaalde provincie of land (en in sommige gevallen van verskillende landen) samenkomen, om in den naam des Heeren, naar Gods woord die dingen te behandelen, welke betrekking hebben op het gemeene welzÿn der kerken, en die op de mindere vergaderingen niet konden worden afgehandeld, voornamelÿk, wanneer het betreft de zuiverheid der geloofswaarheid en den gemeenshappelÿken arbeid der kerken voor de komst van Gods Koninkryk" $

Sinodale vergaderinge het volgens Bouwman hulle ontstaan gehad „uit de natuurlike behoefte van de gemeente en van hare voorgangers om over moeilÿke vragen met elkander samen te spreken." $$ (Vgl. hier Hand. 15:1).

Om die ontwikkeling van 'n sinodale verband in Suid-Afrika te kan nagaan is nodig om kortliks vas te stel of daar skriftuurlike agtergrond vir sodanige kerklike vergaderings is en ook hoedat hulle volgens gereformeerde beginsels hulle beslag gekry het in ons stamlande.

Die eerste skemering van 'n sinodale vergadering vind ons reeds in die Nuwe Testament i.v.m. wat genoem kan word die Apostelkonvensie (Hand. 15).

Die vergadering was bygewoon deur Paulus en Barnabas as afgevaardigdes van die gemeente Antiochië (hand. 15:2) en die Apostels wat hulle te Jerusalem bevind het saam met die ouderlinge (hand. 15:6).

....276/ Hierdie....

$ Bouwman M. Dr. Voetius over het gezag der synoden p. 187. Amsterdam, 1937.

$$ Bouwman H . Gereformeerd Kerkrecht II. p. 188. Kampen. 1934.

Hierdie vergadering was 'n vergadering van twee gemeentes of kerke wat deur middel van hulle afgevaardigdes en verteenwoordigers hulle gemeenskaplike probleem i.s. die besnydenis bespreek het.

Ook in die 2e en 3e eeu het die sinodes die vorm van gemeentevergaderinge aangeneem en wel in die sin dat afgevaardigdes van naburige gemeentes uitgenooi was om sake van algemene belang vir die gemeente te bespreek.

„Den eerste synoden in de 2e en 3e eeuw waren geen vergaderingen van bisschoppen alleen, maar ook van presbuters, diakenen en gemeenteleden. Zÿ waren gemeentevergaderingen met afgevaardigden van naburige gemeenten, ontstaan uit het besef van de eenheid der plaatselÿke kerken en uit de behoefte om elkaar in moeilÿkhede by te staan. $

In die 3e en 4e eeuw het die monistiese Episcopaat tot heerskappy gekom en toe het die karakter van die sinode begin verander. „In plaats van gemeentevergaderingen werden zÿ nu bischopssynoden" $$ Op dié manier is die gemeentes al meer en meer uit die sinodes uitgesluit en het alle beslissings i.v.m. kerklike sake gaandeweg by die biskoppe begin berus.

Hierdie stelsel van biskoplike sinodes het hiërargies en piramidies uiteindelik sover ontwikkel dat op die 22e of Vaticaanse Concilie (1869-1870) die onfeilbaarheid van die Pous nie alleen uitgespreek is nie maar ook alle besluite van concilies aan die goedkeuring van die Pous onderwerp is. $$$ Die kerkhervorming van die 16e eeu het radikaal gebreek met die Roomse beskouing van sinodes.

Veral onder invloed van Calvyn het die sinodale kerkinrigting in die gereformeerde kerke tot suiwere ontwikkeling gekom.

Reeds in 1559 is te Parys die eerste sinode van Franse Protestantse kerke gehou. Gaandeweg het die gereformeerde opvatting van sinodale vergaderinge ook na die Nederlandse en ander lande versprei.

........277/... Die Gere-.....

$ Christelyke Encyclopaedie V : 351.
$$ Joh. Jansen :- Christelyke Encyclopaedie V : 351.
$$$ Joh. Jansen :- Christelyke Encyclopaedie V : 351.

Die Gereformeerde beskouing volg die gulde middelweg tussen die Roomse beskouing aan die één kant, en die Independentistiese aan die ander kant.

„Nadat ze eerst tegenover het hiërachisch en onfeilbaar karakter des Synoden by Rome het ministerieel en feilbaar karakter had vasgesteld, heeft zy andersyds tegen over de Independenten, die de goddelyke instelling, de noodsakelykheid en het bindend gezag bestreden en ze slechts als conferenties met adviserend karakter beschouwden, met kracht op grond van Hand. 15, het jus divinum positivum (Voetius), het positief goddelyk recht der synoden, haar noodzakelykheid en het bindend karakter harer besluiten gehandhaafd". $ In die Gereformeerde Kerke van Holland word daar onderskeid gemaak tussen partikuliere sinodes en generale of nationale sinodes. 'n Partikuliere sinode is „een samenkomst van een aantal Classis tot een meerdere vergadering." $$ 'n Generale sinode is weer „een samenkomst van alle kerken binnen de grenzen des lands." $$$

Wat die samestelling van die partikuliere sinode betref sê Bouwman dat dit bestaan het uit, twee predikante en twee ouderlinge wat afgevaardig is uit elke Klassis. $$$$

Hierdie reëling wat van die begin af in die Nederlande getref is, kom neer op 'n s.g. <u>Synodus Contracta</u> wat heeltemal vreemd is vir ons in Suid-Afrika wat gewoond is aan 'n sinode waarop al die kerke van die provinsie verteenwoordig is. Voordat die Nederduitse Gereformeerde kerke van Afrika op 11 Oktober 1962 tot organiese kerkvereniging oorgegaan het, was 'n algemene sinode onbekend onder hulle omdat daar vroeër alleen provinsiale sinodes was waarop al die gemeentes van die kerk van 'n bepaalde provinsie verteenwoordig was.

In Suid-Afrika word al die gemeentes nie net op die ring nie, maar ook op die gebiedsinode direk verteenwoordig deur hulle predikante en ouderlinge. Dit is in ooreenstemming met die gereformeerde praktyk, want Bouwman verklaar uitdruklik „de bedoeling was dat de kerken zelve zouden...

..278/.. vertegen-.......

$ Joh. Jansen : Christelyke Encyclopaedie V : 352. Kampen, 1929.

$$ Joh. Jansen : Korte Verklaring van de Kerkorde der Gereformeerde Kerken. Derde druk. Kampen, 1952. p. 139.

$$$ Joh. Jansen : Korte Verklaring van de Kerkorde p. 208.

$$$$ Bouwman H : a.w. 11. p. 191.

vertegenwoordigd zÿn in de synoden door de predikanten eener kerk en een of meer leden van den kerkeraad. Dat deze leden der Synode door den kerkeraad zelf moesten worden afgevaardigd, wordt duidelyk bepaald door de Synode van Poitiers 1561 " $ Hiervolgens is dit duidelik dat Suid-Afrika in hierdie opsig met meer getrouheid die gereformeerde beginsels uitgeleef het as die gereformeerde kerke in Nederland.

Die afsonderlike kerke verloor nie hulle selfstandigheid by die totstandkoming van die sinodale verband nie.

As die afsonderlike kerke hulle afsonderlike bestaan verloor het dan sou volgens Voetius die sinodale verbinding geen Combinatio Ecclesiarum meer gewees het nie maar wel 'n Unio Ecclesiarum.

Bouwman skrywe $$ „De kerk word niet pas kerk doordat zÿ in de synodale verbinding opgenomen word, doch zÿ is dat tevòren. Een plaatselyke kerk kan wezenlyk kerk zÿn zonder tot een synodale verbinding te behooren ....... de particuliere kerk is er het eerst en is dus ecclesia prima; de synodale verbinding ontstaat pas daarna en is dus ecclesia orta."

'n Baie belangrike vraag is nou. Wat gebeur met die kerke by die totstandkoming van die sinodale verbinding?

Volgens Voetius verloor die afsonderlike kerke nie daardeur hulle selfstandige bestaan nie. „Voetius wil geen eenheid der kerk, waarby aan de particuliere kerk het wezen der kerk ontnomen word." $$$

Omtrent Voetius se opvatting ten opsigte van die kerke in sinodale verband konkludeer Bouwman soos volg:-

(i) „Dat de plaatzelÿke kerken volgens Voetius voorafgaan aan de synodale eenheid;

(ii) Dat de plaatzelyke kerken by het totstandkomen der synodale verbinding haar zelfstandig bestaan niet verliezen, zooals het in de hiërarchische kerkregering wel het geval is.

(iii) Dat hy het geheel der synodaal verbonden kerken opvat als kerkverband." $$$$

....279/ Dit....

$ Bouwman H : a.w. 11. bls. 204.
$$ Bouwman M : a.w. p. 65.
$$$ Bouwman Dr. M : a.w. p. 66.
$$$$ Bouwman Dr. M : a.w. p. 67.

Dit impliseer dan dat die sinodale eenheid van die kerke 'n kerk in institutêre sin is of, beter gesê, dat die afsonderlike kerke in sinodaal-institutêre verband met mekaar tree en dus 'n eenheid in institutêre sin vorm.

Die vraag of hierdie ecclesia instituta 'n kerk in die enkelvoud genoem mag word en of die gesamentlike kerke wat in sinodale verband verenig is, kerk in die enkelvoud genoem moet word, het interessante meningsverskil tussen gereformeerde kerkregtelikes opgelewer.

Lohman en Rutgers verklaar :- „Het is zeer onschriftuurlÿk, ongereformeerd en onjuist de gezamentlÿke kerken eener provinsie de provinciale kerk te noemen." $

Hy meen om vir hierdie mening van hom steun te vind in die volgende woorde van Voetius :- „An et quo modo Coetus Classici aut synodici sint et dici possint ecclesia, aut ecclesiae visibiles et particulares. Ecclesia una in singulari numero pro'prie dici non possunt; set tropice, quia repraesentant ecclesias et associantur et agunt in illo coetu quasi ecclesia Una." (IV 167) $$

Rutgers meen om uit hierdie woorde van Voetius af te lei dat hy van oordeel is dat met die kerkverband geen nuwe kerk gevorm word nie en dat die gesamentlike kerke dan ook eintlik nie „kerk" in die enkelvoud genoem kan word nie. Rutgers se tweede argument hier hou volgens Bouwman $$$ nie steek nie omdat Voetius in bogenoemde belangrike aanhaling nie melding maak van gesamentlike „kerke" soos Rutgers hom dit in die mond lê nie, maar wel van Classici aut Synodici.

Voetius betoog hier nie dat die gesamentlike kerke in eintlike sin nie „kerk" in die enkelvoud genoem kan word nie maar wel dat die klassisse en sinodes nie in eintlike sin „kerk" in die enkelvoud genoem kan word nie, en die twee is hoegenaamd nie dieselfde nie.

Voetius wou nie daarvan weet dat klassikale of sinodale vergaderings as sodanig kerk in enkelvoud genoem sal word nie. In teenstelling hiermee het hy die gebruik om die ....

..280/.. gesament....

$ Lohman Jhr. Mr. A.F. de Savornin - en Dr. F.L. Rutgers se Rechtsbevoegdheid onzer plaatselÿke kerken. Tweede uitgawe, Amsterdam, 1887, bls. 62.
$$ Bouwman M : a.w. p. 75.
$$$ Bouwman M : a.w. p. 75.

gesamentlike kerke van 'n klassis of sinode in die enkelvoud „kerk" te noem uitdruklik verdedig. $

Hierdie standpunt van Voetius spruit uit sy standpunt ten opsigte van kerklike vergaderings in die algemeen wat hy in teenstelling met die opvattings van ander gereformeerdes daarop nagehou het.

Geïnspireer deur Beza $$ en Calvyn $$$ het gereformeerdes die opvatting begin huldig, dat die woorde van Christus in Mat. 18:17 naamlik „gaan sê dit aan die gemeente" betrekking gehad het op die raad van die ouderlinge in die gemeente en nie op die gemeente self nie, en om dié rede is toe tot die gevolgtrekking gekom dat die kerkraad ook die kerk genoem mag word.

Om uit bogenoemde woorde van Christus af te lei dat kerklike vergaderings soos ringe en sinodes nie net die ecclesia repraesentativa is nie maar dat hulle ook in eintlike sin met die kerk self vereenselwig kan word, was volgens Voetius beslis ontoelaatbaar.

Nugter eksegeties gesien is dit onses insiens moontlik en waarskynlik dat Christus met die woorde in Mat. 18:17 nie net die Christelike gemeente as sodanig in gedagte gehad het nie maar ook profeties verwys het na die toekomstige georganiseerde gemeente met sy ampsdraers en kerkvergaderinge maar om daarvan af te lei dat die woorde van Christus die implikasie het dat die vergadering of die orgaan van die kerk vereenselwig mag word met die Kerk self, is onses insiens ongeoorloof en onverantwoord. So 'n verklaring van die woorde van Christus sal onses insiens nie op eksegese, dit wil sê uitlegkunde, neerkom nie maar op inlegkunde wat teologies gesien altyd ontoelaatbaar is. Vir ons het dit duidelik geword dat die verskil wat tussen manne soos Voetius, Rutgers, Lohman, Kleyn, Schokking, Bouwman, ensovoorts, in bogenoemde verband bestaan het, voortspruit uit die feit dat sommige van hulle nie 'n duidelike onderskeid maak tussen die kerk as sodanig en die organe van die kerk nie.

......281/.. Deur....

$ Bouwman M : a.w. p. 77.
$$ Bouwman M : a.w. p. 77.
$$$ Calvyn J : Institusie 4 : 12 : 2.

Deur 'n ewewigtige beklemtoning van die kerk in sy verskillende stadia en die verskillende organe van die kerk verdwyn onses insiens bogenoemde probleme of word hulle op natuurlike wyse opgelos.

Die kerk en sy organe moet nie met mekaar verwar word nie. Die menslike liggaam is voorsien van sekere organe. So sien die liggaam byvoorbeeld, maar alleen deur middel van sy oë. Elke liggaam het sy belangrike organe maar die organe is nie die liggaam nie.

In die Ned. Gereformeerde kerk van Afrika is tans 'n ontwikkeling aan die gang aan die hand waarvan ons graag bogenoemde bewering prakties wil verduidelik.

In verband met die proses van organiese kerkvereniging in Afrika het al bogenoemde vrae ten opsigte van die standpunte van bogenoemde gereformeerdes na vore gekom.

Die oplossing van hierdie vrae is na ons mening geleë in die ewewigtige beklemtoning van die kerk en sy organe soos ons dit graag kortliks wil uiteensit. Dit is om mee te begin 'n onbetwyfelbare feit dat die plaaslike kerk 'n komplete selfstandige kerk is en dat hy as orgaan het die kerkraad met sy eiesoortige bevoegdhede, magte en verpligtinge.

Die kerkraad besit en behou hierdie eiesoortige bevoegdhede, magte en verpligtinge, afgesien van enige toekomstige klassikale of sinodale verbindinge wat daar mag plaasvind. Hy bly dus soewerein in eie kring.

Dit wil egter nie sê dat die kerkraad se mag en gesag onbeperk is of dat 'n kerkraad hiërargies mag optree nie. Met Voetius kan 'n mens daarop wys dat alle bevoegdheid in die kerk by Christus berus en dat die bevoegdheid van 'n kerkraad sowel as van 'n meerdere vergadering gevolglik 'n dienende, gelimiteerde, geestelike en afgeleide karakter dra. Met die gelimiteerde karakter bedoel ons dat daar geen strydigheid met die Woord van God mag wees nie.

Volgens Voetius is die mag van die kerkraad beperk net soos die magte van die meerdere vergaderings beperk is.

Alhoewel Voetius dit nie as die enigste beginsel in die gereformeerde kerkregering beskou nie ag hy die selfstandigheid van die plaaslike kerk egter die hoofbeginsel

.......282/... vir die...

vir die gereformeerde kerkregering. $

Aangesien Bouwman verder tereg beweer dat daar geen prinsipiële verskil is tussen 'n kerkraad en die meerdere vergaderings soos klassisse en sinodes nie, wys ons tweedens op die klassikale kerke met die klassis of ring as die orgaan wat ook sy besondere bevoegdhede, magte en verpligtinge het.

Die klassikale stelsel wat in die lewe geroep is tydens die eerste Nederlandse sinodale vergadering te Emden in die jaar 1571 en wat deur Voetius die Ecclesiae Combinatae in Classem genoem is het uit 'n sekere getal „genabuurde" kerke bestaan en so het die klassis die orgaan van so 'n groep gemeentes of kerke geword.

Die kerke het op dié manier saam 'n kerkverband begin vorm. Deur hierdie klassikale verbinding het hierdie kerke nie hulle vryheid en hulle mag verloor nie omdat kerklike mag nie 'n kwantitatiewe grootheid is wat verdeel kan word nie.

By klassikale of sinodale verbinding is dit nie so dat die kerkraad 'n deel van sy mag aan die meerdere vergadering afstaan of delegeer om 'n deel daarvan te behou nie maar elke plaaslike kerk behou sy volle kerklike mag terwyl hy sy afgevaardigdes na meerdere vergaderings met hierdie volle kerklike mag beklee sodat hulle met die gevolmagtigde afgevaardigdes van ander kerke gesamentlik mag kan uitoefen en kerklike werk kan verrig.

Volgens hierdie Voetiaanse beskouing behou die plaaslike kerke dan hulle volle selfstandigheid (Dordt Art. 30) en beoefen alleenlik hulle magte deur middel van die organe van kerkrade, klassisse of ringe en sinodes.

So word in die geval van sinodale verbindinge dan ook wel deeglik 'n nuwe „kerkverband" gevorm. Hierdie nuwe kerkverband het dan ook sy nuwe kerklike orgaan naamlik die sinode wat op sy beurt weer sy eiesoortige bevoegdhede, magte en verpligtinge het.

.....283/.. Deur hierdie...

$ Bouwman M : a.w. p. 371.

Deur hierdie nuwe orgaan wat geskep word, funksioneer die nuwe kerkverband, dit wil sê die provinsiale kerk dan, maar hierdie orgaan op sigself kan volgens Voetius nie kerk in enkelvoud genoem word nie en mag ook nie verabsoluteer word ten koste van die klassikale en kerkraadsorgane nie. In dié verband sê Bouwman $ „ Onze K.O. waakt er dan ook zorgvuldig voor, dat in de synode niet behandeld word, dan het geen in de kerkeraden en de Classen niet heeft kunnen worden afgehandeld" (iv, 204, 205).

In die geval van die vorming van 'n algemene of nasionale kerkverband word daar weereens 'n nuwe kerkverband gevorm wat as combinatio eccelesiarum kerk in die enkelvoud genoem mag word en wat as sy funksionerende orgaan die algemene sinode het, wat op sy beurt ook weer sy eiesoortige bevoegdhede mag hê en verpligtinge het. Die kerklike orgaan waarvan hier deurgaans sprake was mag in elk geval nooit in 'n corpus ontwikkel wat as liggaam op sigself sal dreig om die plek van die kerk in te neem en 'n „kerk" te word as plaasvervanger van die kerk in die algemeen nie.

Die onderskeiding wat daar gemaak en gehandhaaf moet word tussen die kerk en sy organe het dan die volgende implikasie wat tegelykertyd 'n oplossing bied vir die ingrypende probleme op kerkregtelike gebied in dié verband :-

(i) Alhoewel 'n sinode (provinsiaal of algemeen) as 'n institutêre eenheid opgevat kan en mag word, word dit nie met die kerke wat hulle verteenwoordig vereenselwig nie omdat hulle blote organe van die onderskeie kerke is.

(ii) 'n Sinodale verbinding impliseer 'n nuwe kerklike verband wat as kerk in die enkelvoud aangemerk mag staan maar 'n sinodale verbinding self mag nie 'n nuwe kerk in die enkelvoud genoem word nie. 'n Combinatio ecclesiarum is dus iets anders as die eenheid van die sinodale verbinding.

(iii) 'n Sinodale verbinding handhaaf die onafhanklikheid van die konstituerende kerke omdat op gereformeerde grondslag (Art. 30 D.K.O.) die onderskeie kerke in hulle

....284/ onder.....

$ Bouwman M : a.w. p. 373.

onderskeie kerkverbande met hulle kerklike organe onafhanklike kerke bly. Wanneer die plaaslike kerke in ringsverband tree dan behou hulle dus hulle onafhanklikheid in eie kring en so ook wanneer hulle in sinodale verband tree, dan is die sinode alleen maar die koördinerende en uitvoerende orgaan van die konstituerende, onafhanklike kerke. By klassikale of sinodale verbindinge doen kerke soos ons reeds daarop gewys het nie van hulle magte afstand nie maar gee alleen aan hulle afgevaardigdes opdrag om die volle kerklike mag van die plaaslike kerk met die afgevaardigdes van ander plaaslike kerke gesamentlik te gaan uitoefen.

Die mag van die gesamentlike kerkverband met sy orgaan is dus 'n aktumulatiewe mag, dit wil sê, 'n opgehoopte mag van alle samestellende magte van plaaslike onafhanklike kerke en nie 'n berowende mag wat die mindere kerke van 'n deel van hulle mag en gesag beroof het nie.

In teenstelling met die term <u>mindere</u> kerksvergadering sien die term <u>meerdere</u> kerkvergadering alleen op die feit dat 'n meerdere vergadering soos b.v. in die geval van 'n sinodale vergadering saamgestel is uit meer onafhanklike kerke met akkumulatiewe mag as in die geval van 'n mindere vergadering soos b.v. 'n ringsvergadering wat saamgestel is deur alleen 'n beperkte getal onafhanklike kerke - ook met akkumulatiewe mag.

As 'n meerdere kerklike vergaderingdus besluite neem dan doen hy dit kragtens die akkumulatiewe mag van al die gekonstitueerde onafhanklike plaaslike kerke. Om dié rede word daar in die gereformeerde kerkreg gepraat van meerdere kerklike vergaderinge met meerdere in plaas van hoëre kerklike mag en gesag (Hand. 15:28).

Om dié rede mag sodanige meerdere vergaderings dan ook besluite neem wat bindend is vir die mindere vergaderings maar tegelykertyd mag die mag van meerdere vergaderings nooit 'n berowende mag wees van regte wat die mindere vergaderings kragtens hulle soewereiniteit in eie kringe besit nie. Die vraag is net of in die kerklike wette nie ook duidelike beskrywe moet word dat die regte van mindere vergaderings onaantasbaar en onvervreembaar is nie? Soos daarop gewys is, doen die Dordtse kerkorde dit in elk geval.

.......285/... Die beste...

Die beste oplossing van die ingewikkelde probleem van kerkverband is onses insiens om op voetspoor van Voetius se konsepsies van die selfstandigheid van die plaaslike kerke en die akkumulatiewe magte van selfstandige kerke wat in meerdere vergaderings verband gevind het, samevattend die volgende definisie daaraan te gee, naamlik :- Die gereformeerde kerkverband beteken :-

(1) Dat ware gelowiges in Christus as deel van die liggaam van Christus op 'n sekere plek hulle sal organiseer in gemeentelike verband d.w.s. as komplete selfstandige plaaslike openbaring van die kerk van Christus met die kerkraad as sy uitvoerende orgaan.

(2) Dat selfstandige gemeentes (of kerke) in klassikale- of ringsverband met mekaar tree en dat hierdie klassikale kerk oor die akkumulatiewe mag van die konstituerende kerke sal beskik en dat dit tot sy uitvoerende orgaan sal hê die ring. Hierdie kerk in ringsverband sal op sy beurt ook weer soewereiniteit in sy eie kring besit.

(3) Dat selfstandige kerke ook in provinsiaal - sinodale verband sal tree en dat hierdie kerk in sinodale verband oor die akkumulatiewe mag van die konstituerende kerke sal beskik. Die uitvoerende orgaan van hierdie kerk sal wees die sinode wat sy eie magte en bevoeguhede sal hê wat nie oorskry sal mag word nie.

(4) Dat selfstandige kerke ook in algemeen - sinodale verband sal tree met 'n algemene sinode as die uitvoerende orgaan van die kerk wat ook sy eie magte en bevoegdhede sal hê wat nie oorskry sal mag word nie.

(b) <u>DIE SINODE VAN 1824</u>.

'n Epogmakende gebeurtenis in die geskiedenis van die kerk aan die Kaap was die totstandkoming van die sinode van 1824.

Omdat, soos ons aangetoon het, die Bybelse en Gereformeerde beskouing van die kerk van Christus pluralisties gefundeerd is d.w.s. dat dit op die beginsel van eenheid te midde van verskeidenheid berus en die kerkverband op hierdie grondslag volgens sekere bepaalde beginsels plaasvind, wil ons nou aan die hand van hierdie gereformeerde beginsels van kerkverband wat ons pas uiteengesit het, vasstel in hoeverre die sinodale verbinding van 1824 op hierdie gereformeerde grondslag plaasgevind het.

.........286/.. Volgens...

Volgens die gereformeerde beginsels vir sinodale verbinding wat ons behandel het, het die Sinode van 1824 op gereformeerde grondslag tot stand gekom. Aan die vereistes wat Voetius, Bouwman en Jansen in dié verband gestel het, het die totstandkoming van die sinode van 1824 beantwoord. Die plaaslike kerke het die sinodale eenheid voorafgegaan; dit het uit 'n natuurlike behoefte van die plaaslike kerke en hulle voorgangers om oor algemene vraagstukke wat betrekking het op die „gemeene welsyn den kerken" met mekaar te spreek, in sinodale verbinding getree;$ alle plaaslike kerke het saamgekom; direkte verteenwoordiging van alle plaaslike kerk op die sinodesitting het plaasgevind; by die totstandkoming van die sinodale verbinding is die selfstandige voortbestaan van die plaaslike kerke wat deur Voetius as die hoofbeginsel van die gereformeerde kerkregering beskou is $$ nie opgehef nie en is die „geheel der synodaal verbonden kerken opgevat as kerkverband."

Volgens bogenoemde is beslis gereformeerde beginsels vir sinodale verbinding gehandhaaf.

Oor die vraag omtrent die gereformeerde grondslag en inslag van die Sinode van 1824 moet ook vasgestel word in hoeverre die Dordtse Kerkorde en veral die beginsels daarvan van krag was in en gehandhaaf is deur die vroeë kerk aan die Kaap voor en tydens die totstandkoming van die Sinode van 1824, aangesien die Kerkorde van Dordt seker met reg nog altyd beskou was as die essensie van suiwere gereformeerde kerkregering.

### (a) DIE KERKORDE VAN DORDT EN DIE KERK AAN DIE K A A P.

'n Kerkorde moet gesien word as die samevatting van die algemene bepalings wat deur die bevoegde kerklike instansie vasgestel is en skriftelik vasgelê is om 'n goeie en ordelike gang van sake in die kerklike lewe te verseker en te bevorder. Vir Nederland het verskillende kerklike vergaderings vanaf die Konvent van Wezel (1568) tot die van Dordtrecht (1619) hulle besig gehou om 'n geskikte

......287/......

$ Dreyer A : Bouwstowwe vir die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerken in Suid-Afrika. Deel III. Kaapstad, 1936.

$$ Bouwman M : a.w. p. 371.

kerkorde te ontwerp. In die laaste vorm, n.l. die historiese kerkorde van Dordt het die Kerkorde die statuut vir die kerk van Nederland tot in die 19e eeu gebly, alhoewel ook hierdie kerkorde geen onfeilbare maatstaf vir 'n skriftuurlike kerkreg is nie en dus nie die finale woord insake 'n suiwer skriftuurlie stelsel van kerkregering gespreek het nie, ja, dat 'n noukeurige ondersoek selfs die feit aan die lig bring dat dit in meer as een opsig inderdaad ongereformeerd is - sien onder andere die slotgedeelte van Art. 37, wat bepaal dat „de magistraat van de plaatse respectivelÿk indient haer ghelieft een of te twee vanden haren, wesende lidmaten der ghemeente, bÿ den kerken-raedt moghen hebben om te aanhooren ende mede van de voorvallende soeken te delibereeren", - tog was hierdie kerkorde deur die eeue heen aangesien as die verpersoonliking van suiwere gereformeerde kerkregering en daarom is dit van belang om uit te maak of en in hoeverre hierdie kerkorde of sy onderliggende beginsels geldig was vir die kerk aan die Kaap. Alhoewel hierdie kerkorde ten spyte van pogings daartoe aangewend, nie deur die State-Generaal geapprobeer is nie $ omdat die State-Generaal dit na die verskillende provinsies verwys het en sommige provinsies geweier het om dit goed te keur en sommige dit met wysiginge goedgekeur het $$ is die verskillende kerkordes wat in die verskillende provinsies van Nederland ontstaan het, egter aan dieselfde bronne ontleen en het hulle in wese nie van mekaar verskil nie sodat Bouwman tereg kon beweer dat die gereformeerde kerke in die tyd „in substansie wel naar de Dordtsche Kerkorde" geleef het.

Dat die kerkorde van Dordt in soverre die owerheid met sy patronaatsreg dit toegelaat het om te fungeer, die „figerende" kerkorde aan die Kaap tot om en by die tyd van De Mist was getuig o.a. die volgende :-

(1) Met uitsondering van twee predikante aan die Kaap t.w. Ds. J. van Arckel en Ds. Maerlandt is alle ander vroeë predikante aan die Kaap deur die Klassis van Amsterdam uitgestuur. Hierdie Klassis het in die praktyk die Kerk-

......288/.. orde......

$ Kuyper H.H. De Post Acta p. 312. v. Amsterdam 1899.
$$ Rutgers F.L. : De geldigheid van de oude kerkordening der Nederlandsche gereformeerde kerken. p. 75. Amsterdam. 1890.

orde van Dordt gehandhaaf en volgens klassikale akte moes die predikante hulle daaraan hou. $

(2) In 1710 het Ds. d' Ailly, predikant van die Kaapse gemeente, soos ons reeds daarop gewys het onomwonde aan die owerheid te kenne gegee dat die Kaapse Kerk die Dordtse Kerkorde volg en daarby gevoeg :- „De kerkenordre is genoeg na te leesen in de Post Acta van het Synode van Dordtregt". $$

(3) Theal sê van die Kaapse Kerk : „in practice it was guided by the decrees of the Synod of Dordt. $$$

(4) In 1742 het die leraars van al drie die gemeentes aan die Kaap by die Politieke Raad protes aangeteken teen die feit dat Georg Schmidt, wat 'n ongeordende persoon was te Genadendal die doop bedien het. Volgens hulle was dit in stryd met die „artykelen van de Nationale Christelyke Sinode." $$$$

(5) Met verwysing na Spoelstra, I, 53, 54, 55, 197, 344 en II, 347 wys Moorrees $$$$$ ook daarop dat die Kerk aan die Kaap self die Dordtse Kerkorde as geldig erken het en dit gehandhaaf het insoverre die owerheid en die besondere omstandighede dit toegelaat het.

(6) As verdere getuienis van die feit dat die Dordtse Kerkorde wat deur die eeue heen as die essensie van suiwer gereformeerde kerkregering aangesien was, tot by die instelling van die „kerkorde" van De Mist aan die Kaap die „figerende" Kerkorde was en ook by die opstel van die Algemene Reglement van 1824 'n kragtige invloed uitgeoefen het en dit in weerwil van die feit dat die kollegialistiese reglement van Nederland van 1816 eintlik die uitgangspunt vir die Algemene Reglement van 1824 was, noem ons verder die volgende :- Die getrouheid van die kerk aan die Kaap aan die beginsels van Dordt tree juis ook aan die lig as ons die Algemene Reglement van 1824 vergelyk met die Reglement van 1816 wat as grondslag vir eersgenoemde gedien het. Die kollegialistiese Reglement van 1816 wat op onverklaarbare wyse as basis by die opstel van 'n eie reglement geneem is, is grondig verwerk in die Algemene Reglement van

.....289/ 1824.....

$ Bouwman H : Gereformeerd Kerkrecht I, p. 312. Kampen. 1928.

$$ Spoelstra C : Bouwstoffen I, p. 54.

$$$ Theal L Mc. Call : a.w. p. 137.

$$$$ Spoelstra C Bouwstoffen I. p. 285.

$$$$$ Moorrees A : a.w. p. 62.

1824 aan die Kaap. Om dit aan te toon ag ons dit voldoende om die twee Reglemente net ten opsigte van die vier hoofkenmerke van die Presbiteriaal-Sinodale stelsel van kerkregering te toets.

(a) Eerstens gaan hierdie stelsel van kerkregering uit van die selfstandigheid van die plaaslike kerk en is dit ook die uitgangspunt vir die gereformeerde kerkregering. Soos ons vroeër daarop gewys het is die plaaslike kerk met sy eie ampsdraers, die kerkraad, 'n volledige selfstandige kerk en hierdie selfstandige kerke vorm dan weer kerke in klassikale of ringsverband en 'n kerk in sinodale verband. Hierdie patroon is ook deur die Sinode van 1824 gevolg, naamlik :- „Het bestuur der Hervormde Kerk word uitgeoefend, gemeentelyk, ringsgewyse en synodaal." Die Reglement van 1816 Art. 3 bepaal hierteenoor :- „Het bestuur der Hervormde Kerk word synodaal, provinciaal, classikaal en gemeentelyk uitgeoefend." $ Deur hierdie ingrypende afwyking van die Reglement van 1816 het die sinode volle erkenning aan die mindere vergaderinge en die selfstandigheid van die plaaslike gemeentes toegesê en dié gedragslyn is alleen te verklaar uit hoofde van die feit dat die Kerk aan die Kaap van huis uit pluralisties- en gereformeerd georiënteerd was en die Dordtse Kerkorde as „fundamentele stuk" met bindende krag vir die regering van die kerk beskou.

In hierdie verband is dit besonder insiggewend dat die Moderator en die Sekretaris van die Sinode van 1824 onmiddellik na die Sinode onder andere die volgende versoek tot die Goewerneur gerig het :- " ........ and that also may be put to the press to be distributed the General Church Ordinances of the National Synod Dordrecht of the year 1619 for the Nederland church, which is a fundamental document of all the regulations of our church to which we are all bound to conform." $$

(b) Die tweede kenmerk van die gereformeerde stelsel wat ook in die Reglement van 1824 in ere gehou is, is die erkenning van die drievoudige amp van leraar, ouderling

....290/.., en diaken...

$ Van Loon J.C.A. : Het Algemeen Reglement van 1816. Wageningen. 1942. p. 90.
$$ Dreyer A : Bouwstowwe . p. 259.

en diaken. Die Reglement van 1816 verleen in teenstelling hiermee feitlik geen erkenning van laasgenoemde twee ampte nie (volgens Arts. 17, 31 en 55).

(c) Die derde belangrike kenmerk van die gereformeerde stelsel in verband waarmee die Sinode van 1824 die beginsels van 1618 bo die van 1816 verkies het, is die beginsel van kerklike gesag. Volgens die Reglement van 1824 word op gereformeerde grondslag en, soos trouens die Kerkorde van De Mist dit ook bepaal het, die kerklike gesag uitgeoefen deur die ampsdraers van die kerke naamlik (I) plaaslik deur die Kerkraad, en (II) gesamentlik in die meerdere vergaderings of besture deur afgevaardigdes van die selfstandige kerke.

Die Reglement van 1816 het die beginsel van afvaardiging van vrye kerke oorboord gewerp en die hiërargiese patroon van kerkregering gevolg.

(d) Wat die gereformeerde beginsel van 'n vrye kerk in 'n vrye staat betref het die Reglemente van 1816 en 1824 nie van mekaar verskil nie maar dit moet stellig toegeskrywe word aan die uitoefening van die historiese patronaatsreg deur die owerheid wat in dié verband afsonderlik op albei Reglemente ingewerk het.

Ook die beroemde Sinode van Dordt het soos ons daarop gewys het tot groot onsteltenis van Voetius aan die destydse greep van 'n mate van staatsoorheersing nie ontkom nie.

Dit is in elk geval duidelik dat die Sinode van 1824 ten spyte van uiters ontmoedigende omstandighede die Gereformeerde stelsel van kerkregering so suiwer as moontlik gehandhaaf het.

Daarom kon Prof. B.B. Keet in 1924, nadat hy die regeringsvorm van die Ned. Gereformeerde Kerk aan die Gereformeerde beginsels getoets het, skrywe :- „Nu kan men het betreuren dat onze kerkinrigting voor haar model niet terugging tot de Dordtse Kerkenordening, maar het resultaat van ons ondersoek is, dat de regeringsvorm van de Ned. Gereformeerde Kerk, ondanks de vele onvoordelige omstandigheden welke hare geboorte omgaven en hare ontwikkeling bemoeilikten, niet in stryd is met de beginselen van het Gereformeerde Kerkrecht." $

......291/... Die invloed .......

$ Keet. B.B. <u>Na Honderd Jaar</u>. bls. 22 en 26. Stellenbosch 1925.

## DIE INVLOED VAN DE MIST EN DIÉ VAN SY KERKORDE OP DIE KERK AAN DIE KAAP.

'n Man wie sê invloed op die kerk aan die Kaap en die totstandkoming van die Sinode van 1824 nagegaan moet word is dié van J.A. De Mist.

Daar heers onteenseglik skerp verskil van mening omtrent hierdie man en sy invloed in verband met die kerk aan die Kaap.

Ons het ook baie ernstig onder die indruk gekom van groot misverstand en onsekerheid wat daar vir baie jare lank geheers het i.v.m. die staatsfilosofiese en ook kerlik-godsdienstige opvattings van De Mist en die invloed wat dit op die Kerk aan die Kaap gehad het.

Prof. Moorrees skryf b.v. dat De Mist as lid van die Nasionale Vergadering in Nederland aan die party van die gemagtigdes behoort het maar dan voeg hy daarby „ook hierdie gematigdes was die beginsels van die Revolusie (Franse) toegedaan; en dus kan dit ons geensins verwonder dat die Kerkorde deur De Mist opgestel, geheel die gees van die Rewolusie adem nie. $

'n Verklaring van Dr. H. van Broekhuizen $$ kom daarop neer dat De Mist aan die Kaap deur sy Kerkorde twee onmoontlike dinge probeer regkry het. t.w. -

(1) Om kerk en staat van mekaar te skei en -

(2) Die kerk heeltemal ondergeskik te maak aan die staat.

Dr. P.J. van der Merwe $$$ is van mening dat De Mist die kerk ernstig gekortwiek het deur die toepassing van die beginsel van absolute ondergeskiktheid van die kerk onder die staat ten opsigte van kerkregering en kerklike administrasie.

In verband met Art. 46 van De Mist se Kerkorde kom Dr. J.P. Jooste tot die gevolgtrekking :- „Uitdruklik staan hier dat die (Algemene) kerkvergadering die goewerment moes

.......292/.. dien, eers...

$ Moorrees A : a.w. p. 450.
$$ Van Broekhuizen H.D. Dr. Die wording geskiedenis van die Hollandse Kerke in Suid-Afrika 1652 - 1804. Pretoria. 1922 p. 144.
$$$ Van der Merwe P.J. - Die Kaap onder die Bataafse Republiek. Amsterdam. 1926. p. 209.
$$$$ Jooste J.P. : Kerk en Staat, Bloemfontein. 1946. p. 107.

dien, eers net by wyse van proefneming" en verder „om die Goewerment dus meer houvas op die kerk te gee het De Mist die Algemene Kerkvergadering toegstaan." $

As die Kerkorde van De Mist „geheel die gees van die Franse Rewolusie geadem" het en dit die kerk „heeltemal ondergeskik aan die staat" gemaak het en as dit waar is dat De Mist van die te worde gestigte Algemene Sinodale Vergadering 'n dienskneg van die Staat wou maak, dan moes De Mist se staatsfilosofie dié van die Franse Rewolusie en ook geheel en al absolutisties gewees het en dan moes sy optrede alleen gevaar vir die kerk ingehou het ook toe hy vir die Kerk aan die Kaap in 'n lang gekoesterde ideaal voorsien het toe hy vir hulle 'n Sinodale Vergadering in die vooruitsig gestel.het.

In sy nuutverskene werk, The Political Philosophy of J.A. De Mist laat Prof. A.H. Murray verrassende, nuwe lig val op hierdie man se pluralistiese agtergrond; sy staatsfilosofiese denke en sy besondere sin vir die handhawing van historiese kontinuiteit met die pluralistiese beginsels waarop die Unie van Utrecht gebou is en waaruit die State-Generaal weer sy ontstaan gehad het.

Die diepgaande filosofiese studie wat Prof. Murray en andere gedurende die laaste jare omtrent politieke pluralisme gemaak het en wat Prof. Murray onlangs van De Mist gemaak het, is o.i. bereken om aan almal wat daarin belangstel 'n nuwe, opgewekte waardering van die grondslae van ons staatkundige en godsdienstige vryheid in te boesem en miskien ook 'n nuwe wending te gee aan ons opvattings in verband met die diep filosofiese en teologiese beginsels wat daaraan ten grondslag lê.

Om die invloed van De Mist aan die Kaap, en in besonder op die kerklik-godsdienstige lewe daarvan, so suiwer as moontlik te probeer bepaal wil ons in teenstelling met die werke van ander skywers wat ons geraadpleeg het en waaruit ons aanhalings gedoen het, besondere aandag skenk aan genoemde insiggewende werk van Prof. Murray. $$

.....293/. Daarin....

$ Jooste J.P. : a.w. p. 143, 144.
$$ Murray A.M. Prof. Dr. The Political Philosophy of J.A. De Mist - A Study in political pluralism. Cape Town. 1962.

Daarin gee die skywer o.a. 'n uiteensetting van die sterk pluralistiese inslag wat deurgaans die optrede van De Mist tydens die Regering van die Bataafse Republiek in Nederland gekenmerk het veral omdat hy self so sterk pluralisties geörienteerd was en in sy optrede historiese kontinuiteit met die groot pluralistiese verlede van sy volk gehandhaaf het.

Sy toesprake in die Nasionale Vergadering in Nederland toon duidelik aan hoedat hy tussen die nuwe denkbeelde van die gesagstaat soos dit deur Machiavelli, Bodin, Le Bret en Hobbes gepropageer is, en vir die ou beproefde pad van politieke kontrakverband en korporatiewe selfstandigheid kant gekies het.

De Mist was bekend met die beginsels van politieke pluralisme en regsoewereiniteit van die laat-middeleeue en die Hervorming.

In sy tuisland was hy destyds in die hitte van die stryd tussen twee botsende magte in die Nasionale Vergadering wat in die Nederlande aan die bewind was. Aan die eenkant was daar die groep wat aanhangers was van die historiese beleid van provinsiale outonomie, desentralisasie van regering, handhawing van die beginsel van kontrak tussen die konstituerende liggame van die Republiek terwyl ruimte vir groter handelsvryheid en persoonlike inisiatief gelaat was.

Aan die anderkant was daar die rewolusionêre groep onder invloed van die Franse Rasionalisme. Hulle wou 'n sentrale regering hê wat die beliggaming van die volkswil moes wees. Die Historiese outonome provinsies moes deur 'n stelsel van administratiewe gebiedsdepartemente vervang word.

In die Nasionale Vergadering het De Mist die outonomie of soewereiniteit van die provinsies verdedig. Daarby het hy ook die outonomie en die integriteit van die kerk teen staatsoorheersing voorgestaan en die kerk ondersteun.

.....294/.. In sy.....

In sy handhawing van die beginsels van die pluralisme het De Mist die politieke tradisies van die Nederlande uitgevoer soos dit beliggaam was in die Unie van Utrecht van 1579 toe die Nederlande sy korporatiewe onafhanklikheid verkry het en in die Plakkaat van Verlatinge van 1581 waarin die Nederlande sy politieke kontrak met Philip van Spanje verbreek het en sy eie stelsel van onderlinge kontrakverhouding in die lewe geroep het.

Die belangrikheid van De Mist was geleë in die feit dat hy altyd sy perspektief bly behou het en historiese kontinuiteit bewaar het. Hy het altyd uitgegaan van die beginsels van die Unie van Utrecht. Die beginsels waarop die Unie van Utrecht gevestig is vat Prof. Murray kernagtig soos volg saam :- "The Union of Utrecht was re-affirming and continuing the principles which were being challenged by Bodin's theory of sovereignty and by the practise in every European Country. The Union stood apposed to a politics of absolutism promoted by Machiavelli's influence in Europe and especially in France. It maintained the old position of public power as a trust for it was based on the theory that God had entrusted public power on conditons to the King. On this theory the central political power (not the state, for that conception was not yet current) had not the last word and was not the final court of appeal, for its authority and powers were defined, and so limited, by the terms of the contract and the prescriptions of fundamental law. Much less was the central authority the source of law. The Union was the embodiment for later liberty-loving peoples, of the divices of check- and- balance in government and administration between the corporations of the people, and the King, or central authority. It upheld the sovereignty of law by opholding the autonomy of its constituent members. The contracting parties believed, firstly, that natural or divine law is the final court of appeal, and, secondly, that God had given each people its own law. The Union perpetuated the principles of rights and liberties of the middle ages by perpetuating the institutions and principles of political pluralism in which today again, in the <u>rechtstaat</u>, a people or corporation finds the safeguards and guarantees of rights and liberties. Against the dominating ..................

..295/.. imnova ......

innovations of absolutism, of the state and of the new conception of sovereignty, the Union maintained the connection between the liberalism of the past and of future centuries." $

In sy eerste toespraak in die Nasionale vergadering op 7 Junie 1796 $$, het hy gepraat oor die heersende probleem van unifikasie of federalisme.

De Mist het hierin sy standpunt gestel wat hy gedurende sy lidmaatskap van die Nasionale vergadering en ook gedurende sy bewindvoering aan die Kaap ingeneem het en konsekwent uitgebou het.

Terwyl sommige van die verteenwoordigers van die Nasionale vergadering beweer het dat die blote totstandbrenging van 'n Nasionale Vergadering deur die steun van die volk sentralisasie bo federalisme verkies het, en ook terwyl hulle die kontrakverhouding tussen provinsies onderling en tussen provinsie en sentrale regering ontken het en nasionale welvaart met sentralisasie van administrasie voorgestel het, het De Mist reeds in sy eerste redevoering die volgende drie sake duidelik gestel en bepleit, naamlik:

(i) Hy was duidelik gekant teen enige vorm van Etatisme of staatsosialisme soos ons dit vandag sou noem;

(ii) Hy het die politieke verhouding van die konstituerende provinsies van Vaderland as 'n kontrakverhouding gesien en hierdie kontrakverhouding het hy gesien as 'n suiwere pluralisme te midde van 'n federale eenheid.

(iii) Daarby het De Mist dit ook duidelik gestel dat die hele politieke situasie op die basis van regsoewereiniteit ingestel is en moet wees en nie op die basis van die willekeurige wil van 'n persoon of 'n regerende meerderheid van persone nie. $$$

In verband met sy keuse tussen sentralisasie en desentralisasie en tussen die soewereiniteit van die staat en wat dit ook in die volksplanting aan die Kaap ingehou het en regsoewereiniteit, skrywe Prof. Murray : „De Mist had no hesitation about the line he adopted, and the prin-

.......296/... ciples....

$ Murray A.H. Prof. The Political Philosophy of J.A. De Mist a study in political pluralism. pp. 35. 36. Cape Town. 1962.

$$ De Mist. Dagverhaal. Deel II. p. 50. Soos aangehaal deur Prof. A.H. Murray in sy The Political Philosophy of J.A. De Mist. p. 65.

$$$ Murray A.H. : a.w. oor De Mist p. 66.

ciples of sovereignity of law and of pluralism which he planted in the open veld of South Africa survive in its political philosophy to the present day." $

Dit lê nie op ons pad om die politieke implikasies van De Mist se beleid in Suid-Afrika te skets nie maar wel die kerklike aspek daarvan.

As voorsitter van die kommissie in verband met die Deklarasie van Regte en Pligte van Mense in Nederland het De Mist in Art. 19 die feit beklemtoon dat die gemeenskap die aanbidding van die Opperwese eerbiedig en ook die weldadige invloed wat dit op die deugde en goeie sedes het en dat langs dié weg goddienstige vryheid gehandhaaf word. $$

